

**CC 482/85**

# **BETOOG**

**STAAT vs BALEKA  
EN ANDERE**

2

MANKWENG

1. Algemeen

1.1 Vorster getuig dat die bevo~~K~~king van Mankweng 7-8000 is.  
Vol. 114 p.5683

1.2 Voor 1985 het die SRC by U.N. bestaan uit AZASM en  
AZASO-lede, maar van 1985 is die hele SRC deur AZASO oorge-  
neem.

Vol. 114 p.5691.

1.3 Voster getuig dat van Oktober 1984 tot Augustus 1985 het  
hy gekry dat as hy na U.N. gaan, veral op herdenkingsdae soos  
Sowetodag, Meidag, en Vrouuedag (9/8), word paaie toegepak en  
dan skree studente vir hom "You will burn", "you will die" en  
"you will shit".

Vol. 114 pp.5694-6.

*Kaatsela*

1.4 Al die ~~R/C~~ het bedank en MACA het die dorpsbestuur  
oorgeneem en 'n sg. "Mandela Park" ingerig.

Vol. 114 p.5704.

2. Maart 1985 se gebeure

2.1 Vorster het in Maart 1985 beslag gelê op ongeveer 200  
pamflette "Over to killed in P.E." die "day of moarning" op  
28 Maart 1985, waarvan die pamphlet melding maak, was nie in  
Mankweng gevier nie.

Vol. 114 p.5690 en bewyssstuk ABA.9.

3. 13 April 1985 se gebeure

3.1 Vorster sien vanaf "de Lange en Seun Horlosiemakers" in die hoofstraat van Pietersburg op die kantore van N.Tvl Council of Churches (bokant Guys and Girls). Die kantore van SAAWU is ook daar geleë.

3.2 Hy sien -

- (i) Rejoice Mabudafasi - notule - sekretaresse van UDF Koördinerende Komitee (NTvl) en ook vroue-organi-seerder van MACA.
- (ii) Louis Aaron Nguni - sameroeper van UDF NTvl se koördinerende Komitee en voorsitter van MACA.
- (iii) Peter Ramoswana Mokaba - tesourier en organiseerder van UDF NTvl. Koördinerende Komitee, beskermheer van MYCA en (hy is lid van ANC gewees.) Vol. 114 p.5684-5. *Skurk, tydskrif, 1985, nr. 114, p. 5684-5*
- (iv) Itumuleng Phule - lid van AZASO - U.N. tak.

3.3 Phule en die andere het na 'n ruk uit die kantore gekom. Phule het 'n plakkaat "Release Mandela and all political prisoners"; Mabudafasi het twee plakkate gedra - "Long live UDF - Ban Apartheid" en "Stop tearing us apart"; en Mokaba het 'n plakkaat "SADF get out of Langa" gehad.

Mokaba het 'n RMC-T-hemp, Mabudafasi 'n DPSC-T-hemp en Phule 'n AZASO-T-hemp, gedra.

Nguni het geen plakkaat gedra nie, maar hy het aan optog deelgeneem. Sewentien persone is dié dag met plakkate arresteer - fotos AAY35-41 verwys.

Vol. 114 p.5685.

Foto's AAY 42-46 is van die optog en persone.

3.4 Op foto's is o.a. Edward Maduneng - hy het einde 1.9.85 die land verlaat. Langs hom is Vincent Nxolise Mahlalela - hy is gedurende 1985 vir terrorisme gearresteer en het ontsnap uit selle.

Vol. 114 p.5689.

Dit was 'n betoging teen Polisie en weermag optredes te Mankweng en landswyd.

Vol. 114 p.5689-90.

3.5 In April het hy beslag gelê op pamflette - dit was in die eetsale, en in lesingsaal K - bewysstuk ABA10 - "Mobilise, Mobilise, Mobilise, 1985 Year of the Cadre" - 1985 is deur die ANC as "year of the Cadre" verklaar.

Vol. 114 p.5691.

#### 4. 1 Mei 1985

4.1 Op 1 Mei 1985 het Vorster slagspreuke aangetref by die U.N. - "ANC", "MK", "SACP", "SACTU" en so ook by die Hwiti Hoërskool te Mankweng.

Vol. 114 p.5692-94.

5. 5 Junie 1985 se gebeure

5.1 Vorster het getuig dat hy in Junie 1985 beslag gelê het op C134 - die pamphlet was met lyste van huis na huis en na die Lutherse Kerk geneem - dit handel oor 'n boikot van polisie en is uitgegee deur MACA, MYCO, COSAS, AZASO, FEDTRAW en SAAWU.

Vol. 114 p.5696.

*aanstaande  
van  
van  
ver  
tien.*

5.2 Dreyer getuig dat hy in die kamer van ene Goodwin Socikwa by die U.N. beslag gelê het op bewysstuk ABA27 "SRC", W42 - "UDF News", W34 - "Challenge", AE32 "Tsogangbasadi Women Awake", en ABA28 - "SRC-grondwet", ABA29 - "AZASM-struggle", ABA30 - "We Dip Our Banner In Salute" - ABA31 - "National Democratic Struggle - S Mafumadi", ABA32 "Nkomati and Obstacles", ABA33 - "We must organise ourselves".

5.3 Socikwa is 'n lid van AZASO en Publisiteitsekretaris van die SRC van U.N.

Vol. 114 p.5722-3.

5.4 Dreyer het verder ook in die kamer bewysstuk ABA34 - "Nelson Mandela will be 65 years", ABA35 - "Statement of NEC of ANC 8/1/84", en AAF7 - "Mayibuye 8/1983" gevind.

Vol. 114 p.5724.

6. 16 Junie 1985

6.1 AZASO het te Studentesaal U.N. om 14h00 en MACA, MYCO, COSAS het in die Lutherse Kerk vergader vir die herdenkingsdiens, ook om 14h00. Om 17h00 het die dienste verdaag.

*Mense  
for op  
oos,  
"Free  
Zone*

Studente het uit U.N. in Mankweng in beweeg. Die skoliere het vanaf Lutherse Kerk opbeweeg na die kampus. Die groepe het mekaar net buite U.N. se hekke ontmoet. 900-100 was bymekaar en hul het vandaar na Mankweng se SAP stasie beweeg. Hul skree en sing vryheidsliedere "Viva ANC", "Tambo", "Long live the ANC". Hul gooи by SAP-stasie die met klippe en die Lebowa polisie verjaag hul met karwatse. Die groep vlug toe na U.N., her-groepeer by die hek en sing vryheidsliedere en bring padversperrings aan - met konkreteblokke, kragpale en enigiets wat hul hul hande op kon lê. Hul gooи ook privaatvoertuie en SAP-voertuie met klippe wat verby beweeg. Hul versper ook die ander toegangspaaie na U.N. en vyf petrolbomme is na karre gegooi. Om 19h30 is die groep na die stafkafeteria en het die plek geplunder en verwoes.

Vol. 114 pp.5705-6.

6.2 Skade by die stafkafeteria was ± R12 000. Vorster en die Lebowa-polisie kry toegang tot U.N. en Vorster het gesien hoe studente vandaar na die studentekafeteria is en die plunder en verwoes en probeer om dit aan die brand te steek. Skade ± R12 000.

6.3 In die proses is een Shadrack Mofokwane - 16-17 jaar oud doodgeskiet deur die Lebowa-polisie - hy was 'n skolier, nie 'n student van U.N. nie. Vier studente was beseer en arresteer.

6.4 Die studente boikot toe klasse tot na die heropening van die skole op 9 Julie 1985. Hul stel 'n eis dat alle arresteerde studente vrygelaat moes word.

Vol. 114 p.5707.

6.5 Vorster sê dié vergaderings was adverteer met pamflette uitgereik deur AZASO en MYCO onderskeidelik wat by die studentesentrum aangebring was.

Vol. 114 p.5715.

6.6 Namens die Verdediging het net een getuie t.o.v. Mankweng getuig, nl. E T Mahlalela.

6.6.1 Hy het laat by die byeenkoms in die Lutherse Kerk opgedaag, volgens hom, en het net een spreker hoor praat, nl. Willie Letswalo - ene mnr Manale het daarna gebid en dit was die einde van die vergadering.

Vol. 405 pp.23621-3.

6.6.2 Hy beweer die vergadering waar hy by was, was deur MACA gereël en hy het eers om 14h15 opgedaag, maar om 15h30 was hy al weer op pad (na die vergadering) by 'n ander huis.

Vol. 405 p.23623.

6.6.3 Alhoewel hy geen horlosie het nie, getuig hy, hy was 19 minute lank by die huis voor hy en ene Shadrach Mofokwane weg is na sy huis.

Vol. 405 p.23623.

6.6.4 Terwyl hul stap, sien die getuie drie polisie voertuie van voor af aankom, hy sien ook van die een systraat kom 'n groep lawaaiende studente aan uit die rigting van die Universiteit van die Noorde se terrein en hy merk ook dat uit die 3de rigting kom nog polisie voertuie aangery.

Vol. 405 pp.23624-7.

6.6.5 Die getuie beweer dat hy toe nie weet welke rigting om te vat nie, en toe maar in die rigting van die lawaaiende studente is en by hul aangesluit het (saam met Mofokwane).

Die polisie kom toe nog nader gery en hy en die studente hardloop toe in die universiteitsgronde in. Daar ontmoet hy vir Shardach en Moses en hul gaan toe op uitnodiging van Joel Ramokgopa, 'n student, na dié se kamer waar hul gebly het en 'n lawaai en 'n skietery gehoor het.

Vol. 405 pp.23626-8.

6.6.6 Na dit stil geword het, (na 'n paar uur), is hulle uit Joel se kamer en met die trappe af, geleei deur Shadrack Mofokwane, met Moses net agter Shadrack.

Op 'n sekere plek terwyl hul afstap, het Shadrack stilgestaan en toe getuie kyk, sien hy die polisie op 'n voertuig en die skiet. Shadrack en Moses is gewond. Shadrack is toe deur getuie gehelp tot naby die toilette en later is hy vervoer na die hospitaal. Shadrack is later oorlede.

Vol. 405 pp.23629-31.

6.6.7 In kruisverhoor gee die getuie toe daar is goed wat Letswalo by die vergadering gesê het wat hy nie meer kan onthou nie.

Vol. 406 p.23636.

6.6.8 Mahlalela se getuienis oor wat Letswalo sou gesê het en dat hy nie vir die mense gesê het waarom hul moet verenig en vir welke doel nie, is ongeloofwaardig.

Vol. 406 p.23637.

6.6.9 Ook dat daar nie op dié dag ooit gepraat is oor die jeug, skole en skoolprobleme nie, is ongeloofwaardig. Die stukkie getuienis dat die voorsitter 'n groep wat van Mandela en Tambo gesing het, stilgemaak het, is eweneens ongeloofwaardig - waarom is die getuienis nooit in hoof aangebied nie - dit staaf tog prima facie die Verdediging se verweer dat hierdie nie 'n vergadering was waar oproepe tot geweld gemaak is nie, want selfs die sing van liedere oor Mandela is gestop.

Vol. 406 pp.23637-8.

6.6.10 Letswalo wat op die vergadering gepraat het, was 'n lid van MACA.

Vol. 406 p.23638.

6.6.11 Dit is duidelik uit die getuienis van Mahlalela dat hy daarop uit is om te probeer weerlê dat die vergadering eers om 17h00 geëindig het - hy gee, sonder 'n horlosie, selfs skattings van 19 minute.

Vol. 406 p.23623.

6.6.12 Mahlalela se poging om te verduidelik waarom en hoe hy by die studente uitgekom het, is alles behalwe geloofwaardig:

- (a) Hierdie getuie, volgens hom, loop onskuldig saam met 'n ander skoolmaat in die straat toe hul polisie voertuie teëkom.
- (b) Hy maak geen, maar gèèn bewerings, dat die polisie gewelddadig opgetree het of gedreig het daarmee nie.
- (c) Hy beweer nie eers die polisie het van hom en sy vriend notisie geneem nie.

- (d) In plaas van om óf stil te staan, óf verby die polisie te loop, loop hy na die groep van 200 studente toe wat in die pad al lawaaiende na die polisie loop.
- (e) In plaas van om selfs verby die singende studente te stap, gaan sluit hy en Shadrack Mofokwane by dié studente aan.
- (f) Hy kon geen verduideliking vir hierdie gedrag van hom gee nie.  
Vol. 406 pp.23640-45.

6.6.13 Dit word betoog dat dié enkele getuie van die Verdediging se getuienis oor die gebeure op 16 Junie 1985 verworp behoort te word, en dat die hof die getuienis van Kaptein Vorster, wat 'n baie goeie getuie was, se getuienis aanvaar oor die gebeure net na die vergaderings.

6.6.14 Mahlalela se getuienis oor wat gebeur het na sy aankoms by die kampus van U.N., is ewe ongeloofwaardig:

- (a) Hy ontmoet Joel, 'n student, en die vra nooit vir getuie wat maak hy, 'n skolier, tussen die studente nie, maar nooi hom onmiddellik na sy kamer.

Vol. 406 p.23645.

- sy opblous was  
betrek*
- (b) Die polisie skiet, na alle geweld oor is, vir Shadrack en Moses in die koshuis toe hul rustig en stil uit die kamer van Joel kom.

(c) Dit word betoog om die tyd op te maak tussen ± 15h30  
(toe die vergadering geëindig het volgens Mahlalela),  
en na 17h00 (toe Shadrack geskiet is), getuig  
Mahlalela oor die skietery en lawaai wat vir meer as  
2 ure aangegaan het terwyl hul in Joel se kamer sou  
gesit het. Die hele tyd wat hul in die kamer was,  
het hul nooit belanggestel om eers by die venster  
uit te kyk watse skietery en lawaai gaan aan buite  
nie.

Vol. 406 p.23647.

6.6.15 Dat Mahlalela lieg oor die kamer van Joel waar hul  
sou wees, blyk uit die feit dat hy eers getuig die kamer was  
op die derde vloer - (vol. 405 p.23628) - en dan in kruis-  
verhoor word dit die 4de vloer.

Vol. 406 p.23648.

6.6.16 Mahlalela het nêrens gaan rapporteer dat hy 'n getuie  
was tot Shadrack Mofokwane onskuldig deur die polisie doodge-  
skiet is nie.

Vol. 406 p.23652.

6.6.17 Mahlalela is ooglopend 'n uiters bevooroordeelde getuie  
- hy het eerstens nooit probeer verneem of sy vriend Shadrack  
te Groothoek, (of enige ander plek), oorlede is nie, hy sê net  
dat hy wel oorlede is, en hy het nooit geweet dié vriend van  
hom is 'n lid van MAYCO nie.

Vol. 406 pp.23653-4 en

Beweysstuk C.134 p.1.

7. 26 Junie 1985 se gebeure:

7.1 Pamflette was versprei in Mankweng - C135 (met lyste).

By U.N. se kampus is beslag gelê op die dokumente. Die pamflette handel oor 16 Junie se gebeure en eis die boikot en onttrekking van polisie. Dit was uitgegee deur MACA, MAYCO, COSAS, AZASO, SAAWU.

Vol. 114 p.5697.

8. 14 Julie 1985 se gebeure:

8.1 MAYCO hou vergadering in Lutherse Kerk, Mankweng. Dis bygewoon deur ± 300 persone waaronder ook AZASO en COSAS-lede, AZASO, COSAS en MAYCO-T-hemde was gedra deur van die aanwesiges.

8.2 Lebowa polisie het aan Peter Mokaba gesê dat daar 'n verbod op hierdie vergadering is en hul uiteen moet gaan. Hul versprei toe en gooi die polisie met klippe. Lebowa se polisie verjaag die massa en arresteer 40 vir openbare geweldpleging. Polisie-voertuie is met die klipgooiery gering beskadig.

Vol. 114 p.5708.

8.3 Mokaba het vir die polisie gesê dit is 'n MAYCO-vergadering toe die polisie gesê het daar is 'n verbod op dié vergadering.

Vol. 114 p.5715.

8.4 Op 14 Julie 1985 is in die kamer van Frans Mohlala, in sy teenwoordigheid, gevind:

Bewysstuk A1

ABA36 - "Nominations for REC Tvl".

ABA37 - "Freedom Charter".

ABA38 - "Draft Program NTvl. Youth W/shop 22-23/6/85".

ABA39 - "Come to launch of Youth Year".

ABA40 - "COSAS - dokument van 7/10/84".

ABA41 - "Call to residents" van die Mankweng Residents Organisation.

ABA42 - "N.Tvl. Co-ord. Committee 21/2/85".

ABA43 - "Plakkaat - UDF - Dont Vote".  
Vol. 115 p.5728.

ABA44 - "May-Day van CRIC".

ABA26 - "Memo of Changing Political complex on N.Tvl."

ABA29 - "n Boek".  
Vol. 115 pp.5727-32.

9. 16 Julie 1985 se gebeure:

9.1 Kaptein Erwee het getuig dat hy in die slaapkamer van Peter Molialea beslag gelê het op foto's "AAY47 en 48" (foto's oor die vrylating van Peter Mokaba).

Vol. 115 pp.5732-38.

9.2 Op die foto's verskyn Mokaba, Happy Joyce Mashamba, Jerome Maake, Rejoice Mabudafasi, Blessing Maphela, Aaron Njuni, Frans Mohlala.

Vol. 118 pp.5732-38.

9.3 Foto's AAY49-51 (wat op dieselfde geleentheid op beslag gelê is), is foto's wat geneem is in die Presbiteriaanse Kerk, Mankweng met die stigting van DESCOM gedurende Maart-Julie 1985. Vol. 115 p.5740.

9.4 Mense geklee in RMC- en MAYCO-T-hemde het die vergadering bygewoon.

Vol. 115 pp. 5740-1.

9.5 Op die foto's herken hy Kagiso Kladi van die MAYCO-bestuur, Frans Mohlala, Jerome Maake en Nikisi Lesofi.

Vol. 115 pp.5742-3.

10. 25 Julie 1985 se gebeure:

10.1 Vorster het getuig dat hy na die kamer van Louis Aaron Nguni te Exelcior Huis in Mankweng is. Nguni was 'n dosent in wysbegeerte te U.N. Hy het beslag gelê op dokumente -

C133 - "Onslaught against peoples organisations".

ABA11 - "ANC Struggle Update 1/85".

ABA12 - "Women's Charter".

ABA13 - "MACA-Konstitusie" in die handskrif van Peter Mokaba.

ABA14 - "ANC speaks".

ABA15 - "Yosuf Dadoo".

W44 - "UDF News Aug.84".

W35 - "ADAC News - Julie 84".

ABA16 - "UDF Exec. Committee".

ABA17 - "Report UDF N.Tvl 3/2/85",

ABA17 *is* 'n Dokument deur Frans Mohlala geskryf.

- ABA18 - Getikte weergawe van ABA17.
- ABA19 - UDF brief aan "all affiliates".
- ABA20 - Brief van Valli, geteken deur Mashatile.
- ABA21 - "No cause to celebrate".
- ABA22 - "Branch exec. committee UDF".
- ABA23 - "Draft budget UDF N.Tvl".
- ABA24 - Gala Notaboekie van Muguni in Nguni se hand skrif.

Vol. 114 pp.5698-5703.

10.2 Erwee was by toe beslag gelê is op die dokumente by Louis Nguni. Hy handig bewysstuk ABA45 in - Dis by Nguni gekry.

Vol. 115 p.5743

10.3 Ook is op bewysstuk AAY52-54 beslag gelê op dieselfde geleentheid - foto's agterop "Kodak datum Okt. 83". Aldrie foto's is geneem te Lutherse Kerk, Mankweng.

Dit was adverteer in Mankweng dat MAYCO op 16 Oktober 1983 gestig sou word in die Lutherse Kerk. Getuie sê hy het observasie buite die kerk gehou en herken op foto's van die bestuurslede van MAYCO.

Vol. 115 p.5746.

10.4 Hy herken ook vir Calvin Motiwana, Rejoice Mabudafasi, Louis Nguni, Frans Mohlala op ABA52".

Vol. 115 pp.5746-7.

10.5 Hy herken op bewysstuk ABA53-54 ook vir Nguni, Crous Mabudafasi (die seun van Rejoice) en Frans Mohlala.  
Vol. 115 pp.5747-50.

In kruisondervraging sê Erwee hy kan nie die hof verseker dat fotos AAY52-54 wel by MAYCO stigting geneem is nie.  
Vol. 115 p.5751.

|| Kan ook nie sê AAY49-51 wel met DESCOM se stigting geneem is nie.

|| Vol. 115 p.5751.

#### 11. 31 Julie 1985 se gebeure:

11.1 Vorster het beslag gelê op bewysstuk ABA25 "AYVIVE" - wat versprei is op die kampus van U.N. By blok K en J was dit teen die mure opgeplak. Ook by kennisgewingbord MBA en SRC kantore was dit opgeplak. Ook by Mankweng se poskantoor was dit opgeplak.

Vol. 114 pp.5704-5.

11.2 Vorster het ook saam met bewysstuk ABA25 beslag gelê op bewysstuk C130 "Pledge solidarity with Mankweng Hwiti Students" - uitgegee deur MACA, MAYCO en COSAS.

Vol. 114 p.5709.

12. Gebeure van 8-10 Oktober 1984:

12.1 Op 8 Oktober 1984 het A/O Kruger beslag gelê op pamflette, dit was van huis tot huis versprei - ABA57.  
Vol. 121 pp.6054-5.

12.2 Op 9 Oktober 1984 was die dorpsraadsverkiesings te Mankweng gehou.  
Vol. 121 p.6055.

12.3 Raadslede Mohale en Matsitela het op 10 Oktober 1984 bewysstuk ABA58(i) en (ii) en ABA59(i) en (ii) aan Adjudant Offisier Kruger oorhandig.  
Vol. 121 p.6055.

13. 3 September 1985 se gebeure:

Luitenant Van Dyk het getuig dat hy op 3 September 1985 na U.N. gegaan het en daar beslag gelê het op dokumente by die kantore van SRC en AZASO. Bewysstuk ABA60 was afkomstig vanaf SRC kantoor - "AZASO NEC"; ABA62 - "ANC Under ground" was afkomstig uit die AZASO-kantoor. ABA63 - "AZASO News letter 1984" en ABA61 "AZASO News letter 4/10/84".  
Vol. 121 pp.6059-61.

14. Dokumentêre bewysstukke:

14.1 Bewysstuk C69

Uit die eerste dokument is dit duidelik dat MAYCO propageer

dat hul deel is van 'n revolusie. MAYCO maak dit ook duidelik dat hul onder die koördinasie van UDF in die vryheidstryd veg.

Die tweede dokument beklemtoon dat AZASO deel is van die stryd om 'n "Peoples Government" ingestel te kry en dat hul saam met UDF in die stryd veg.

#### 14.2 Bewyssstuk C129: p.2

Uit die verslag van die R.M.C. blyk dit dat die organisasie ook 'n tak te Mankeweng gestig het.

#### 14.3 Bewyssstuk C132 1ste dokument:

Dit is die sg. Northern Transvaal Programme of Action waaruit dit blyk dat 14.3.1 die skepping van nuwe organisasies en uitbouing van bestaande organisasies deel is van die program van organisering van die massas.

14.3.2 Verder is die massas geopolitiseer d.m.v. kampanjes, petisies en massa-vergaderings, werkswinkels, video-vertonings, kasette en publikasies.

14.3.3 Die mobilisasie van die massas is verkry deur betrokke te raak in gemeenskapsorganisasies, deur fondse van die Noord-Transvaalse Raad van Kerke en liefdadigheidsorganisasies te kanaliseer vir eie gebruik, deur massa-vergaderings en byeenkomste te reël en deur met kerklike en kulturele organisasies saam te werk.

*Die voorstaande beslaap Bestuurskomitee  
se gelymers*

*LW !!*

14.3.4 'n Gemeenskapsorganisasie te Mankweng word gestig en die stigting word d.m.v. plakkate en pamphlette adverteer. Dis duidelik gemaak dat organisasies soos MAYCO, COSAS, AZASO, MAC, YCS, SAAWU, TIC en die Mankeweng Ministers Fraternal identifiseer is vir samewerking.

14.4 Bewysstuk C132, 2de dokument: "Memorandum":

Uit die memorandum wat 'n rapport is van wat gedoen is en wat beplan word deur UDF se Koördinerende Komitee, in Noord Transvaal en wat as bewysstuk ABA26 by Frans Mohlala, die President van MAYCO op 14 Julie 1985 gekry is, blyk die volgende:

- (a) Dit word rapporteer dat "Mankweng Town Council was put out of action" - p.1, 3de paragraaf.
- (b) 'n Beroep word gedoen op UDF om Noord Transvaal te erken as 'n eie UDF-Streek - p.1, paragraaf 5.
- (c) Dit word in dié stuk betoog dat 'n eie Noord Transvaalse Streek van UDF dit moontlik sal maak "to co-ordinate our activities and efforts with those of the Southern region thus enabling the struggle to set a new pace and revolutionary fervour, allowing permanent communication and contact, thus over-stretching the enemy's resources beyond his limits." - p.3, laaste paragraaf.
- NB1

(d) Dié organisasies in Noord Transvaal is van oordeel dat hul in 'n "peoples war" is, en bevestig die Staat se betoog dat UDF inderdaad in 'n gewelddadige rewolusie betrokke is.

#### 14.5 Bewysstuk C134-135

Die pamflet wat 'n beroep doen, namens MACA, MAYCO, COSAS, AZASO, SAAWU, FEDTRAW en Ministers Fraternal, op die massas om die polisie te verwerp, is 'n duidelike voorbeeld hoe dié organisasies voorvalle aangryp, die feite, (soos dié oor die dood van Mofokwane), totaal verdraai en dit dan gebruik om die massas teen die veiligheidsmagte op te sweep.

#### 14.6 Bewysstuk C136:

Dit is 'n voorbeeld van hoe COSAS, MAYCO en MACA saamwerk en die aanhouding van skoliere gebruik om die massas op te sweep teen die polisie en Staatsgesag.

#### 14.7 Bewysstuk S20 - Notule van UDF (Tvl) se Uitvoerende Komitee-vergadering van 7 Februarie 1985:

Beskuldigde 21 rapporteer dat hy na Pietersburg is en dat aan hom rapporteer is dat die organisassies daar hul eie streek wil hê en dat hul 'n werkswinkel beplan om hul standpunt te bespreek.

#### 14.8 Bewysstuk W32, p.2, 3de kolom, laaste 2 paragrawe:

SASPU National, Desember 1984:

Dit word in die publikasie bevestig dat COSAS en MAYCO deel-geneem het aan die stryd teen Swart Plaaslike besture en dat hul die bedanking van die raadslede geëis het.

14.9 Bewysstuk W64, p.3, laaste kolom: SASPU National:

Dit word bevestig dat ook te Hwiti die skoliere SRC's geëis het.

14.10 Bewysstuk W68, p.9, kolomme 2-3: The Eye, van Maart 1985:

Hier word rapporteer dat "in Ratanda and Mankweng all the councillors resigned their seats after pressure from the residents and local organisation".

Dit word betoog dat dié aktiewe ondersteuner van UDF bevestig dat die raadslede gedwing is om te bedank.

14.11 Bewysstuk ABA38:

Die Konsep-program vir 'n Noord Transvaalse Jeug-werkwinkel van 22-23 Junie 1985 wat by Frans Mohlala, president van MAYCO, gevind is, toon aan dat vryheidsliedere nie sommer net gesing word soos die Verdediging beweer nie, maar dat daar daadwerklik besin word oor die aanwending van vryheidsliedere en dat liedere spesiaal gekomponeer word.

14.12 Bewysstuk ABA39: Pamflet "Come to the Launch of the IYY":

Dit word betoog dat MAYCO en die UDF Komitee te Mankweng ook deelgeneem het aan hierdie kampanje van UDF.

14.13 Bewyssstuk ABA40: Brief van COSAS gedateer 7 Oktober 1984:

Uit hierdie brief, wat by die president van MAYCO, Frans Mohlala gevind is, is dit duidelik dat MAYCO uitgenooi word deur COSAS om saam te beplan aan die "peoples education" en hoe om die "struggle for ... power" te wen. (p.1).

14.14 Bewyssstuk ABA42: Brief en verslag van die UDF (N.Tvl) Koördinerende Komitee:

Dit word bevestig dat beskuldigde 21 die konferensie van 3 Februarie 1985 bygewoon het en 'n oorsig van die stryd van UDF gegee het.

Dit is ook duidelik dat COSAS, AZASO, MAYCO, SAAWU, UMMAWUSA, en ander organisasies deelgeneem het aan die beplanningskonferensie. Dit is ook bevestig dat 'n area-komitee van UDF gevorm was wat UDF (Tvl) se algemene vergaderings bygewoon het.

'n Verdere konferensie was toe beplan vir 3 Maart 1985.

14.15 Bewyssstuk ABA43: Plakkaat "Don't Vote, forward to Freedom: UDF":

Dit word betoog dat die UDF-koördinerende Komitee en sy affiliale in Mankeweng ook op die hoogte gebring was met die UDF se beleid oor die verkiesings en grondwetlike bedeling.

14.16 Bewyssstuk ABA44: Publikasie van CRIC: "May Day":  
Mohlala van MAYCO en UDF-koördinerende Komitee was ook in besit gevind van hierdie publikasie en dit word betoog dat ook die kampanje rondom werkers, wat deur UDF geloods is, in Mankweng gepopulariseer is.

14.17 Bewyssstuk ABA45: Handgeskreve Notas:

Die notas wat by Louis Mnguni, die sameroeper van die UDF  
Koördinerende Komitee, en voorsitter van MACA gekry is, is  
ex facie die stukke klaarblyklik die toespraak wat by die  
stigting van MAYCO gelewer is op 16 Oktober 1983.

Uit die stuk, word betoog, word duidelik gemaak dat MAYCO (en natuurlik MACA en UDF te (N.Tvl)), deel is van die "revolutionary struggle" (p.1). Hy roep die jeug op tot eenheid in die stryd (p.2), en verklaar op p.3 "If we can succeed to forge unity amongst ourselves, those at school, university, the employed and the unemployed, then we will be in a position (to) move on to educate and prepare the masses for the revolution".

Hy verklaar dat die jeug as die "dynamo of our Rev.(olution)" betrokke moet raak in 'n kondisioneringsprogram wat 'n "liberating education" insluit, welke "education" omskryf word "This education will free the oppressed from fear of freedom. This education will prepare the people for Rev.(olutionary) awareness ..."

14.18 Bewysstuk ABA11 en 14: "ANC Struggle update 1/85" en "ANC Speaks":

Dit word betoog dat samewerking tussen Mnguni van UDF Komitee en (N.Tvl) en die ANC ex facie die stukke en die feit dat hy in besit daarvan gekry is, duidelik spreek. Mnguni het nie kom verduidelik hoe, waar en wanneer hy in besit hiervan gekom het nie. Dit word betoog dat hierdie feit betekenis gee aan die klomp ANC-slagspreuke wat in Mankweng aangebring is.

Uit bewysstuk ABA11 is dit eweneens duidelik dat die ANC die aktiviste oproep tot "All round political mobilisation" wat "educational and agitational work throughout the country" insluit - p.4, 1ste kolom.

Op p.8 maak die ANC, net soos die UDF, dit duidelik dat hul nie in 'n "civil rights-struggle" betrokke is nie, maar 'n bevrydingsstryd.

Bewysstuk ABA14 doen 'n beroep op die ANC-aktiviste om die massas landswyd te mobiliseer en te organiseer en om hulself onregeerbaar te maak. Die massas word gemobiliseer om die "mass popular Front" te steun en daarby aan te sluit. Die massas word opgeroep om huurverhogings, die regering en alle sog. "undemocratic institutions" te beveg.

14.19 Bewysstuk ABA57: Pamflet teen Raadslede: COSAS en MAYCO:

Uit hierdie pamflet is dit duidelik dat COSAS en MAYCO deel-geneem het aan die Kampanje teen die Swart Plaaslike bestuur.

14.20 In bewyssstuk (ABA60) bevestig die Staatsgetuies dat die "SRC" van die Universiteit van die Noorde deur 'n politieke organisasie, nl. AZASO "oorgeneem" is - hul hou hul meer met politiek besig en het selfs 'n "Mandela Students Defence Fund" gestig.

14.21 Bewyssstuk ABA63: AZASO Regional News letter:

Dié nuusbrief wat by AZASO se kantore te Universiteit van die Noorde gevind is, toon aan dat AZASO die "Education Charter" aanwend vir die verkryging van "peoples education" en vir die mobilisering van soveel van die massas as moontlik deur gebruikmaking van die onderwyskwestie. (p.4).

AZASO maak dit ook duidelik dat hul hul beywer vir die daarstelling van sg. "peoples power". (p.6).

AZASO maak dit ook duidelik dat die Freedom Charter deur AZASO nagestreef word, (p.7) en steun ook die stryd vir die vrylating van politieke gevangenes, soos Mandela, terwyl AZASO ook 'n beroep doen op vereniging van die vroue (p.8).

15.1 Respektvol word betoog dat die Staat bewys het dat die UDF se bestuur in Mankweng (die Koördinerende Komitee) ooglopend kontak met die ANC het. By Louis Muguni, die sameroeper van dié komitee en voorsitter van MACA, kry die Polisie ANC-dokumente. Daar is ook geen verduideliking van die Verdediging se kant oor waar en hoe dit in Muguni se besit gekom het nie.

15.2 MACA, MAYCO, AZASO, COSAS, DESCOM en SAAWU het aktief 'n betoging gehou in Pietersburg teen die Tuislandbeleid van die Regering, sg. onderdrukking, lewenskoste, en vir die vrylating van Mandela en ter ondersteuning van UDF.

15.3 Ook het die organisasies die massas teen die veiligheidsmagte opgesweep deur die feite rondom die dood van Shadrack Mofokwane van MAYCO te verdraai, en die Polisie voor te hou as die moordenaars van dié man.

15.4 Dié organisasies het op 16 Junie 1985 byeengekom en op georganiseerde wyse die polisiestasie en Polisie en publiek aangeval en twee kafeterias by die Universiteit van die Noorde afgebrand.

15.5 Na 'n poging om 'n MAYCO-vergadering op 14 Julie 1985 te hou, het hul die Polisie weereens aangeval.

15.6 Ook word betoog dat die Staat bewys het dat UDF se kampanje teen Swart Plaaslike Besture te Mankweng gevoer is, en dat al die raadslede bedank het nadat die plaaslike organisasies, soos MACA, COSAS, MAYCO en AZASO druk op hul uitgeoefen het.

15.7 Ook MAYCO, MACA en UDF, deur hul spreekbuis, tewete Louis Muguni, maak dit duidelik dat hul in 'n revolusie betrokke is, en dit blyk dat Muguni basies die ANC se werkswyse, soos uiteengesit o.a. in die dokumente wat in sy besit gevind is, uitgevoer het, nl. mobilisasie en organisasie van die massas.

TUMAHOLE

1.

Die getuienis deur die Staat aangebied het die volgende feite bewys:

1. In Tumahole was gemeenskapsorganisasies wat aan die hand van knelpunte die Swart inwoners van die gebied georganiseer en gemobiliseer het en betrek het in daadwerklike aksie teen die owerhede, te wete:

Tumahole Student Association of Organisation

Tumahole Civic Association

Pro Humanism

UDF

Sien getuienis IC.17 Vol. 97 pp.4707-4709.

IC.18 Vol. 99 pp.4863-4864.

Hoewel die Verdediging beweer dat die "Civic Association" nie aanvanklik bestaan het nie, maar 'n Ad hoc komitee, is dit IC.17 se getuienis dat die Ad hoc komitee bekend was as die Civic. Dit maak sy getuienis nie ongeloofwaardig - hulle het dit gedoen as civic.

Vol. 97 pp.4734-4735.

Ook Sheena Duncan, wat deur die Verdediging geroep was, beweer dat die "Civic Association" en "Youth Organisation" van Thumahole affiliateer was.

Vol. 394 p.22850.

2. Die organisasies het massa-vergaderings in die gebied gehou om die massas te politiseer en oor te haal tot hul sienswyses en betrokke te raak in aktiewe verenigde aksie teen die owerhede. Hierdie getuienis was nie betwiss nie. Sien getuienis IC.17 vol. 97 p.4707 en ook p.4767.

IC.16 vol. 99 p.4864.

Nadat sy winkel gebrand was, het getuie IC.17 bewus geword van voortdurende oproepe dat raadslede moet bedank en het onrus en oproer hoogty gevier.

Vol. 79 pp.4768-4769.

3. In die gebied was ook pamflette versprei wat hierdie organisasies se vername propaganda versprei het, nl. dat die huur verminder moet word na R18,00.

Sien getuie IC.17 vol. 97 p.4707.

Die Verdediging het toegegee dat in September 1984 pamflette versprei was.

Vol. 97 p.4740-4741.

4. Dit is met respek van belang om in gedagte te hou dat sedert die tot standkoming van UDF op 'n landswyse georganiseerde basis nou georganiseer word aan die hand van identiese knelpunte en argumente. Die getuienis bewys dan ook hoedat hierdie UDF strategie in Tumahole

deur die organisasies aanvaar en toegepas was. Die volgende knelpunte was gebruik:

Vol. 97 p.4728.

1. Die sg. "huurkwessie - dat die huur te hoog is en dat die gemeenskap dit nie kan betaal nie en die huur in werklikheid verminder moet word - sal geen huur betaal.

Sien getuenis: IC.17 Vol. 97 pp.4707, 4709, 4710.

IC.18 Vol. 99 p.4865.

2. Die Raadslede - Dat hulle nie die inwoners verteenwoordig nie. Dat die raadslede moes bedank.

Getuie IC.17 Vol. 97 p.4713.

IC.18 Vol. 99 pp. 4865-4866

Dat raadslede nie beloftes aan die gemeenskap nie nagekom het.

Vol. 97 p.4724.

3. Die voorsiening van behuising gekoppel aan huur en die voorsiening van elektrisiteit. Die verwydering van nagvullis.

Vol. 97 pp.4722-4723.

Nog 'n knelpunt was watervoorsiening p.4723.

'n Ander knelpunt was die toestande van die strate - p.4723.

4. Die raadslede was ook onpopulêr gemaak en as onaanvaarbaar vir die massas geskets omdat hulle "puttets" sou gewees het wat met die sisteem saamwerk (sien infra IC.17 se beraad met UDF beampes) en "sell-outs" van die Swart mense.

Vol. 97 p.4731 en p.4767.

5. Dit was selfs ook beweer dat IC.17 'n biersaal en drankwinkel blykbaar onder verwerplike omstandighede bekom het.

Vol. 97 p.4739.

5. Die opswepery van die massas in Tumahole het tot gevolg gehad dat hulle so opgesweep geraak het dat hulle verenig het en tot uitbarsing gekom het in geweldpleging teen die owerhede en beampes van die owerhede en hul eiendomme.

1. Op 15 Julie 1984 word die besighede van Raadslid IC.17 aangeval en vernietig. Sy eie lewe verkeer in gevaar en die Polisie adviseer hom om nie by sy huis te slaap nie.

Vol. 97 p.4715.

Vol. 99 p.4867.

2. In die woongebied was die suggestie versprei dat as die raadslede nie bedank nie, sal hul eiendomme aan die brand gesteek word en sal die raadslede doodgaan maak word.

Vol. 99 p.4867.

3. Die huis van getuie IC.18 word op 24 Maart 1985,  
7 Mei 1985, 14 Julie 1985 en 21 Julie 1985 aangeval.

Maart 1985 toe die huis aangeval was, was dit gedurende die nag toe vyf persone, getuie en o.a. 2 klein kinders geslaap het, was dit aangeval met petrolbomme. Die huis het begin brand maar die vuur is betyds geblus.

Vol. 99 pp.4868-4869.

Die volgende dag was getuie se huis weer aangeval met klippe. By die aanvallers was Ace Magashule, Vuyo Dabi en Skosana - hulle is aldrie leiers in die organisasies.

Vol. 99 pp.4869-4870 en Vol. 99 pp.4878-4879.

Skare verdryf deur polisiebeampte wat op hulle geskiet het.

Vol. 99 pp.4870.

Die nag was haar huis weer aangeval met klippe.

Vol. 99 p.4871.

4. Raadslede het bedank.

1. Getuie raadslid IC.18 het bedank onder druk en na haar bedanking was haar huis aangeval en beskadig. Belangrik egter is die feit dat sy daarna Ace Magashule, Mosepedi en Thabane,

leiers in die organisasies genader het daaromtrent.

(i) Ace Magashula en Mosepedi maak 'n belangrike erkenning dat hulle vir die kinders gesê het om die aanvalle teen haar te staak en haar noudat sy uit die raad bedank het weer terug te aanvaar in die gemeenskap.

Vol. 99 pp.4872-4873 p.4875.

*Hulle het blykbaar  
die weg van die  
jungla behou.*

(ii) Die tweede belangrike konsessie deur hierdie leiers van die organisasies was hulle onderneming om die skade te herstel en wat hulle ook gedoen het.

Vol. 99 p.4873.

Dit is ook in ooreenstemming met UDF se beleid om die mense van die owerheidsinstellings te vervreem en om hulle dan te kry om deel te word van hulle geledere in die vryheidstryd.

2. Raadslid en getuie IC.17 het onder druk bedank onder omstandighede waar vername leiers in UDF nl. Biskop Tutu, beskuldigde (19) en beskuldigde (20) belangrike bydraes gelewer het. Dit word hieronder meer volledig behandel.

Vol. 97 p.4719.

3. Die res van die raadslede was die een na die ander forseer om te bedank totdat die hele raad bedank het.

Vol. 97 p.4743.

5. In die sg. vreedsame optog was die polisie aangeval met klippe.

(1) IC.17 het getuig dat hy die dag toe sy besigheid vernietig is die mob in die straat opge-merk het met klippe in hul hande. Hierdie getuienis was nie betwisselbaar of aangeval in kruis-ondervraging toe dit onder kruisondervraging gelewer was nie.

Vol. 97 pp.4751-4752.

6. Die 15de Julie 1984 was die paaie versper in die woongebied en die polisie was sporadies aangeval met klippe in die gebied en moes die polisie met traan-rook, rubberkoeëls en sambokke optree teen die oproeriges.

Vol. 100 pp.4892-4893.

TUTU

1.

Die ontmoeting tussen IC.17 en die mense van UDF, te wete Tutu, beskuldigde 19 en beskuldigde 20 is 'n belangrike gebeure om die koördinerende en leidende rol van die beampes van UDF in die landswye geweldpleging te bevestig.

1. Dit is Tutu en beskuldigde 19 wat kommentaar gelewer het oor die gebeure in Tumahole waarin getuie IC.17 se besighede deur die opgesweepte en oproerige massas aangeval was. Dit kan in verband gebring word met die organisasies se beheer wat hulle uitoefen om te sê wie aangeval moet word en wie nie. Al hierdie getuienis was nie deur die Verdediging betwissel nie.

Vol. 97 p.4716.

2. Getuie IC.17 het deur Tutu gereël om UDF mense te ontmoet sodat hy kon uitvind wat hy gesondig het en hy het vir Tutu verwys na die afbrand van sy besigheid deur die massas in Tumahole.

Vol. 97 p.4716.

Hierdie getuienis was erken deur die Verdediging en nie betwissel nie.

*Submissie: Persoon T het ook bekend  
oor g+ bewerk. m V o*

3. Tutu het daarop gereël dat getuie IC.17 die volgende dag by sy, Tutu se, kantoor te Khotso Huis om 09h00 moes rapporteer. Die getuienis word nie betwissel of ontken nie.  
Vol. 97 p.4716.

Die blote feit dat Tutu hulle nie weggestuur het en gesê het dat UDF niks met die aangeleentheid te doen het nie bied belangrike stawing vir IC.17 se getuienis en ook vir die feit dat UDF wel betrokke was by die gebeure in Tumahole.

4. Toe getuie IC.17 by Tutu se kantore gerapporteer het, het Tutu gesorg dat belangrike leiers in UDF, te wete beskuldigdes 19 en 20 daar teenwoordig is tydens die samesprekings.  
Vol. 97pp.4716-4717.
5. Nadat IC.17 sy punt gestel het en wou weet wat hy gesondig het, het beskuldigde 20 dit uiteengesit dat die raadslede besig is om die Swart mense kwaad te maak deur te dien op Gemeenskapsrade en dus saamwerk met die sisteem. Hy het verder gesê hulle in UDF is teen Apartheid, algemene verkoopbelasting en die hoë huur in lokasies. In die geval van IC.17 was gesê dat sy plek is afgebrand want hy werk saam met die sisteem en die mense het van hul frustrasie ontslae geraak op die gebou.  
Vol. 97 p.4717.

Die korrektheid van IC.17 se getuienis hier word veral bevestig deurdat wat hy sê beskuldigde 20 gesê het

honderd persent in ooreenstemming is met UDF beleid en wat hulle openlik verkondig.

6. IC.17 se getuienis word ook verder bevestig deur dit wat daar gesê is deur beskuldigde 20. Beskuldigde 20 het ook daardie geleentheid gebruik om propaganda wat dikwels deur hom gebruik was daar te gebruik om die oproeriges te beskerm en valse blaam te plaas op die SA Polisie. Hy het beweer dat die oproeriges en geweldenaars besig was met 'n sq. vreedsame optog toe die polisie hulle aangeval het met traanrook en dit het die mense kwaad gemaak.  
Vol. 97 pp.4717-4718 en pp.4758-4759.

'n Paar feite tree op die voorgrond.

- (i) Beskuldigde 20 tree in die bresse vir die Tumahole organisasies en hul volgelinge.
- (ii) UDF is goed ingelig aangaande die gebeure in Tumahole.
- (iii) Dieselfde propaganda soos op ander plekke waar UDF ook betrokke is, word gebruik nl. dat die polisie die oorsaak van die geweld is.
- (iv) Hierdie propaganda val plat en word niksseggend behalwe as 'n rat voor die oë van ander as gelet word daarop dat die geprovokeerde oproeriges nooit hul woede uitwerk op die polisie nie maar teen die raadslede, hul eiendomme en raadseiendomme.

7. Verdere bevestiging vir die waarheid van IC.17 se getuieenis en wat gemeld word in paragraaf 6 hierbo word ook gevind in Tutu se verduideliking toe IC.17 aan hulle verduidelik het dat hy op die raad gedien het omdat hy dinge van binne af wou regstel. Tutu het gesê dat hulle en die Swart mense nie so redeneer nie. Getuie kon sy verduideliking nie mooi volg nie.

Getuie het toe gevra wat moet hy doen sodat die mesne ophou om hom te vervolg. Tutu se antwoord was dat hy moet ophou om die mense kwaad te maak. Solank hy aanhou om die mense kwaad te maak, is hy nie by magte om vir die mense te sê om op te hou nie. Die enigste voorwaarde sodat hulle ophou om hom te vervolg is dat hy moet bedank as raadslid. Tutu het verder gesê dat hy met die pers sal reël sodat getuie voor lede van die pers moes bedank. Vol. 97 p.4717 en p.4718 en p.4761.

NB Ons wil met respek hierdie Agbare Hof se aandag vestig op 'n baie belangrike standpunt wat op hierdie byeenkoms sterk op die voorgrond tree en veral die Verdediging en UDF se propaganda dat die polisie die oorsaak van oproer en geweld is, pertinent aan die kaak stel as vals en blote propaganda teen die Staat. Hier word dit pertinent gestel dat die Swart mense kwaad is vir die raadslede omdat hulle deel is van die sisteem. Dit word genoem dat dit die redes is vir hulle aanvalle op die raadslede en hul eiendomme. Die voorwaarde word

ook aan IC.17 gesê dat hierdie woede en aanvalle kan alleen afgeweер word deur die raadslede as hulle bedank.  
Dit is dus die raadslede self en nie die polisie nie wat moet gehoor gee aan hul eise om geweld in die woongebiede af te weer.

8. Voorgaande word verder bevestig deur Tutu se voorwaarde aan IC.17 dat hy voordat IC.17 nie bedank nie, is hy nie van voornemens om die mense in Tumahole te skakel en te beveel om hul aanvalle teen getuie te staak nie.

Beskuldigde 2 het ook bevestig dat hulle nou saam werk met die leiers van die organisasies in Tumahole, dat hulle mekaar gereeld skakel en dat hulle dieselfde ooggend met Mosepedi wat 'n lid van UDF is gepraat het. Dat Mosepedi vir SAFFAS werk.

Vol. 97 pp.4718-4719 en p.4761.

Hierbo het ons alreeds gewys op Mosepedi en sy trawante se vermoë om aan die massas opdrag te gee om hul aanvalle op IC.18 te staak nadat sy as raadslid bedank het.

9. Onder hierdie druk het IC.17 gaan bedank en vir Tutu geskakel en ingelig dat hy bedank het. Tutu het reageer deur te sê dat hy die leiers van die organisasies in Tumahole sou skakel en aan hulle sou sê om die aanvalle teen IC.17 te staak. Hy het cok gesê dat beskuldigde 20 ook die volgende dag na Bloemfontein gaan en dat hy op

Tumahole sou aandoen om dieselfde opdrag oor te dra.

Verder het Tutu gesê dat hy die koerantmanne ook sal stuur.

Vol. 97 p.4719.

Dit is ons respekvolle betoog dat die waarheid van IC.17 se getuienis bevestig word deur feite waarvan hy nie kennis gedra het nie en dit alleen van Tutu kon gehoor het.

- (i) Dat beskuldigde 20 na Bloemfontein sou gaan.
- (ii) Dat beskuldigde 20 op Tumahole sou aangaan.
- (iii) Dat beskuldigde 20 wel daar op Tumahole aangegaan het en wel mense van die organisasies daar besoek het en gespreek het.
- (iv) Dan ook nog het verteenwoordigers van vier koerante, te wete, Sunday Times, Rand Daily Mail en van die City Press en The Mirror spesiaal na Parys afgereis om spesifiek 'n onbelangrike raadslid van 'n klein Vrystaatse dorpie se bedanking te dek.

Vol. 97 pp.4719-4720.

10. Onder kruisondervraging het IC.17 nog 'n belangrike stukkie getuienis gelewer nl. dat beskuldigde 20 gesê het dat hy nie geweet het dat dit IC.17 was oor wie hulle gepraat het en aan wie hulle sou skade berokken nie en ook nie dat IC.17 die eienaar was van die Supermark nie. Dit is net die tipe bravade wat 'n mens onder die omstandighede kan doen.

Vol. 97 p.4752 en ook

Vol. 97 p.4760.

Toe hierdie getuienis gelewer was deur IC.17 se getuienis onder kruisondervraging nie betwissel was nie, maar wesentlik aanvaar was dat UDF en die TSO in Tumahole verbindinge het deur die stelling aan IC.17 dat beskuldigde 20 gesê het dat in sy onderhandelinge met TSO en ook die ander organisasies in Tumahole hy nooit van enige klagte teen IC.17 gehoor het nie.

Vol. 97 dp.4755.

Dit word verder bevestig toe die beskuldigdes 19 en 20 se weergawe verder gestel was dat beskuldigde 20 gesê het dat volgens sy inligting, die mense daar 'n vreedsame optog wou hou. Dat die polisie traanrook volgens sy inligting gebruik het sonder enige regverdiging.

Vol. 97 p.4755.

Dit is ons respektvolle betoog dat hierdie enkele voorbeeld meer as voldoende bewys gelewer het van die feit dat UDF se leiers in Khotso House baie beslis voortdurende kontak gehou het vir een of ander rede met die organisasies wat die geweld in Tumahole georganiseer het. Dit dien ook beslis sterk stawing vir IC.17 se geloofwaardigheid en die waarheid van sy getuienis. In hooftrekke word die korrektheid van sy getuienis in hooftrekke nie betwissel nie.

2.

Ten opsigte van dié deel van sy getuienis wat wel betwissel word is die beskuldigdes se verweer soos geopenbaar toe dit aan IC.17 gestel was so onwaarskynlik en voorbarig dat dit met die grootste respek aan die belaglike grens. Dit is wat beweer was:

- (a) Getuie was so geskok oor wat met hom gebeur het dat hy gaan uittree uit die openbare lewe.
- (b) Die enigste waaroor hy bekommerd is, is kompensasie anders het hy lankal bedank.
- (c) Sy vrees sou wees dat as hy bedank gaan hy geen kompensasie kry nie en as hy seker was het hy lankal bedank.
- (d) Dat hy daar by UDF gekom het en bedanking in gedagte gehad het en so gesê het.

Vol. 79 pp.4770-4772.

#### VERDEDIGING

##### Mev Smith:

Die volgende aspekte van belang in haar getuienis word na verwys:

1. Getuie IC.17 se besigheid was aangeval omdat hy 'n lid was van die gemeenskapsraad in Tumahole.

Vol. 342 p.19579.

Dit het nie gebeur omdat die polisie traanrook gebruik het nie.

2. Oor die redes hoekom hulle na Tutu is kom sy met dinge voor die dag wat heeltemal nuut is nl. dat die voorstel van haar gekom het om met beskuldigde 20 te gaan praat.

3. Nou sou dit sy gewees het wat al die praatwerk by die eerste ontmoeting met Tutu gedoen het. Dit was nooit aan ~~IC.17~~ gestel nie.  
Vol. 343 p.19583.

4. Sy kom met 'n weergawe dat die aanvanklike gesprek net tussen hulle en Tutu en beskuldigde 20 was. Sy sou weereens hulle kant gestel het dat beskuldigde 20 en UDF verantwoordelik was vir die onluste in Parys. Na beskuldigde 20 ontken het, is beskuldigde 19 ingeroep. Dit was 'n totale nuwe weergawe wat totaal gebots het met die stellings aan IC.17 en verteenwoordig 'n totale nuwe verweer.

Vol. 343 pp.19583-19584.

5. Ook die daaropvolgende gebeure is 'n totale nuwe weergawe:  
(1) Beskuldigde 20 het gesê dat toe die polisie ingemeng het en 'n optog gestop het, het geweldpleging uitgebreek.  
Vol. 343 p.19584.

(2) IC.12 het Tutu versoek om 'n persverklaring te maak en die mense te vra om op te hou om sy plek te brand. Tutu sou gesê het hy kan dit doen maar dit sal niks help nie omdat die mense daar die raadslede beveg.

Vol. 343 pp.19584-19585.

(3) Nou sou getuie en haar moeder voorgestel het dat IC.17 moes bedank en dat hy ingestem het maar dat hy

dink dat as hy in die raad bly sou hy 'n BETER  
vergoeding kry vir sy skade.

Vol. 343 p.19585.

- (4) Op die vergadering was besluit dat IC.17 die volgende dag 'n persverklaring sou maak. Dit was sy beslissing .

Vol. 343 p.19586.

Dit was bespreek en daar was saamgestem met die gedagte maar skielik kan sy nie onthou wie saamgestem het nie.

Vol. 343 p.19586.

- (5) In kruisondervraging onthou sy skielik nie meer wie vir Tutu vertel het van beskuldigde (20) nie.

Vol. 343 p.19596.

Dan weer is dit sy.

Vol. 343 p.19596.

As die stellings van die Verdediging aan haar gemeld word, verander sy weer haar getuienis en kan dit sy of IC.17 wees.

Vol. 343 p.19596.

- (6) In kruisondervraging bevestig sy dat daar geen verwysing was na TSO of enige organisasie van Tumahole nie.

Vol. 343 p.19601.

- (7) Sy ontken dat beskuldigde 20 na kennis in die koerant opgedoen oor gebeure, verwys het.

Vol. 343 p.19602.

Toeg was beskuldigde 20 volgens haar getuienis wel die dag van die onluste 15 Julie 1984, in Tumahole.

Vol. 343 p.19602.

- (8) Sy kon nie onthou of Tutu gesê het dat IC.17 se plek uit frustrasie deur die skare gebrand was nie.

Vol. 343 p.19604.

Sy kon nie onthou of die polisie geblameer was vir die onluste nie en glo nie dit het gebeur nie.

Vol. 343 p.19605.

- (9) In kruisondervraging het sy eers getuig dat hulle en IC.17 daar in Khotso Huis was om te bedank. Dan skielik nog voordat hulle daarheen is het IC.17 alreeds besluit om te bedank maar was bekommerd oor vergoeding vir sy skade.

Vol. 343 pp.19606-19607.

Alles wat kom in die rigting van blaam op raadslede kan sy nie onthou of ontken sy.

Vol. 343 pp.19607.

- (10) Sy erken dat Mosepedi van Tumahole daar genoem was maar sy kan glad nie onthou in watter opsig nie.

Vol. 343 pp.19609-19610.

(11) Sy het getuig dat op daardie byeenkoms was besluit dat haar vader sy bedanking in die pers bekend maak. IC.17 moes die persmense ontbied en sy bedanking deur hulle bekend maak. Sy weet nie of IC.17 se weergawe 'n leuen is nie.

Vol. 343 p.19612.

1.

- (1) Organisasies bedrywig.
- (2) Massavergaderings.
- (3) Pamflette.
- (4) Knelpunte.
  - (1) Huur.
  - (2) Raadslede nie verteenwoordigend.

(5) Uitbreek van geweld.

(1) 15.7.84 IC.17 besighede.

(2) Raadslede moet bedank of geweld.

(3) IC.18 se huis aangeval.

(4) Raadslede bedank

1. IC.18.

(i) Belangrike erkennings Organisasies - jeug  
gesê optrede te staak.

(ii) Sal herstelwerk doen.

2. IC.17 bedank.

3. Ander raadslede.

VERWERE

Ook ten aansien van die georganiseerde geweldpleging het die Verdediging weergawes van hul verweer gestel aan die Staatsgetuies wat nooit later gerealiseer het toe die Verdedigingsgetuies getuig het nie.

1.

Aan getuie IC.17 was die weergawe van die Verdediging soos volg gestel en wat hy ontken het:

1. Dat op 10 September 1984 sou IC.17 deelgeneem het aan 'n optog na die Administrasiekantore.
2. Dat IC.17 selfs 'n UDF-T-hempie gedra het by die geleentheid.
3. Dat toe die Direkteur aangekondig het dat die huurverhoging nie ingestel sou word nie het die "massas van die optog" vir IC.17 daar op hulle skouers gedra - hy sou eer daarvoor geëis het.

Vol. 97 pp.4736-4738 en veral pp.4786.

Gedurende hierdie kruisondervraging plaasgevind het, het IC.17 baie belangrike stukkie getuienis gelewer wat nie aangeval of betwiss was nie nl. dat UDF hulle uitgenooi het om daardie besondere byeenkoms te gaan bywoon.

Vol. 97 p.4736.

2.

Toe IC.17 oor sy verklaring aan die polisie oor die Tutu-incident uitgevra was, was hy ondervra op die basis dat hy sy verklaring gemaak het nadat beskuldigdes 19 en 20 gearresteer was. Sy getuienis was dat hy nie geweet het wanneer beskuldigdes 19 en 20 gearresteer was nie.

Die Verdediging moes later erken dat die lyn van ondervraging verkeerd was en dat beskuldigdes 19 en 20 later gearresteer was.

Vol. 97 pp.4748-4749.

3.

Dit was aan IC.17 gestel dat toe hy met Tutu gepraat het, het IC.17 in die afwesigheid van beskuldigde 20 sy naam aan Tutu gegee. Die getuie het dit ontken en het gesê dat hy slegs gesê het UDF. Dit is absoluut ondenkbaar waarom hy spesifiek beskuldigde 20 se naam sou noem nie want volgens die koerantberig en sy kennis was dit Tutu en beskuldigde 19 wat die kommentaar gelewer het. Hoekom sou hy nou skielik na beskuldigde 20 vra. Daar is ook geen getuienis deur die Verdediging aangebied om dit te bevestig nie.

Vol. 97 p.4752.

4.

Die Verdediging het 'n reeks dokumente ingehandig bewyssstukke AAQ.38, 39, 40 en 41 wat op die vergadering tussen die Raad en die organisasies beskikbaar was. Getuie IC.17 het hulle nie

identifiseer nie en daar is geen getuie deur die Verdediging geroep om dit te doen of oor die aanwending daarvan te getuig nie.

Vol. 97 pp.4782-4784.

Ook IC.18 kan nie hierdie dokumente identifiseer nie.

Vol. 99 p.4881.

5.

Die Verdediging het 'n weergawe gestel van gebeure op 'n vergadering op 10 September 1984 by die huis van Jamo Marumo. Die getuie was teenwoordig maar het die Verdediging se verdraaings ontken.

*gew v.a.  
2, bens*

- (1) Dat dit 'n koukus vergadering was om die saak van die mense voor die Administrasieraad te stel - ontken.
- (2) Dat 'n weg'bly-aksie vir die 10de gereël was - getuie kan nie onthou.
- (3) Dat weg'bly-aksie op vergadering bespreek was - ontken.
- (4) Dat daar pamflette versprei was vanaf 7de om die weg'bly-aksie te bevorder - getuie het ontken.
- (5) Dat die pamphlet die enigste pamphlet is wat uitgereik was in 1984 - getuie sê het pamphlette gesien in gebied maar kan nie sê wanneer nie - dit was van tyd tot tyd. Daar was 'n pamphlet wat gesê het dat hulle nie met polisie moes handeldryf.

(6) Op die vergadering was die kommer dat die mense van Tumahole hul eenheid en solidariteit toon t.o.v. die huur - getuie ontken. Het getuig dat die doel van die vergadering was om eenheid te bewerkstellig tussen die besigheidsmense en UDF en die organisasies van UDF daar teenwoordig.

(7) Daar sou 'n opmars wees waar die mense groepe by hulle huise moes vorm en vandaar deelneem aan 'n opmars na die Administrasiekantore - ontken deur getuie.

Vol. 97 pp.4787-4792.

Die Verdediging het geen getuies geroep om oor hierdie weer-gawe van hulle te getuig om die getuie se ontkenning van die opmars te probeer weerlê nie. Die opmars soos hier gestel word gekenmerk deur 'n inherente teenstrydigheid. Hoe kan daar 'n opmars wees as die inwoners groepe vorm by hulle huise en vandaar opmars na die administrasiekantore. Wesentlik sou daar dan talle opmarse moes gewees het.

Wat dan opvallend eienaardig is, is mnr Bizos se stelling dat toe hierdie groot massa mense by die Administrasiekantore arriveer het, was IC.17 die leiere aan die voorpunt en het die eer geëis vir die afstel van die verhoging.

Vol. 97 p.4800 en veral ook p.4803.

Die beste van alles is dat nie een van die vele getuies deur die Verdediging dit bevestig het nie, maar weerspreek het en eerder die getuienis van IC.17 bevestig.

Dit was ook deur die Verdediging beweer dat op hierdie vergadering met die besigheidsmense het Vuyo Dabi aan getuie gevra of daar behoorlike kennis gegee was deur raad omtrent die beoogde huurverhoging. Die bewering was verder dat IC.17 toe daar inligting verskaf het wat dit duidelik gemaak het aan Vuyo Dabi en die ander dat die verhoging ongeldig was. Dat die inligting wat hy sou gegee het was dat sekere formaliteit nie deur die raad nagekom was nie nl. dat geen publikasie van die beoogde huur plaasgevind het en waar gevra word vir besware nie. Dat daar so 'n publikasie in die Staatskoerant moes gewees het en dat daar geen so 'n publikasie was nie. Dit was verder beweer dat IC.17 nie wou gehad het dit moes bekend word dat hy die nuusdraer was nie en dat Tom Letsoenyo, Jomo Marumo en ook Adam Mosepedi dit moes opvolg en o.a. ook by ander raadslede navraag doen hieroor as skuif om IC.17 te beskerm.

Vol. 97 pp.4795-4798.

Die Verdediging het nie een getuie oor hierdie incident geroep nie en veral ook nie die drie persone spesifiek genoem nie. Die rede is voor die hand liggend dat hulle dit nie kan bevestig nie en ook nie die geloofwaardigheid van IC.17 se getuienis kon bevraagteken nie.

Ook getuie IC.18 kon nie die Verdediging se bewerings staaf nie.

Vol. 99 pp.4886-4888.

Soos reeds gemeld kan die Verdediging nie betwissel dat onluste uitgebreek het in Tumahole nie. Die feit dat UDF en organisasies in Tumahole die mense in Tumahole georganiseer en gemobiliseer het om te verenig en tot geweld oor te gaan teen ten minste veral teen die raadslede en sisteem van Swart Plaalklike Besture was nooit weerlê deur enige direkte getuienis en dit is opmerklik dat geeneen van die leiers van die organisasies geroep was om hulle weergawe aan die Hof vir beoordeeling voor te lê nie.

Dit is ons respektvolle betoog dat die Verdediging probeer het om op indirekte wyse die Staat se getuienis te weerlê deur hoofsaaklik aan te voer dat polisie optredes hoofsaaklik die oorsaak is vir die onluste en geweldpleging in Tumahole en ook in die ander plekke waar geweld uitgebreek het. Ons het hierdie kwessie voorheen liggies aangeraak bv. die vraag ontstaan hoekom die oproerige skares hulle geweldpleging nie op die polisie toespits nie, maar juis die raadslede, die stelsel en eiendomme van raadslede voortdurend en oor lang tydperke aanval en vernietig. Die ander vraagstuk genoem was die ruiterlike stelling dat aanvalle teen raadslede (bv. IC.17) nie gestaak sal word totdat die raadslede bedank het nie.

Dit is in die lig hiervan dat die Verdediging se getuies beoordeel moet word en daar vasgestel moet word wat die ware oorsaak vir die geweldpleging was.

Dit is ons respekvolle betoog dat UDF en die organisasies gebruik gemaak het van knelpunte hetsy werklik en fiktief en hierbo uiteengesit om die massas in Tumahole op te sweep, bymekaar te bring en dan sover te kry om tot geweldpleging oor te gaan en dit is ook wat werklik in Tumahole gebeur het.

1.

Die getuienis deur die Verdediging geroep het hoofsaaklik gehandel met die gebeure van die 16de Julie 1984 en dat hulle deelgeneem het.

1. W M Chabaku het getuig dat hulle in die gebied rond marsjeer het.

- (1) Sy het nie geweet waarheen hulle gaan nie en het gedink hulle gaan praat oor die huur.
- (2) Sy het geen kennis gehad van enige organisasie in die woongebied nie. Sy het niks geweet voor 15 Julie 1984 van vergaderings wat gehou was of dat geagiteer was teen huur of die raadslede nie.
- (3) Die polisie sou hulle optog gevolg het met twee voertuie.
- (4) Later het die polisie hulle voorgekeer en beveel om uitmekaar te gaan. Hulle het dit gedoen en sy en 'n groep het geloop en om 'n draai gegaan toe sy gehoor het hulle skiet, en dat hulle met traanrook geskiet het. Sy weet niks van 'n knuppel stormloop deur die polisie.

- (5) Sy probeer voorgee dat die polisie sonder rede gevuur het.

Vol. 344 pp.1916-19638.

2. E S Cholota het ook hoofsaaklik oor hierdie gebeure getuig.

- (1) Ook sy het by die optog aangesluit buite haar huis omdat sy gedink het dit het iets te doen met die huur.

- (2) Ook sy het geen kennis gehad omtrent die organisasies in die woonbuurt nie. Sy het ook nie geweet wie die optog gereël het nie, weet niks van massavergaderings nie of dat geagiteer was teen huur, raadslede of die stelsel nie.

Vol. 344 pp.19649-19650.

- (3) Haar getuienis verskil van die vorige getuie dat sy niks weet van die twee polisie voertuie wat die optog gevolg het nie. Die enigste polisie wat sy gesien het was 'n Land Rover wat oor die pad geparkeer was.

Vol. 344 p.19645.

- (4) Die polisie het hulle beveel om uitmekaar te gaan en hulle het in hul spore omgedraai terug geloop en om die draai gegaan en was al in die 2de straat toe die polisie gevuur het, en nogtans vertel sy vir die Hof dat die polisie sonder rede begin skiet het.

Vol. 344 p.19446.

Dan skielik was daar baie polisie.

Vol. 344 p.19654.

Dat hulle wat om die hoek gegaan het omtrent 5 was.

Vol. 344 p.19654.

Haar getuienis bots ook met die vorige getuie dat die polisie nie die traanrook na hulle wat om die draai gegaan het gevuur het nie. Nou was daar by verskillende geleenthede traanrook gevuur.

Vol. 344 p.19654.

Dan het sy nie gesien toe die traanrook gevuur was nie. Daar was geboue tussen hulle en die polisie.

Vol. 344 p.19655.

- (5) Oor die gebeure van die 10de September 1984 is haar getuienis heeltemal weerspreekend met alle vorige weergawes van die verweer wat hulle gestel het aan IC.17.

Vol. 344 p.19661 e.v.

3. A L Mokhobo is 65 jaar oud en het ook oor die 15de se gebeure getuig.

- (1) Ook sy het by die optog voor haar huis aangesluit.

- (2) Sy weet niks van die polisie wat die optog gevolg het nie maar sy verskil weer van die vorige getuies

dat twee voertuie en 'n Land Rover die pad blokeer het. Die polisie het gesê hulle moes stop en toe hulle stop het twee polisie beampies bo-op die voertuig geklim en gesê hulle moet uitmekaar gaan en dis wat hulle gedoen het. Sy was agter aan die optog, het omgedraai en geloop toe sy die skietery hoor. Die traanrook het haar gesig geaffekteer. Hulle was 'n groep.

Vol. 344 p.19668.

- (3) Sy bevestig dat sy nie kan sê of gesien het hoekom die polisie die traanrook gevuur het nie.

Vol. 344 p.19670.

*Geen een soekeen  
3<sup>rd</sup> persoon het nie sê wat  
waarsom pol getrek was*

4. M Thekiso het dieoggend ongeveer 08h00 die mars gehoor maar nie aangesluit.

- (1) Ongeveer 10h00 het hy 'n bus gehaal agter die biersaal. Terwyl hy daar was het hy die polisie opgemerk. Hulle het 'n "Van" daar parkeer. Een het na hulle gevuur met traanrook voor hulle in die bus kon klim. Hulle het in 'n motor geklim en dorp toe geaan en 'n bus daar gehaal.

- (2) Dit is 'n man wat volgens sy getuienis absoluut niks weet van wat in Tumahole aangegaan het nie.

GRAHAMSTAD

1. Algemeen

1.1 Meistre het getuig dat in Grahamstad NUSAS, Black Students Movement, GRACA, COSAS, GAAWU en Grahamstown Committee of Democrats, wat geaffilieer is aan UDF, bestaan.

Vol. 107, p.5305.

1.1.1 Meistre het in 1984 in besit gekom van Bewysstuk AAY.7 (Bafundi Manyandui) van COSAS.

Vol. 107, p.5315.

1.1.2 Meistre getuig dat hy in Mei/Junie 1984 Bewysstuk AAY.5 ("M.S.C") van die Ad hoc Committee Grahamstad in besit gekry het.

Vol. 107, p.5315.

1.1.3 Meistre getuig dat Bewysstuk AD.20 versprei was tydens verkiesings in Swartwoongebied, asook in Blanke dorpe op kampus van Rhodes Universiteit.

Vol. 107, p.5305-6.

Bewysstuk W.33 "The Young Leader" was versprei op Rhodes en bewysstuk AM.39 van GRACA is in Swartwoongebied versprei in 1984.

Vol. 107, p.5306-7.

1.1.4 Meistre getuig dat hy in besit gekom het van Bewysstuk AM.40 in Augustus 1984. Dit is 'n program wat opgestel is tydens boikot van die verkiesings te Rhodes.

Hy het ook in besit gekom van bewysstuk AAY.1 ("Anti-election boycott"). Dit loop saam met bewysstuk AM.40 en is deur BSM in Swart Studente organisasies te Rhodes, uitgegee.

Vol. 107, p.5313.

1.1.5 Meistre het ook in besit gekom van Bewysstuk AAy.2 (New Deal rejected") wat tydens 'n klasse-boikot in sy besit gekom het.

Meistre het ook in besit gekom van Bewysstuk AAY.3 - uitgereik deur "Durban Democrats" in 1984.

Vol. 107, p.5314.

1.1.6 Meistre getuig dat Bewysstuk AAY.4 in sy besit gekom het (Assesment and Planning - UDF, E-Cape, 1984") .

Vol. 107 p.5314.

1.1.7. Meistre getuig dat hy einde September 1984 in besit gekom het van Bewysstuk AAY.6 ("Education Charter").

Die naweek van 29-30 September 1984 was die loodsing van die Education Charter Campaign in Grahamstad - Oos Kaapstreek. Daar was verkiesings van komitees en "rallies" was gehou.

Vol. 107, p.5315.

1.1.8 Meistre getuig dat hy in besit gekom het van bewysstuk AAY.9 ("Freedom Songs"). Dit was tydens loodsing van die Education Charter Campaign" uitgegee oor die naweek 29-30 September 1984.

So ook het hy in besit gekom van Bewysstuk AAY.10 ("Song-sheet").

Vol. 107, p.5316.

Meistre het ook in besit gekom van Bewysstuk AAY.12 ("Worker Songs") ongeveer 29-30 September 1984.

1.1.9 Meistre het Bewysstuk AAY.8 in besit gekry met 21 Maart 1985 herdenkings ("Sharpeville").

Vol. 107, p.5315.

1.1.10 Meistre het getuig dat hy in besit gekom het van Bewysstuk AAY.11, (NUSAS Katberg Songsheet"), gedateer April 1985. NUSAS hou normaalweg hul jaarlikse konferensies te Katberg in die Ciskei volgens Meistre.

Vol. 107, p.5316.

Mans  
Ward  
Ardth  
Wes  
V.L.  
Glen

1.1.11 Meistre het getuig dat Bewysstuk AM.40, en AAY.1 in sy besit gekom het. Bewysstuk AM.40 is 'n prgram vir Woensdag 22 Augustus 1984. Daar was 'n boikot teen die nuwe bedeling-verkiesing te Rhodes aan die gang op daardie stadium.

Vol. 107, p.5312-3.

1.1.12 Meistre het getuig dat dieselfde tyd hy ook in besit gekom het van Bewyssstuk AAY.2 ("New deal rejected).  
Vol. 107, p.5314.

1.2.1 A/O van den Berg het getuig dat op 30 September 1984 om 17h30 is hy uitgeroep na 'n ongelukstoneel te M-staat, Tankywiewoonbuurt. Hy was in uniform geklee. Terwyl hy besig was om besonderhede te neem, kom +150 Swart jeugdiges in M-staat afgehardloop.

Vol. 119, p.5958.

1.2.2 Die Groep sing en het hul gebalde vuiste in die lug. Vooraan die groep is 3 COSAS-T-hemp geklede jeugdiges. Toe die groep ± 50 tree van hom kom, begin hul klippe gooie. Van den Berg het in sy voertuig gespring en weggejaag.

1.2.3 Van den Berg sê 'n groot deel van die 150 by ongelukstoneel het klippe gegooi na hom.

Vol. 119, p.5959.

Van den Berg sê dat dié met COSAS-T-hemde het voor gehardloop, soms omgedraai na die groep en mense langs pad ingekeer na groep toe.

Vol. 119, p.5960.

Van den Berg sê dat drie voor met COSAS-T-hemde amper gelyk of hul soms dirigeer vir die singendes. Die drie met COSAS-

T-hemde het voor ander gesien wat klippe gegooi het. Hy het nie gesien of die drie self klippe gegooi het nie.

Vol. 119, p.5961.

Op dieselfde dag om 18h15 het hy opdrag gekry om Raglanweg te blokkeer. Terwyl hy daar op diens was, kom 14 voertuie verby wat erg beskadig was deur klippe. 'n Witvrou en baba was ook beseer. Die voertuie was reeds deur Swartwoonbuurt toe hulle by hom verbykom.

1.2 Vir die verdediging het sekere getuies getuig:

1.2.1 B. Ndwebisa:

1.2.1.1 Die getuie is baie ontwykend en vaag oor hoe en waarom GRACA ontstaan het.

Vol. 407, p.23715.

1.2.1.2 Die getuie gee toe dat GRACA gevorm was om die Raadslede te dwing om te bedank.

Vol. 407, p.23715-6.

1.2.1.3 Die getuie gee toe dat GRACA niks met die raadstelsel of ander owerheidsliggaam te doen gehad het nie.

Vol. 407, p.23717.

1.2.1.4 Dis verder bevestig dat GRACA d.m.v. huis- en massa-vergaderings te werk gegaan het.

Vol. 407, p.23717-8.

1.2.1.5 Verder is dit duidelik dat GRACA die Grahamstown Voice gebruik om sy beleid en aktiwiteite te propageer.

Vol. 407, p. 23718-9.

1.2.1.6 GRACA, volgens die getuie, het homself gesien as deel van die "National Liberation Struggle" met die doel om "apartheid" te beëindig.

Vol. 407, p.23719.

1.2.1.7 Volgens Ndwebisa wou GRACA nie die Raadstelsel hê nie, hul wou nie teruggaan na die ou stelsel waar hul onder die Munisipaliteit ressorteer nie, maar hul wou 'n stelsel gehad het waar hul deel was en sitting gehad het op die Grahamstadse Stadsraad.

Vol. 407, p.23720.

1..2.1.8 Hy gee toe dat GRACA nêrens in enige dokumente sy standpunt soos in paragraaf 1.2.1.7 supra uiteengesit, verklaar het nie.

Vol. 407, p.23721.

1.2.1.9 Hy gee toe dat hul, soos in bewyssstuk W.79, p.3 verklaar word, hulself (GRACA) gesien het as die alternatief van die raadstelsel.

Vol. 407, p.23722.

1.2.1.10 Die getuie bevestig die berig in Bewyssstuk W.79, p.3 waar hyself verklaar het dat UDF en GRACA 'n gemeenskaplike vyand het in die parlement, gemeenskapsrade, bantustans en die Ciskei. Hy bevestig ook dat GRACA en UDF 'n "Common purpose" het om die massas te organiseer vir strydvoering ter verwesenliking van 'n sg. "non-racial democratic South Africa".  
Vol. 407, p.23722.

1.2.1.11 Ndwebisa se poging om GRACA se gebruik van die spreuk "Aluta Continua" en die verwysing na die Mosambiekse rewolusie te verduidelik, is om ten minste te sê pateties en leuenagtig.

Vol. 407, p.23727-9.

1.2.1.12 Ndwebisa het uit sy pad gegaan om die hof te probeer mislei oor die samewerking tussen GRACA en UDF en die aktiwiteite van GRACA self.

Vol. 407, p.23730-1.

1.2.1.13 Ndwebisa bevestig dat die plaaslike skoliere van al die skole van 1984 tot 1987 die skole geboikot het.

Vol. 407, p.23732.

1.2.1.14 Selfs die laerskool-kinders het die skole geboikot in opposisie teen die nuwe grondwetlike voorstelle.

Vol. 407, p.23732.

Dit dui op die aard van die opsweping en misbruik van die jeug deur COSAS - wat weet 'n laerskoolkind, van Graad I byvoorbeeld, van die nuwe grondwetlike voorstelle?

*Misbruik van kinders.*

1.2.1.15 Ndwebisa bevestig dat GRACA op 16 en 17 Julie en 9 Augustus 1984 vergaderings in die gemeenskapsale gehou het.  
Vol. 407, p.23733-4.

1.2.1.16 Ndwebisa bevestig dat op 18 November 1984 'n "Parent Committee"-vergadering gehou was waar bevestig is dat hul besef dat die owerhede nie sal toegee aan die eis vir 'n SRC nie en dat die ouers en jeug bymekaar moet staan in die vryheidstryd.

Vol. 407, p.23738-9.

1.2.1.17 By 'n vergadering op 6 Januarie 1985 is rapporteer dat COSAS besluit het die skoliere sal op 9 Januarie 1985 net terugkeer skool toe as die aangehoue skoliere vrygelaat word. Die skoliere het ook op die vergadering die ouers se versoek dat die skoliere teruggaan skool toe, doodgeskree.

Vol. 407, p.23739.

1.2.2 Dr S R M Miller het ook vir die Verdediging getuig:

1.2.2.1 Miller het 'n vergadering te Rhodes die eerste week in Oktober 1984 bygewoon wat deur die SRC van Rhodes gereël is.  
Vol. 423, p.24788.

1.2.2.2 COSAS, NUSAS en BSM het sprekers op die vergadering gehad wat hul teen geweld uitgespreek het na aanleiding van 'n voorval van geweld in Raglanweg toe 'n student van Rhodes beseer was.

Vol. 423, p. 24788-90.

1.2.2.3 Dit blyk dat dit 'n openbare vergadering was wat goed bekend gemaak was vooraf en waar lede van die publiek en akademici ook teenwoordig was.

Vol., 423, p.24790.

1.2.2.4 Dit word respektvol betoog dat dié getuie se getuienis eintlik nikseggend is - daar kan tog nie met enige mate van erns verwag word dat COSAS, NUSAS en BSM enigiets anders as opposisie teen daardie spesifieke voorval van geweld sou verkondig op 'n vergadering waar enige lid van die publiek en akademici teenwoordig is nie.

## 2. Gebeure van 3 Oktober 1984

2.1.1 Kaptein Nel het getuig dat hy op diens was in JOSA woongebied by Ntsika Junior Sekondêre Skool. Plus minus 300 skoliere het by die skool vergader op terrein - dit was in skool tyd. Die leerlinge was gewapen met stokke, stukke harke, grawe en het gesing en geskree terwyl hul in bondels gestaan het.

Vol. 107, p.5283.

2.1.2 Skoliere skree "Viva Mandela", "viva Thambô", viva UDF", "viva COSAS" en "voertsek Botha".

Die groep beweeg toe uit terrein en vorm op in die straat voor skool. Hul het ± een uur lank in die terrein geskree en gesing voor hul in straat opgevorm het - van 10h30 - 11h30.

In die straat het die leerlinge hul wapens omhoog gehou en toe klippe na SA Polisie begin gooie.,

2.1.3 Nel kry toe inligting van 'n splintergroep aan suidekant van skool wat deur heining gebars het en in rigting van Tantyi-woongebied beweeg. Hul was gewapen. Dié woongebied lê 400 meter van Josa-woongebied.

Vol. 107, p.5284.

2.1.4 Nel en 'n groep van sy Polisiemanne is toe agter die groep wat ingebars het, aan en kry hul ± 400 meter van die Ntsika-skool. Die leerlinge was gewapen en hy slaag daarin om 'n paar te arresteer en ander uiteen te jaag.

2.1.5 Nel is terug na die skool en kry toe dat die voorste persone in die groep voor skool het 'n plakkaat vertoon - dit was op 'n swartskoobord geskryf. Groot bo-aan het "COSAS" gestaan en onder "Police go away, we do not need you".

2.1.6 Dié groep het weer nader na die SA Polisie beweeg en klippe gegooi. Die SA Polisie tree toe op en jaag groep uiteen met traanrook en sambokke. Sesien mense van die groep is gearresteer. Hul is aangekla en tien is aan die misdaad van openbare geweld in die Sreekhof skuldig bevind. Hierdie was 'n geïsoleerde geval van onrus. Hy weet van geen ander die dag nie. Nel het net gaan help by die polise-optrede.

Vol. 107, p.5285.

3. Die Begrafnis op 9 November 1984:

3.1.1 Mejoor Bosch het getuig dat hy van speurtak is en observasie gehou het by die begraafplaas in Tantyi-woonbuurt. Dit was 'n begrafnis van Patrick Ndyogolo. Hy sien die stoet daag op by die begraafplaas. Dit was ongeveer 12h00-12h30. Hy het met 'n verkyker observasie gehou.

In die voorste deel van die optog wat uit ± 300 mense bestaan, sien hy baniere. Sien op verskeie baniere "UDF" en "COSAS Unites".

Vol. 107, p.5290.

3.1.2 Dit was handgemaakte baniere. Die baniere was nie meer as ses nie. Die stoet het voete gestamp, vuiste in die lug gesteek en gesing. Hy het gehoor slagspreuke van "viva Mandela", "viva UDF", "viva COSAS" word geskree. 'n Groot deel van die skare het UDF geel T-hempies en wit COSAS-T-hempies gedra, die meerderheid het egter gewone klere gedra. Hy het ± 200-300 sulke T-hemde gesien.

3.1.3 Die Landdros het beperkings geplaas op die begrafnis o.a. dat die kis per voertuig vervoer moes word.

Vol. 107, p.5291.

Ook dat die mense mag nie per voet loop nie en geen baniere mag vertoon word nie.

3.1.4 Na die begrafnis het die stoet in die teenoorgestelde rigting weg beweeg. Toe die stoet die woongebied nader, het 'n groep van ± 100 weggebreek en in rigting van Raglanweg begin hardloop. Dis die nasionale pad tussen Grahamstad en Oos-Londen. Die oorgrote deel van die skare volg hul en begin ook hardloop. Bosch haas hom na Raglanweg en met aankoms stel hul padblokkade op om voertuie te verhinder om deur woongebied te ry. Raglanweg gaan deur die woongebied. Hy sien 'n mercedes-trok kom verby terwyl hy op pad is om die padblokkade op te stel en hy sien die ruite van die trok is uitgegooi.

Vol. 107, p.5292.

3.1.5 Bosch is na 'n rukkie weg van die padblokkade na die Distrikskommandant en kom later terug na die padblokkade. Hy sien rookwolke styg op van h/v Raglan- en Albertweg. Hy sien by ondersoek dat die biersaal brand langs Raglanweg. Hy sien later Raglanweg is besaai met klippe en toe hy by die biersaal staan en wag vir versterkings, word hul met klippe gegooi. 'n Groep het uit stoet spontaan begin hardloop.

Vol. 107, p.5293.

3.1.6 Hy verklaar ook dat die groep wat eerste begin hardloop het, het oorgrote meerderheid van hul UDF en COSAS-T-hemde gedra.

3.1.7 Later die dag was voertuie met klippe in Raglanweg gegooi en die Methodiste Kerk is afgebrand die aand.

Vol. 207, p.5794.

3.2 Ndwebisa het oor die begrafis vir die Verdediging getuig:

3.2.1 Sy getuienis bots reëlreg met die stellings wat die Verdediging gemaak het oor wat hul getuie vir die hof sou kom sê:

- (a) Die rede hoekom daar nie UDF en COSAS-baniere was nie, word gesê te wees deur Ndwebisa dat die Polisie voor die begrafnis dit verwijder het van oorledene se huis af.

Vol. 407, p.23742.

Die stelling was dat AZAPO en AZASM vir COSAS en UDF belet het om baniere te vertoon.

Vol. 107, p.5296.

- (b) Ndwebisa ontken dat daar 'n groot (of enige) AZAPO-banier oor die kis drapeer was.

Vol. 407, p.23745.

Gestel daar was so 'n banier oor kis.

Vol. 107, p.5298.

- (c) Getuie ontken dat traanrook voor oorledene begrawe is, gebruik is.

Vol. 407, p.23745.

Gestel SA Polisie het dit gedoen.

Vol. 107, p.5299.

(d) Getuie ontken dat hy ooit gesien het traanrook is  
gebruik.

Vol. 407, p.23747.

Gestel traanrook is ook na begrafnis op toneel, teen  
begravnisgangers gebruik.

Vol. 107, p.5300.

(e) Getuie ontken dat SA Polisie donshael en rubber-  
koeëls geskiet het op begravnisgangers.

Vol. 407, p.23748.

Gestel dit het gebeur.

Vol. 107, p.5301

3.2.2 Die getuie kan nie 'n AZAPO banier beskryf nie (tog  
beweer hy daar was een by oorledene se huis).

Vol. 407, p.23741.

3.2.3 Getuie se hele poging om te probeer verduidelik hoe dit  
gekom het dat AZAPO die begrafnis sou "oorgeneem het", is  
leuenagtig en baie vaag.

Vol. 407, p.23743-4.

3.2.4 Na Ndwebisa getuig het in hoof dat daar nie COSAS en  
UDF-T-hemde gedra was by die begravnis nie, blyk dit later dat  
hy dit glad nie kan betwiss nie.

3.2.5 Ndwebisa bevestig dat die Polisie niks gedoen het na die begrafnis toe die mense gaan "hande was" het by oorledene se huis nie.

Vol. 407 p.23749.

4. Dokumentêre Getuienis:

4.1 Bewyssstuk AM.39: GRACA pamflet:

Hierdie pamflet getuig van hoe GRACA die massas opsweep teen raadslede deur die raadslede uit te maak as die sg. onderdrukkers van die massas en die massas te probeer indoktrineer dat hul die raadslede moet verwerp.

4.2 Bewyssstuk AAC.23: Grahamstown Voice van Desember 1983:

In p.1-3 propageer GRACA dat die raadslede nie na die belang van die gemeenskap kan omsien nie en terselfdertyd verklaar GRACA dat hy organiseer om die massas te betrek d.m.v. plaaslike komitees. GRACA propageer dat hy die knelpunte van die hoë huur, swak behuisings, vuil strate en elektriesiteitsvoorsiening namens die gemeenskap sal opneem. Dan word die simpatie van die massas opgewek deur bewerings dat GRACA deur die owerhede getreiter word. Die massas word opgesweep teen die raadslede deur gebruikmaking van die huurkwessie en word gepropageer dat die massas uitgebuit word.

4.3 Bewyssstuk AAY.4: Assessment and Planning: UDF Eastern Cape, September 1984:

4.3.1 Dit is duidelik dat die Grahamstown ad hoc Committee waarop GRACA o.a. verteenwoordig was, die kampanjes van UDF bespreek het.

4.3.2 Die media-kwessie is ook bespreek en beplanning is gedoen vir toekomstige gebruik van die media-komitee van UDF,

4.3.3 Die suksesse van UDF en eie kampanjes is bespreek en beplanning is in die algemeen gedoen om die toekomstige optrede van UDF en ge-affilieerde in Grahamstad te bepaal o.a. op watter gebiede die Staat gekonfronteer moet word.

4.3.4 Ook is mobilisasie van die massas bespreek en toekomstige kampanjes.

#### 4.4 AAY.7: COSAS-pamflet:

4.4.1 Skoliere word deur COSAS opgesweep om enige pogings van rekonsiliasie met die owerhede te verwerp - slegs as aan hul eise voldoen is, verklaar COSAS, sal die skoleboikotte beëindig word.

4.4.2 Die skoliere word opgesweep "It is our right to attack at this time as we have already started fighting let us not stop" en ook met "The blood of Vaal, Thabong, Cradock, Atteridgeville calls upon us to unite with students of other places."

4.5 Bewysstuk AA.49: Pamflet "Freedom Songs"

Dié dokument wat ex-facie die stuk van UDF afkomstig is, dui duidelik aan dat vryheidsliedere gesing word o.a. om sekere leiers, soos Mandela, Helen Joseph, Sisulu en Agett, te populariseer - dis duidelik uit die feite wat omtrent hierdie persone gegee word op p.1 en wat nie deel vorm van die liedere se woorde nie. Om watter ander rede was dit dan nodig om aan die leser van die dokument uit te wys welke rol elk in die vryheidstryd gespeel het?

4.6 Bewysstuk AAY.16: Dokument van die Housing Commission onder voorsitterskap van Phila Nkayi van GRACA:

4.6.1 Uit p.2 is dit duidelik dat die doel van die navorsing wat omtrent behuising gedoen is, is om die inligting so verkry, te gebruik om die massas rondom hierdie knelpunt (behuising) te organiseer. Dit word uitgespel dat dit die taak van die Gemeenskapsorganisasies sal wees om die massas te organiseer en hieromtrent "op te voed".

4.6.2 Verder is dit duidelik dat beplan is om inligting omtrent verskuiwings ingewin moet word met die doel om die massas ook hieroor in te lig, en dan word verklaar dat dit die taak van UDF, deur sy affiliale is om 'n plan van aksie op te stel om verset teen verskuiwings by die massas te bewerkstellig. Ook moet publisiteit gegee word aan hierdie knelpunt.

4.6.3 Dit is verder beplan dat 'n sterk propaganda kampanje t.o.v. verskuiwings van stapel gestuur moet word om die massas meer bewus te maak omtrent die "struggle", en is 'n deur tot deur kampanje beplan. Spesifiek word besluit dat die "anger of resttled people" gebruik moet word om organisasie van die massas te bevorder.

5.1 Respekvol word betoog dat bykans al die stellings wat die Verdediging t.o.v. die gebeure in Grahamstad gemaak het, (soos in die geval met die ander dade hul ten laste gelê), ðf glad nie bewys is nie, ðf deur hul eie getuies weerlê is ðf deur hul getuies in 'n gewysigde vorm weergegee is.

5.2 Die getuie Ndwebisa is ooglopend 'n ontwykende getuie wat nie eerlik met die hof is nie, soos uit ondergemelde passasies blyk.

Vol. 407, p.23707, 23710, 23720, 23721, 23726-9 en p.23743-8.

5.3 Dis duidelik dat sy ontkenning van die uitvoering van UDF se kampanjes nie aanvaar kan word nie en daar is geen verdere getuienis aangebied om dié ontkenning te staaf nie.

5.4 Inteendeel, hy word weerspreek hieromtrent deur bewyssuk AAZ.16 soos supra bespreek.

5.5 Dit is verder duidelik, word betoog, dat GRACA deelgeneem het, nie net aan 'n plaaslike stryd nie, maar dat GRACA homself sien as deel van die nasionale bevrydingstryd en dat hul die

knelpunte soos verskuiwings en behuising onder UDF se leiding opgeneem het om die massas te organiseer en te mobiliseer. Die doel is, soos Ndwebisa erken, om 'n sq. demokratiese nie-rassistiese Suid-Afrika daar te stel (soos UDF beplan).

WORCESTER

1. Algemeen: Die getuie MacDonald het getuig dat beide UWO en WCCA was in 1984 aktief in Worcester en beide was geaffilieer aan UDF.

Vol. 112 p.5584.

1.1 WCCA- en UWO-vergaderings is in 1984 gehou, merendeels aan huis van Mathews Kapa, die sekretaris van WCCA.

Vol. 112 p.5588.

2. In 1984 is 'n kampanje teen die Raadslede gevoer - dit het begin met die verspreiding van pamflette op 15 September 1984 en 'n boikot van Raadslede se taxi's.

Vol. 112 pp.5588-9.

1.3 Die Raadslede het kom kla by die SA Polisie dat hul met dood gedreig word, en na die pamphlet-verspreiding, boikot en klagtes gelê is, het die Raadslede bedank in 1984.

1.4 Nominasies was gevra vir nuwe Raadslede, maar geen is ontvang nie en later is die Raad se funksies oorgeneem.

Vol. 112 p.5589.

1.5 Dis gestel aan MacDonald dat van die griewe was, dat net aan paar huise elektrisiteit verskaf was.

1.6 Dis ook gestel dat WCCA 'n poging aangewend het om griewe met die Administrasieraad en ene Pienaar te bespreek.

1.7 Dis gestel die WCCA het aansoek gedoen om die gemeenskapsaal te gebruik om griewe te bespreek met inwoners en dis toe geweier.

Vol. 112 p.5592.

1.8 Dis gestel dat die WCCA gepoog het om die inwoners se griewe met Administrasieraad te bespreek, maar die Raad het geen antwoord daarop gegee nie.

Vol. 112 p.5593.

1.9 MacDonald het ook getuig daar was ook klippe gegooi na Raadslede se huise in Zwelethemba.

Vol. 112 p.5594.

1.10 Dis gestel dat Raadslede wat bedank het, is weer later aangestel op Raad en die tweede aangestelde Raad het in 1985 ook bedank.

Vol. 112 p.5595.

1.11 Verder is gestel dat ABA1 ("puppets who sent away people out of their homes"), verwys na die tyd toe Raadslede en beamptes mense uit huise gesit het omdat hul agterstallig was met huurgelde.

Vol. 112 p.5598.

1.12 Badi wat namens die Verdediging getuig het, se getuienis dat die tweede Raad, waarvan hy lid was, in September 1984

bedank het, is strydig met die Verdediging se stelling dat dit in 1985 sou gebeur het.

Vgl. vol. 112 p.5595 en  
vol. 379 p.2192.

1.13 Volgens Badi het niemand van die gemeenskap geweet van die besluit dat die Raadslede (behalwe twee van hul) bedank nie.

Vol. 379 p.21952.

1.14 Badi bevestig dat daar probleme was by die Vusisizwe skool en dat die skoolkomitee eers byeengeroep is en die volgende dag ook die ouers i.v.m. die skoliere wat op 22 Julie 1985 die skool begin boikot het.

Vol. 379 p.21957.

1.15 Badi kan nie betwissel dat op die vergadering met die ouers rapporteer is dat die boikot ook gaan oor die dood van Mathew Goniwe te Cradock nie, maar beweer dat daar ook geboikot is oor die tekort aan onderwysers en die vuil toestand van die skool.

Vol. 379 p.21958.

1.16 Badi was 'n swak getuie wat vrae ontduike het, soos blyk uit vol. 379 p.2196, 21964, 21965, p.21966, 21968, 21969-70, p.21978.

1.17 Badi is 'n getuie wat ooglopend inligting van die hof weerhou - sy ontkenning van die hou van 'n UDF georganiseerde

konferensie o.a. teen Raadslede in 1984, is vals, in die lig van UDF se eie bevestiging daarvan.

W.47, laaste bladsy en vol. 379, p.21974.

1.18 Badi se getuienis omtrent die verklaring wat hy aan A/O MacDonald sou gemaak het, is hoogs ongeloofwaardig:

(i) Badi teken 'n verklaring wat hy nie verstaan het nie.

Vol. 379 p.21994.

(ii) Toe die verklaring teruggelees is aan hom weet hy nie of daarin goed vervat is wat hy nie verstaan het nie.

Vol. 379 p.21994.

(iii) Badi vra nie vir 'n tolk toe hy nie die verklaring verstaan het nie.

Vol. 379 p.21995.

(iv) Badi lieg skaamteloos oor die kind wat by hom sou gekom het: In hoofgetuienis sê hy dis Thembu Nkosi, wat geen ander of byname het nie - vol. 379 p.21979 - in kruisverhoor word dit egter Nkululeko, en dan later weet hy nie wat die naam is nie, en vra hy die naam Mukhi moet gebruik word.

Vol. 380 p.22002.

(v) Wat in hoofgetuienis 'n dogter was, word in kruisverhoor egter 'n seun (wat die pamflet sou gegee het).  
Vol. 379 p.21979 en  
Vol. 380 p.22002.

(vi) Badi erken dat hy mense sou teëgekom het in die straat, maar ontken dat hul sou geskree het hul gaan sy taxi uitbrand.  
Vol. 380 pp.22006-7.

(vii) Ook ontken hy dat hy sou bedank het uit vrees vir sy lewe.  
Vol. 380 p.22007.

(viii) Dié Badi wat kamstig nie Afrikaans verstaan of kan praat nie, het later ook in 'n ander saak 'n getuieverklaring in Afrikaans afgelê.  
Vol. 380 p.22015.

1.19 Ook BAdi se getuienis oor hoekom die Polisie sy huis sou bewaak het, is inherent ongeloofwaardig.

Vol. 380 p.22016.

1.20 Die getuie Badi se hewige, en valse, ontkenning dat hy gedreig was alvorens hy as Raadslid bedank het, en sy valse ontkenning dat hy iets sou weet van dreigemente teenoor ander raadslede, betoog die Staat, is 'n duidelike aanduiding van presies hoe bevrees dié Raadslid was - hy kom eerder blatant lieg vir die hof as om te erken hy's gedreig.

1.21 Mevrou Moleleki het getuig dat sy die voorsitter van UWO in 1983 en addisionele lid van die bestuur van WCCA in 1982 te Worcester geword het.

Vol. 380 p.22022 en p.22024.

1.22 Sy getuig dat hul nie direk van UDF, aan wie hul affilieer was, dokumente ontvang het nie, maar dié was na WCCA en UWO se hoofkantore te Kaapstad gestuur waarna hul dan afgevaardigdes gestuur het wat ingelig is omtrent die dokumente wat van UDF gekom het.

Vol. 380 p.22026.

1.23 Sy getuig dat in Junie 1984 die raadslede 'n vergadering met die inwoners gehou het en op die vergadering is raadslede uitgekryt as "puppets".

Vol. 380 pp.22027-8.

1.24 Na die vergadering het UWO en WCCA besluit om 'n pamflet uit te gee en is besluit op 'n boikot van die raadslede se huurmotors.

Vol. 380 p.,22029.

1.25 WCCA het toe bewyssstuk ABA1 opgestel en UWO het hul gesteun.

Vol. 380 p.22029.

1.26 Bewyssstuk ABA1 is opgestel in die week van die 15de September 1984. Sy het dit nie gesien na dit gedruk is nie,

want sy was by 'n begrafnis in Kaapstad waarna sy om 4h00 die Saterdag vertrek het en eers die Sondagaand weer terug vertrek het.

Vol. 380 p.22030.

1.27 Mevrou Moleleki bevestig onder kruisverhoor -

- (i) dat Abel Dlikilili WCCA se voorsitter was vanaf 1982.

Vol. 380 p.22031.

- (ii) Dat WCCA te Zweletemba gestig is na die WCCA se hoofkantoor se mense met hul kom praat het oor die stigting van so 'n tak.

Vol. 380 p.22034.

- (iii) Op dieselfde manier is UWO se tak te Zweletemba gestig.

Vol. 380 p.22034.

- (iv) Dat CAHAC bestaan het te Kleurlinggebiede in Worcester.

Vol. 380 pp.22035-6.

- (v) Dat UWO, WCCA en CAHAC vanaf Zweletemba afgevaardigdes in Mei 1983 na die Kaap gestuur het waar die stigting van UDF (Nasionaal) bespreek is.

Vol. 380 p.2237.

- (vi) Dat Trevor Manuel op die vergadering verduidelik het UDF is teen die nuwe grondwetlike bedeling gekant en

al die afgevaardigdes moes saam met UDF werk om dié grondwetlike voorstelle en Swart Plaaslike Besture tot niet te maak.

Vol. 380 pp. 22037-8.

- (vii) UWO en WCCA het by dieselfde vergadering Mei 1983 besluit om by UDF te affilieer.

Vol. 380 p.22038.

- (viii) UWO, WCCA te Zwelethemba het dadelik begin organiseer om die mesne te kry om UDF(N) se loodsing by te woon.

Vol. 380 p.22039.

- (ix) UWO, WCCA en CAHAC het op UDF (Wes-Kaap) se area komitee te Worcester gedien.

Vol. 380 p.22040.

- (x) Dat UDF se MSC kampanje in Zwelethemba uitgevoer was en adverteer was d.m.v. plakkate.

Vol. 380 p.22041.

- (xi) Sy, Shepard Matshoba, Harris Sibeko, Elizabeth Bushwana, ABel Dlikilili en Amos Dabadini is in Julie 1983 na Nyanga-Oos na 'n WCCA-vergadering waar die stigting van UDF(Nas) bespreek is.

Vol. 380 p.22042.

(xii) Die week voor 20 Augustus 1983 is verskeie plakkate in Zwelethemba aangebring wat die stigting van UDF adverteer.

Vol. 380 p.22042.

(xiii) Dat UDF op 15 Desember 1983 te Worcester 'n massa-vergadering gehou het waar syself namens UWO gepraat het.

Vol. 380 p.22044.

(xiv) Dat WCCA gereeld komitee-vergaderings gehou het by die huis van Mathews Kapa.

Vol. 380 p.22046.

(xv) Dat sy op 12 Augustus 1984 'n UDF-massa-vergadering in die Kleurling-woongebied gaan toespreek het oor die verkiesing van Kleurling-verteenwoordigers vir die Parlement.

Vol. 380 p.22047.

(xvi) Sy sou die vroue by dié vergadering versoek het om te verenig en daar is ook op die vergadering gesê die mense moet nie aan die verkiesings deelneem nie.

Vol. 380 p.22049.

1.28 Haar verduideliking omtrent die inhoud van die pamflet ABA1, (waarin hul sou geskryf het die Raadslede bevoordeel hul self), is ongeloofwaardig.

Vol. 380 pp.22054-5.

1.29 Die getuie bevestig verder dat:

- (i) UWO se nuwe bestuur vir 1985 gekies moes word en dat nominasies van hul gevra is.

Vol. 380 pp.22063-4.

- (ii) Daar is ook rapporteer dat UWO ondersoek moet instel hoe UWO en UDF se werk gekoördineer kan word.

Vol. 380 p.22064.

- (iii) Dat die Freedom Charter aanvaar word deur UWO en UWO dit sal aanwend in sy werk onder die vroue.

Vol. 380 p.22064.

- (iv) Dat op 15 Julie 1985 'n vergadering gehou deur die skoolkomitee van die Vusisizwe Hoërskool oor die skoleboikot wat aan die gang was, en dat by die vergadering gesê is die skoleboikot is oor die dood van Mathew Goniwe.

Vol. 380 p.22066.

- (v) Dat die ouers sê hul is ontevrede, die skoliere moet terug skool toe, maar dat die vergadering toe ontwrig is a.g.v. 'n lawaai van die skoliere.

Vol. 380 p.22066.

- (vi) Dat dieselfde aand na die vergadering in wanorde uiteen is, is die kantore van die Administrasieraad aan die brand gesteek.

Vol. 380 p.22067.

(vii) Dat WCCA laas in 1983 die Gemeenskapsraad genader het met hul probleme.

Vol. 380 p.22070.

1.30 Dat hierdie getuie ook dinge vir die hof wegsteek, is duidelik - eers was sy nie by die Goniwe-begrafnis nie, en dan later kom dit aan die lig dat sy wel daar was, maar nie eintlik belanggestel het in wat daar gebeur het nie.

Vol. 381 pp.22081-2.

*Wij wif op hui  
op 9.11.84*

2. 15 September 1984 se gebeure:

2.1 MacDonald het getuig dat hy op 15 September 1984 ±200 Swart jeugdiges en ook persone verbonde aan WCCA in Zwelethemba gekry het waaronder Mathews Kapa (Sekretaris van die WCCA in Worcester) en Miriam Moleleki, (voorsitter van UWO) - hul was besig om pamflette uit te deel. Beide Kapa en Moleleki het self pamflette gehad. Dit was by die ingang van die woongebied.

MacDonald het beslag gelê op van die dokumente - ABA1.

Vol. 112 pp.5584-5.

2.2 Pamflette wat deur WCCA en UDF uitgegee is, doen beroep vir 'n boikot van huurmotors van Raadslede Badi en Tsobo. Die pamphlet toon aan dat die boikot van dieselfde dag, 15 September 1984 af begin.

Vol. 112 p.5586.

2.3 'n Boikot van die huurmotors het wel dié dag begin en mense is ook gewelddadig uit huurmotors verwyder en toe is daar nie verder van die huurmotors gebruik gemaak nie.  
Vol. 112 p.5587.

2.4 Bewysstuk ABA2 is ook op beslag gelê dieselfde dag by dieselfde plek. Dis 'n pamflet met UDF en COSAS-embleme op. Verder is daar ook WCCAen UWO se embleme op ABA2. Pamflet is gedruk en uitgegee deur UDF Township Area Committee van Soutrivier.

Vol. 112 p.5587.

2.5 Badi, die verdedigingsgetuie, getuig hieroor as volg:

Hy sou bewysstuk ABA1 dié dag te Rawsonville van sy "cousins child" ontvang en gelees het en daaroor "happy" gevoel het.  
Vol. 379 p.21953.

2.6 Die kind wat bewysstuk ABA1 aan Basdi sou gegee het, was 'n dogtertjie Thembu Nkosi.

Vol. 379 p.21979.

2.7 Badi weerspreek die Verdedigingsstelling ook wat beweer dat bewysstuk ABA1 verwys na die uitsetting van mense wat nie hul huur betaal nie (vol. 112 p.5598), en beweer die bewysstuk ABA1 verwys na die kinders wat trou en dan uitgesit word uit hul ouerhuise om hul eie sink huise op te sit.

Vol. 379 p.21981.

2.8 Badi se verduideliking oor hoekom hy "happy" gevoel het oor bewysstuk ABA1, is ongeloofwaardig.

Vol. 379 p.21985.

2.9 Badi se verdere getuienis oor dié pamflet, is soos supra betoog, hoogs ongeloofwaardig en onaanvaarbaar.

3. Gebeure 16 September 1984:

3.1 Badi getuig hy is dié dag na 'n vergadering, na 'n munisipale polisieman, Billy-boy Xabela, met 'n luidspreker die vergadering aangekondig en ook raadslede uitgenooi het.

Vol. 379 p.21954.

3.2 Badi getuig dat hy die 15de en 16de September 1984 steeds met sy huurmotor gery het en dat niks buitengewoons gebeur het nie.

Vol. 379 pp.21954-5.

3.3 Op die vergadering van 16 September 1984 het Badi ook aangedui dat hul bedank het, maar dit nog net nie aan die gemeenskap bekend gemaak het nie.

Vol. 379 p.21955.

4. 18 September 1984 se vergadering:

4.1 Badi getuig dat op die vergadering het al die Raadslede behalwe drie bedank en hul bedankings bekend gemaak na die voorsitter gesê het waarom hul bedank.

Vol. 379 p.21956.

5. 23 September 1984 en latere gebeure:

5.1 Getuie is na raadslid Tsoko se huis a.g.v. klagte en op die grasperk kry MacDonald 'n petrolbom en voor heining kry hy nog 'n petrolbom.

5.2 In Maand later is Tsobo se meubels uitgedra, uitgebrand en toe is Tsobo se huis ook afgebrand en ook is die huurmotor van Tsobo uitgebrand. Tsobo vlug toe en is steeds onopsporbaar.  
Vol. 112 p.5590.

5.3 Dis gestel dat die brand van Tsobo se huis het in Julie 1985 gebeur.

Vol. 112 pp.5593-4.

5.4 Dis gestel dat Tsobo het eers in Augustus 1985 verdwyn uit Zwelethemba.

Vol. 112 pp.5596-7.

5.5 Dis ook gestel daar was 'n persepsie in die gemeenskap dat Tsobo met die Polisie "saamgewerk" en "saamgeloop" het.

Vol. 112 p.5598.

5.6 Badi se getuienis omtrent wanneer Tsobo se huis gebrand het (eers gesê nie voor Augustus 1985 nie, toe weer amper seker dis Julie 1985, en derdens sê hy hy kan nie betwissel dit Oktober 1984 was nie, is ongeloofwaardig.

Vol. 379 pp.21991-2.

6. Uit die getuienis in geheel is dit, met respek duidelik,  
dat -

6.1 UWO, WCCA en CAHAC in Worcester die massas organiseer en  
mobiliseer het teen die Regering en ook Swart Plaaslike  
Besture.

6.2 Dat daar gereelde skakeling was tussen die organisasies  
en UDF via hul hoofkantore in die Kaap.

6.3 Dat UDF self in dié woongebiede te Worcester die massas  
mobiliseer het teen die Regeringstelsel en Swart Plaaslike  
Besture.

6.4 Dat geweldpleging teenoor die Raadslede wel geskied het  
in Zwelethemba, en dit word betoog dat die geweldpleging die  
direkte gevolg was van die osweping van die massas deur UWO,  
WCCA en CAHAC teen die Raadslede - dit was pas 'n week na UWO  
en WCCA hul pamflet teen die Raadslede versprei het in Worcester.

SOMERSET-OOS

1. 1984

1.1 Mguba het getuig dat SEYCO, SERA in 1984 aktief was in Somerset-Oos.

Vol. 110 pp.5469-70.

1.2 SERA se lede op die bestuur was:

Wilfred Mdodo, Eric Ngwalangwala, Wilson Ngwalangwala, Tami Mbotya

1.3 SEYCO-bestuurslede:

Mzukisi Banzaha (President), Andile Ntshutu.

Daar was ook nog 'n COSAS-tak in Somerset-Oos.

Vol. 110 p.5470.

1.4 Die Bestuurslede van COSAS was:

Andile Ntshutu, (Organiseerder); Ludoe Jafta (Sekretaris):  
Ludoe Nxaye (net in bestuur); Alex Mapela en Zola Desana  
(lede in bestuur).

1.5 Die organisasies het vergaderings gehou in die gemeenskapsaal en in kerkgeboue en die vergaderings was adverteer in Somerset-Oos.

Vol. 110 p.5471.

1.6 Op die plakkate was geskryf "Viva Sera", "SEYCO", "COSAS", "UDF" en soms "Viva ANC".

Vol. 110 p.5472.

1.7 Hy ken ook vir Mathew Goniwe, organiseerder van UDF (O/Kaap), Mbulelo Goniwe en M Makaola, lid van UDF (O/Kaap).  
Vol. 110 p.5472.

1.8 In 1984 is 'n kampanje gevoer teen die Raadslede - dit het begin met pamflette, plakkate - en dit is gesê die Raadslede onderdruk die mense. Dit is ook gesê dat Raadslede is net "puppets" van die Regering en dat daar geen vordering in die woongebiede is nie. Dis ook gesê Raadslede is "sell-outs".  
Vol. 110 pp.5473-4.

1.9. Dis gestel dat SERA in April 1985 gestig is.  
Vol. 110 p.5498.

1.10 Dis gestel daar was "committees (interim) and not formal organisations which co-operated with Cookhouse and other neighbouring organisations".  
Vol.110 p.5499.

1.11 Dis gestel dat daar was 'n poging om SEYCO in 1984 te stig, maar dat dit onsuksesvol was.  
Vol. 110 p.5499.

1.12 Dis gestel dat SEYCO nie "weggekom het van die grond" omdat die Administrasieraad nie toestemming wou gee vir die gebruik van hul saal nie.  
Vol. 110 p.,5499.

1.13 Dis gestel dat SEYCO ook net 'n interim komitee was en dat die saal nie gegee was nie omdat gesê was hul is onwettige organisasies omdat hul geen konstitusie gehad het en nie stigtingsvergadering gehad het nie.

Vol. 110 p.5499.

1.14 Dis gestel dat ene Dune Mmyandi van 10 jaar oud deur die S.A. Polisie gedood (geskiet) is. Du Pisani het getuig dat die Polisie besig was om padversperrings te verwijder, toe hul aangeval word met klippe en hul skiet toe op die groep aanvallers en dis hoe Dune Mmyandi getref is, sy was ook nie 10 jaar oud nie, maar 19jaar oud.

Vol. 109 p.5420.

1.15 Dis gestel dat Mguba in die woongebied rondgery het en mense in die algemeen met sy R1-geweer gedreig het.

Vol. 109 p.5419.

1.16 Dis gestel dat Memese 'n vigilante-groep probeer stig het in die woongebied.

Vol. 109 p.5420.

1.17 Vir die Verdediging het mnr Gqobane getuig dat hy 'n onderwyser by die Hoërskool te Sometset-Oos is.

1.17.1 Hy beweer dat hy Zola Tesana nie geken het in 1984 nie, maar eers later, met sy aanhouding, het hy die man leer ken.

Vol. 394 p.22861.

1.17.2 Hy beweer hy het die eerste keer in Januarie 1985 van SEYCO, en in April 1985 van SERA, en ook die eerste keer van COSAS te Somerset-Oos gehoor in Augustus 1984.

Vol. 394 pp.22861-2.

1.17.3 Gqobane bevestig dat hy besig was in 1985 om 'n tak van NEUSA te probeer stig in Somerset-Oos.

Vol. 394 p.22879.

1.17.4 Hy bevestig dat COSAS gereeld by die skool in skoolure in die biblioteek vergaderings gehou het.

Vol. 394 p.22879.

1.17.5 Hy bevestig dat 'n PRC in 1984 by die skool was, maar dis nie aanvaar deur die skoliere nie, en toe in 1985 is die SRC's gestig deur die skoliere self.

Vol. 394 p.22880.

1.17.6 Hy bevestig dat Andile Ntshudu n COSAS-bestuurslid was, Quintun August was die COSAS-voorsitter, dat Mniti Khoba ook op die COSAS-bestuur was, dat Noni Mrambi ook 'n COSAS-bestuurslid was.

Vol. 394 p.,22881-2.

1.17.7 Gqobane erken dat hy nie weet wanneer SEYCO ontstaan het nie; hy was ook nie by die stigtingsvergadering van SERA nie, maar maak net 'n algemene stelling dat SERA nie voor April 1985 bestaan het nie.

Vol. 394 p.22883.

1.17.8 Die getuie kan nie ontken dat Andile Ntshudu ook op SEYCO se bestuur was nie.

Vol. 394 p.22884.

1.17.9 Hy erken die SERA-bestuur soos aan hom gestel was.

Vol. 394 p.22884.

1.17.10 Gqobane is 'n man wat nie eens weet wanneer die Raadslede te Somerset-Oos verkies is nie - dit word respekvol betoog dat die getuie se ontkenning van die hou van vergaderings deur Raadslede ook in dié lig gesien moet word - hy is klaarblyklik 'n persoon wat nie op die hoogte is met die politieke gebeure in sy woongebied nie.

Vol. 394 p.22886.

1.18 Alex Mapela het getuig vir die Verdediging en het ontken dat hy die President van COSAS was in Somerset-Oos.

Vol. 395 p.22958.

1.19 James Plaatjie het ook vir die Verdediging getuig:

1.19.1 Hy weerspreek Gqobane se getuienis dat Andile Ntshudu 'n COSAS-bestuurslid was.

Vol. 394 pp.22881-2.

Vol. 396 p.22990.

1.19.2 Plaatjie bevestig dat al die leerlinge by die skool COSAS-lede was.

Vol. 396 p.23008.

1.19.3 Plaatjie bevestig verder dat die boikot by die skool op besluit is, tydens 'n COSAS-vergadering.

Vol. 396 p.23009.

2. Julie/Augustus 1984

2.1 Rich het getuig dat alles stil en rustig in die woongebiede was tot Julie/Augustus 1984, toe hy agterkom mense tree moedswillig op in die woongebiede - hul grawe slote oor paaie, pak klippe oor paaie, breek waterkrane af en breek ook straatligte.

Vol. 112 pp.5554-5.

2.2 Van Augustus kry hy plakkate wat opgeplak is en dat pamflette versprei word. Die pamflette het oor COSAS en UDF se aktiwiteite gehandel.

2.3 Die pamflette en plakkate het ook vergaderings adverteer van wie Goniwe 'n spreker sou wees, asook ene Fazzie.

Vol. 112 p.5555.

2.4 Die plakkate en pamflette was verbrand toe sy kantore afgebrand is op 16 Maart 1985.

Vol. 1123 p.5556.

2.5.1 Die Verdedigingsgetuie Gqobane bevestig dat padversperrings aangebring was in die woongebiede, maar hy weet nie wanneer dit was nie.

Vol. 394 pp. 22886-7.

2.5.2 Gqobane getuig dat dis nie gesê wie die skole-boikot in Augustus 1984 uitgeroep het nie, hul het net gesien die skoliere boikot die klasse.

Vol. 394 pp.22888-9.

2.5.3 Hy getuig dat hy op goeie voet met die skoliere verkeer het, maar dat hul nooit vir hom gesê het wie agter die klasseboikot is nie en hy het hul ook nooit gevra nie.

Vol. 394 p.22890.

2.6 Plaatjie het getuig vir die Verdediging.

2.6.1 Dat die boikot op 'n COSAS-vergadering uitgeroep is.

Vol. 396 p.23009.

2.6.2 Plaatjie bevestig dat hul nie die ouers se mening ingewin het voor hul besluit het om te boikot nie.

Vol. 396 p.23011.

3. September 1984

3.1 Labuschagne van Cradock het getuig dat sedert September 1984 was daar 'n COSAS-tak in Somerset-Oos.  
Vol. 119 p.5953.

3.2.1 Mnq Gqobane getuig dat hy in September 1984 'n massa-vergadering in die Gemeenskapsaal bygewoon het.

Hy getuig ook dat daar by die skool waar hy skool gehou het vanaf Augustus tot Desember 1984 'n skole-boikot was.  
Vol. 394 p.22862.

3.2.2 Gqobane getuig dat COSAS die vergadering in September 1984 gereël het en dat Quintin August die Voorsitter was. Ander lede van die COSAS-bestuur wat op die vergadering was, was Jeffrey Sambokwe, Ndumiso Matsimbi, Zola Mangali en ander wie hy nie kan onthou nie. Die sprekers van die COSAS-bestuur wat gepraat het, het die redes vir die boikot uiteengesit.

Vol. 394 p.22863.

3.2.3 Die COSAS-bestuur sou die gehoor aangeraai het om die skool- opleiding te hervat omdat die eksamens naby is.

Vol. 394 p.22864.

3.2.4 Ook sou Andile Ntshudu gepraat het en die voorstel van die COSAS-bestuur gesteun het en ouers gevra om die kinders aan te moedig om die skool by te woon. Ook die getuie self

sou gepraat het op die vergadering en dieselfde bevestig het as Mtsbudu. Getuie bevestig verder dat die skoliere wel terug skool toe is om eksamens aan die einde van die jaar te gaan aflê.

Vol. 394 p.22865.

3.2.5 Later draai Gqobane om en sê die skoliere het net na die September 1984 vergadering teruggekeer na die skool en daar gebly tot na die eksamens.

Vol. 394 pp.22866-7.

3.2.6 Gqobane het getuig dat die vergadering waarop besluit is dat die skoliere weer klasse sou bywoon, oor 'n naweek gehou was, en dat die skoliere toe die eersvolgende Maandag wel terug klasse-toe is.

Vol. 394 p.22892.

3.2.7 Gqobane ontken dat die skool-boikot nog in Desember 1984 aan die gang was soos in bewysstuk W32 p.12, paragraaf 89 rapporteer word, en beweer dat die skole weer hervat is in September 1984 (anders as wat hy aanvanklik getuig het- nl. dat die boikot tot Desember 1984 aangehou het).

Vol. 394 pp.22893-4.

3.3 Alex Mapela het vir die Verdediging getuig dat -

3.3.1 Die skole-boikot in September 1984 plaasgevind het, en dat COSAS ook voor die boikot in September 1984 'n tak by hul skool gestig het.

Vol. 395 pp.22952 en 22958.

3.3.2 Mapela weerspreek Gqobane en beweer die skole-boikotte het eers in September 1984 by die skool begin.

Vol. 395 p.22959 en

Vol. 396 p.22968.

3.3.3 Mapela is ooglopend 'n ontwykende getuie wat baie kardinale aspekte nie kan "onthou" nie, soos wanneer die boikot in September 1984 begin het, wie die voorbok was op die vergadering toe op 'n boikot besluit is.

Vol. 396 pp.22960-1.

3.3.4 Hy bevestig dat COSAS saamgestem het dat geboikot moet word by die skool.

Vol. 396 p.22961.

3.3.5 Die boikot volgens hom sou gewees het oor 'n tekort aan onderwysers en biblioteek-toebehoere, en niks anders nie.

Vol. 396 p.22962.

3.3.6 Mapela beweer dat in September 1984 was by 'n skoliere-vergadering in die biblioteeksaal besluit dat die skoliere

klasse sal hervat, en daarna is 'n vergadering (ook in September) gehou met die ouers.

Vol. 396 p.22963.

3.3.7 Alhoewel hul nie die ouers geraadpleeg het toe hul besluit het om te boikot nie, het hul besluit om die ouers te betrek in 'n vergadering om hul kwansuis in te lig dat hul nou teruggaan na die skool - dié vergadering is deur COSAS belê.

Vol. 396 pp.22964-5.

3.3.8 Volgens Mapela het hul eers in Oktober terug klasse toe geaan, en nie soos Gqobane beweer, in September nie.

Vol. 396 p.22967.

3.3.9 Mapela kom met die ooglopende vals relaas vorendag dat hy die eerste keer van 'n PRC gehoor het in die hof, hy het nooit geweet die skoliere by sy skool is ongelukkig omdat 'n PRC ingestel is by sy skool nie - dis botsend met Gqobane se getuienis.

Vol. 396 p.22968.

3.3.10 Mapela beweer dat hul tot Oktober gewag het voor hul die klasse hervat het omdat daar skoliere was wat "ver" gebly het van die skool af en hul dié eers moes bel om terug skooltoe te kom. Dis botsende met Gqobane se getuienis.

Vol. 396 p.22970.

3.4. Plaatjie het namens die Verdediging getuig:

3.4.1 Hy betwiss Gqobane se getuienis dat Gqobane die enigste spreker op die September-vergadering sou gewees het wat namens die ouers gepraat het.

Vol. 396 p.23012.

3.4.2 Plaatjie weerspreek Mapela se getuienis dat hul na die September-vergadering sou gewag het vir die skoliere wat ver bly en eers op 1 Oktober 1984 sou terugkeer skooltoie, maar getuig dat hul die eersvolgende Maandag na die vergadering terug is skooltoie.

Vol. 396 p.23012.

#### 4. 8 Oktober 1984

4.1 Labuschagne het beslag gelê op dokumente by die huis van Ndomiso Matsimbi - ABA54.

4.2 Ook op dieselfde dag is beslag gelê op dokumente by die huis van Jeffrey Sambokwe - ABA55.

Vol. 119 pp.5953-4.

4.3.1 Gqobane vir die Verdediging beweer dat hy reeds voor Oktober 1984 gehoor het die skoliere wil 'n SRC, en nie 'n PRC, hê.

Vol. 394 p.22894.

4.4 Mapela het ook getuig:

4.4.1 Sy getuienis dat hy "nie kan onthou" of die leerlinge in Oktober rond marsjeer het op die skoolterrein, dat hul die skoolhoof wou aanrand nie is ooglopend vals - so iets sal 'n leerling nooit vergeet as dit gebeur het nie.

Vol. 396 pp.22968-9.

5. November 1984

5.1 'n Vergadering in die Gemeenskapsaal in die ou Lokasie gehou deur SERA, SEYCO en COSAS op 'n Sondag. Luidsprekers is gebruik by die vergadering en Mgaba het gehoor vanaf 'n huis agter die saal, wat gesê word.

Vol. 110 p.5474.

5.2 As sprekers het Nguba gehoor dat o.a. Mzukise Banzana, Andile Ntshutu en Eerwaarde Msiza voorgestel word.

5.3 Banzana is as president van SEYCO, en Ntshutu as organiserder en voorsitter van SEYCO voorgestel.

5.4 Tema van die vergadering was dat Raadslede doen niks vir die gemeenskap en hul onderduik die mense. Dis gesê dat die huur word daagliks verhoog en niks word daaromtrent gedoen nie.

Vol. 110 p.5475.

5.5 Dis gesê Raadslede moet bedank en mense kan nie huurgelde bekostig nie. Dis ook gesê as Raadslede nie bedank nie, kan hul beseer of gedood word.

5.6 Dis ook gesê Raadslede sal na volgende vergadering die volgende Sondag genooi word, om voor die gemeenskap te bedank.  
Vol. 110 p.5476.

5.7 Die mense is gesê om op te hou om vriende met SA Polisie te maak en dat hul moet ontslae raak van Polisie. Dis gesê as mense nie ophou om vriende met die SA Polisie te wees nie, sal hul gebrand word.

Vol. 110 p.5476.

5.8 Die volgende Sondag is weer 'n vergadering in die gemeenskapsaal gehou en dis belê gewees deur SERA, SEYCO en COSAS. Voor die vergadering begin het, het hy Raadslede by die vergadering gesien.

Vol. 110 p.5477.

5.9 By die vergadering het hy mnr Njenje, Lottering, Dulwana en mnr Kwatsha gesien. Die saal was vol, en mense het buite ook gestaan. Luidsprekers was weer gebruik gewees op die vergadering.

5.10 Andile Ntshutu het aan die Raadslede gesê hul moet bedank - die gemeenskap eis dit want die Raadslede doen niks vir die gemeenskap.

Vol. 110 p.5478.

5.11 Ntshutu het gesê die gemeenskap kla oor die toestand van die Lokasie, huurgelde, en het gesê as Raadslede nie bedank nie, staan hul voor die "wiel van die mense" wat na gemeenskap se klagtes omsien.

5.12 Al die teenswoordige Raadslede sê toe hul bedank van dié dag af. Dit was nie die waarheid nie - hul het nie bedank nie, maar so voorgegee.

Vol. 110 p.5479.

5.13 Die Raadslede het agteraf voortgegaan met hul werk en buite die woongebied vergaderings gehou.

Vol. 110 p.5480.

5.14 Rich het getuig dat November 1984 het drie mense by hom gekom en gesê hulle wil die saal vir 'n UDF-vergadering boek. Een het gesê hy's die president van SEYCO, een het gesê hy's Balazana - Rich weier hul die saal en hul loop toe weg.

Vol. 112 p.5556.

5.15 Verdediging het gestel dat Raadslede se aansien gedaal het toe hul gemaak het asof hul bedank.

Vol. 111 p.5543.

5.16 Gqobane het vir die Verdediging getuig.

5.16.1 Dat hy in November 1984 'n massavergadering in die gemeenskapsaal bygewoon het wat deur COSAS gereël was en

waarvan ene Sibadla Mnyakama die voorsitter was. Andile Ntshudu sou ook hier 'n spreker gewees het. Ntshudu sou op die vergadering weer gepraat het oor probleme by die skool en in die gemeenskap en sou gesê het dat die Raadslede aan die gemeenskap moet rapporteer as hul nie die probleme van die gemeenskap kan oplos nie, sodat die gemeenskap kan besluit wat gedoen behoort te word.

Vol. 394 pp.22866-8.

5.16.2 Gqobane getuig dat op die vergadering is gepraat oor die lelike toestand van die paaie en die tekorte aan waterkrane - dit is 'n "ding wat sommer so daar opgeduik het".

Vol. 394 p.22901.

5.16.3 Na Gqobane aanvanklik ontken het dat dié vergadering eintlik oor die Raadslede gehandel het, erken hy dat gesê was die Raadslede doen niks vir die gemeenskap nie.

Vol. 394 p.22902.

5.16.4 Gqobane ontken dat op die vergadering geëis is dat Raadslede moet bedank of dat enige dreigemente ge-uiter was op die vergadering.

Vol. 394 pp.22903-4.

6. Desember 1984

6.1 Rich het getuig dat slagspreuke teen mure in woonplekke aangebring is wat hy doodgeverf het en toe is dit weer aangebring. Slagspreuke soos "UDF" en "ANC" is aangebring.

Vol. 112 p.5557.

7. Begin 1985 - Januarie-Februarie 1985

7.1 Nguba het die begin van 1985 'n vergadering in die Apostoliëse Kerk in Somerset-Oos bygewoon.

Vol. 110 p.5480.

7.2 Die vergadering was deur SERA, SEYCO en COSAS belê gewees en Mguba het buite in 'n kar observasie gehou by die vergadering.

7.3 Mathew Goniwe en N Makaola het die vergadering bygewoon.

7.4 Andile Ntshutu, (Panama Nyenye en Gqobane van SEYCO) het met Goniwe en Makaola by die vergadering aangekom.

7.5 As gevolg van luidsprekers, het hy gehoor wat op vergadering gesê word.

Vol. 110 p.5481.

7.6 Goniwe is as spreker van UDF voorgestel en het oor COSAS gepraat - (hy kon nie hoor wat).

7.7 Goniwe het ook oor "street committees" gepraat en gesê wat hul pligte was. (Hy kon nie presies hoor nie).

Vol. 110 p.5482.

7.8 Goniwe het gesê dat "Street Committees" op ander plekke al bestaan en dat Somerset-Oos nou dit moet stig want dit sal Raadslede se pligte moet oorneem. Goniwe het gesê die Polisie sal niks met lokasie te doenê hê - mense sal by "Street Committees" gaan kla. Hy't ook gesê organisasies moet bymekaar kom sodat hy kan verduidelik hoe "Street Committees" sal werk.

Vol. 110 p.5483.

7.9 Labuschagne het getuig dat in Januarie 1985 hy op kantoor was as Stasiebevelvoerder.

7.10 13 persone het gekom en gesê hul het grieë wat hul aan hom wou stel en hy moet dit help oplos om onluste te voorkom.

Vol. 109 p.5425.

7.11 Andile Ntshutu sê hy's president van COSAS, tien ander is COSAS-lede en twee is van die gemeenskap. Panama Njenje is as COSAS-organiseerder voorgestel.

7.12 Ntshutu het gesê wat grieë is nl -

- (a) Biersaal moet uit die woongebied verskuif word en die gebou moet as biblioteek aangewend word.
- (b) Grondpaaie moet geteer word.
- (c) Straatligte moet aangebring word.

- (d) Polisie-optrede in woongebied gestaak moet word.  
Vol. 109 p.5426.
- (e) Ntshutu het gesê as die biersaal nie verskuif kan word nie, mag dit nie Sondae oopgemaak word nie,
- (f) Ander grieve was - Raadslede moes bedank.
- (g) Dat 'n alternatiewe stelsel wat hul pas, ingestel moes word.
- (h) Hul wou die skoolgronde omhein hê.
- (i) Hul was ontevrede oor die skoolhoof en het ook gekla dat
- (j) die onderwysers nie goed gekwalifiseerd is nie.

7.13 Labuschagne het gesê hy sal ingaan op hul grieve en hul laat weet wat die uitslag is.

Vol. 109 p.5427.

7.14.1 Gqobane het getuig dat hy in Januarie 1985 'n massa-vergadering van SEYCO in die gemeenskapsaal bygewoon het.  
Tydelike komitee van SEYCO sou die vergadering belê het.

Mzubisi Banzana was die hoofspreker en het na die probleme van die jeug, soos hul dronkenskap, leeglêery verwys en het gesê dat dit belangrik is dat die jeug moet verenig en aan musiek "deelneem". Sover die getuie weet was hierdie nie die stigting van SEYCO nie en weet hy nie of dit agterna gestig is nie.  
Aan die einde van die vergadering is 'n komitee verkies waaronder Mzukisi <sup>B</sup>Banzana as president, Panama Njenje as vise-

president, Ntombentsha Dilima as sekretaris, James Plaatjies as organiseerder en Thozamile Mjesha ook as organiseerder.

Andile Ntshudu was nie op die komitee verkies nie.

Vol. 394 pp.22869-70.

7.14.2 Hy sou ook dieselfde tydperk 'n vergadering in die Apostoliese Kerk bygewoon het op 'n weeksdag. Dr Boesak was die hoofspreker, hy weet nie wie die byeenkoms belê het nie. Hy beweer ook dat Goniwe as tolk vir Dr Boesak sou opgetree het.

Vol. 394 pp.22870-2.

7.14.3 Gqobane erken dat hy nie weet wie dié sg. biduur belê het nie.

Vol. 394 p.22905.

7.14.4 Gqobane getuig dat die "biduur" 12h00 moes begin, maar toe hy om 14h00 opdaag, het dit nog nie begin nie.

Vol. 394 p.22906.

7.14.5 Gqobane het getuig dat net Dr Boesak tydens die "biduur" sou gebid het - met die opening en afsluiting. Eerwaarde Nloyanto het net Dr Boesak voorgestel, en niks anders gedoen nie.

Vol. 394 p.22907.

7.14.6 Gqobane getuig dat behalwe om te vra dat vir alle gevangenes gebid moet word, het Dr Boesak ook gepraat en gesê die besigheidsmense moet toesien dat die workers se lewensstandaarde verbeter word en hul beter besoldig word.

Vol. 394 p.22908.

7.14.7 Gqobane getuig in die algemeen nie van enige grieve in die gemeenskap t.o.v. die biersaal, polisie-optredes, dat die gemeenskap 'n alternatiewe struktuur vir die raadstelsel wou gehad het of teen die skoolhoof nie.

Vol. 394 p.22909.

7.15 Mapela het getuig:

7.15.1 Dat hy op 4 Februarie 1985 "papiere" teen die deure van die klaskamers gelees het wat bedoel was om die onderwysers uit die klaskamers te hou. Die onderwysers sou toe terug na die personeelkamer gegaan het.

Vol. 396 p.22970.

7.15.2 Mapela se getuienis oor dié notas is ooglopend vals:

- (a) Gqobane, een van die onderwysers by die skool is deur die verdediging geroep om te getuig en hy het nie 'n woord hieroor gerep nie.

(b) Hul het nooit uitgevind of probeer uitvind wie die notas aangebring het op die deure nie.  
Vol. 396 p.22970.

(c) Hul het nie van die onderwysers probeer uitvind waar die notas vandaan kom nie.  
Vol. 396 p.22971.

(d) Alhoewel hul ontevrede was oor die notas, het hul niks daaromtrent gedoen nie.  
Vol. 396 p.22971.

(e) Hy was "bang" vir die persoon wat die notas aangebring het en hul skoliere het nie eers onder mekaar oor die nota gepraat nie, so bang was hul.  
Vol. 396 p.22972.

(f) Die volgende dag is hul toe skielik nie meer bang nie en belê 'n vergadering hieroor in die skoolsaal.

Tog bespreek hul nie die notas op dié vergadering nie, maar hul griewe oor die biblioteektoerusting en ongekwalifiseerde onderwysers.

Vol. 396 pp.22972-3.

7.16 Plaatjie het getuig oor die vergadering in die Apostoliese Kerk.

7.16.1 Hy beweer die "biduur" is gehou gedurende skooltyd en die skool het eintlik vir dié biduur gesluit.

Vol. 396 p.23014.

7.16.2 Verder weerspreek hy Gqobane wat beweer hul is eers om 14h00, na skool, na die Kerk, en ook waar getuig word dat daar nie 'n voorsitter was nie, maar dat Dr Boesak alles self op die byeenkoms sou gedoen het.

Vol. 396 p.23014.

Vol. 394 pp.22906-7.

7.16.3 Sy getuienis bots ook met dié van Gqobane wat beweer het die vergadering het eers +14h00 begin, want Plaatjie beweer die vergadering was om 12h30 al verby omdat Dr Boesak haastig was.

Vol. 396 p.23014.

7.16.4 Plaatjie beweer verder dat Boesak nie net gebid het vir die vrylating van almal in gevangenisse (selfs diewe) nie, maar in sy "preek" ook gesê dié mense moet vrygelaat word - hy het geen redes ook gegee nie.

Vol. 396 p.23016.

7.16.5 Hy weerspreek ook die Verdedigingsgetuienis dat iemand anders tydens die "biduur" sou gepraat of gebid het en ontken ook dat Boesak sou gesê het daar moet bidure gereël word.

Vol. 396 p.23017.

7.16.6 Dis eienaardig dat Gqobane, wat teenwoordig sou gewees het op die vergadering toe SEYCO se komitee verkies was en wat oor die vergadering getuig het, nooit 'n woord gerep het oor die opstel van die SEYCO-konstitusie op dié vergadering soos Plaatjie nou beweer nie.

Vol. 396 p.23021.

7.16.7 Ook swyg Gqobane oor die sg. aanvaarding deur SEYCO op dié vergadering, van die kleure swart, groen en geel as SEYCO se amptelike kleure.

Vol. 396 p.23022.

7.16.8 Plaatjie vertel ooglopend leuens vir die hof oor die sg. verkryging van 'n SEYCO-banier eers in Junie 1985 - hy kan nie verklaar waarom hul toe dit wou gehad het nie; al hul ander lede was aangehou en na Maart 1985 het SEYCO nie meer opereer nie. Hy vertel ook dat hul toe die banier "net wou gehad het".

Vol. 396 p.23022.

Respekvol word betoog dat dié vals getuienis omtrent 'n banier wat eers in Junie 1985 verkry sou gewees het, uitsluitlik gelewer is om te probeer weerlê dat so 'n banier reeds in Maart 1985 vertoon was deur SEYCO.

7.16.9 Plaatjie weerspreek Mapela oor die sg. notas wat op 4 Februarie 1985 teen die deure van die klaskamers opgesit sou gewees het:

- (a) Eerstens beweer hy, anders as Mapela, dat almal dadelik rondgeloop het en wou weet wie die notas aangebring het.

Vol. 396 p.23025.

- (b) Verder beweer hy hul het dieselfde dag, (en nie eers die 5de nie), vergader by die skool om dié kwessie te bespreek.

Vol. 396 p.23025.

7.16.10 Plaatjie beweer ook, anders as Mapela, dat hul by dié vergadering uitgevra het dat ene Toto Nangu o.a. agter die notas is.

Vol. 396 p.23026.

7.16.11 Plaatjie beweer dat hul na die vergadering van die 4de Februarie 1985, voortgegaan het met hul klasboikot totdat hul op 11 Februarie 1985 weer vergader het en besluit het om die gemeenskapsaal te bekom waar hul hul griewe met die ouers sou bespreek het.

Vol. 396 p.23026.

7.16.12 Plaatjie beweer dat die vergadering van 11 Februarie 1985 die laaste was wat die skoliere, ñf COSAS ñf die SRC gehou het en dat hul die hele 1985 klasse geboikot het.

Vol. 396 p.23027.

7.16.13 Plaatjie weerspreek die getuienis van Mapela dat daar al op 5 Februarie 1985 besluit sou gewees het dat die skoliere op 11 Februarie 1985 na die Raad se kantore sou gaan.

Vol. 396 p.23029.

7.17 Mbotsha getuig oor die vergadering in die Apostoliese Kerk:

7.17.1 Sy getuienis oor hoe laat die "biduur" moes begin het, is ooglopend 'n poging om verby die teenstrydige getuienis van Mapela en Gqobane te kom - hy beweer daar is net gesê die biduur is in die namiddag en hy het ook nie opgelet hoe laat hy daar gekom het nie. Ook beweer hy dat die namiddag van 13h00 tot sononder kan beteken.

Vol. 406 p.23678.

7.17.2 Mbotsha se getuienis as sou een van die predikante die biduur met gebed ge-open het en die voorstelling van Boesak, Goniwe en Makhawula gedoen het, is direk strydig met die getuienis van Gqobane (paragraaf 7.14.5 supra) en Plaatjie (paragraaf 7.16.1); (paragraaf 7.16.5).

Vol. 406 p.23679.

7.17.3 Mbotsha se getuienis as sou Boesak nie gebid het nie, bots ook met Gqobane (paragraaf 7.14.5) en Plaatjie (paragraaf 7.16.4).

Vol. 406 p.23680.

8. 10 Februarie 1985

8.1 Die groep wat Januarie by Labuschagne was, (13), het hom weer onder leiding van Andile Ntshutu kom sien.

8.2 Hy't hul gesê hul griewe is na hoër gesag verwys en van die griewe sal deur die plaaslike owerheid hanteer word. Die groep was ontevreden en is daar weg.

Vol. 109 p.5427.

8.3 Sersant Labuschagne (van Cradock), het Lt. Labuschagne besoek te Somerset-Oos. Toe hy daar aankom, kom 13 Swartes uit Lt. Labuschagne se kantoor. Hy ken toe vir Andile Ntshutu, Quintin August, None Ngamba, Panama Nyenye en Jeffrey Sambolewe - almal was COSAS-lede behalwe Panama Nyenye.

Vol. 119 p.5955.

Panama Nyenye was die organiseerder van al die organisasies in Somerset-Oos d.i. COSAS, SEYCO, SERA - hy's 'n werklose jeugdige.

Vol. 119 p.5956.

Niemendael  
Gat nie maar  
Idr

9. 11 Februarie 1985

9.1 Rich het getuig dat hy dié dag op kantoor was. Memese, die voorsitter van die Gemeenskapsraad is 'n kassierklerk aldaar en was ook in die kantoor.

9.2 Om 9h00 - 10h00 kom ± 500 Swartes, tussen 15-25 jaar oud, op die kantoor afgestorm. Die kantoor is omhein en hul kom by die hek in. Hy keer hul toe by die toonbank toe die voorstes van die groep in die kantoor inkom. Hul sê hul soek Memese. Rich sê hulle kan hom nie kry nie, hy is aan diens.

Vol. 112 p.5559.

9.3 Hy verdryf die groep uit die kantoor en die perseel met 'n kierie en sluit die kantoor. Die groep was dreigend. Hy laai 3 patronen in 'n haelgeweer en gee dit vir Memese en het gesê Memese moet in die "van" inspring. Hy sluit die kantoor en hul jaag met "van" weg, terwyl die groep hul "van" aanval met klippe. Hul rapporteer by die SA Polisie oor die aanval.

Vol. 112 p.5560.

9.4 Hul jaag toe na Memese se huis vandaar en kry die ruite is uitgegooi, hul ry toe verder na Petrus Antonie @ "Moolman" se huis - hy is die hoofverkoopsman by die biersaal - dié huis is halwe kilo van Memese se huis en sy huis was ook stukkend gegooi met klippe.

9.5 Hul ry toe terug na Memese se huis en kry die SA Polisie in omgewing daar en klim uit. Toe gooい die Swartes hul met klippe.

Vol. 112 p.5561.

Daar was ± 200 wat klippe gegoci het en Memese skiet 'n skoot terwyl die groep ook polisie met klippe gooі.

Vol. 112 p.5562.

9.6 Hul gaan weer na Memese se huis en daar sien hul dat die inhoud van die huis ook verwoes was.

Vol. 112 p.5562.

9.7 Dis gestel dat Memese het, terwyl Rich hulle nog by die kantoor was, werknemers van die biersaal uitgeroep wat met assegaaie en spiese bewapen was.

Vol. 112 p.5580.

9.8 Dis gestel dat Memese het naby die kantore die geweer gebruik - hy het gedreig met die ding.

Vol. 112 p.5580.

9.9 Dis gestel dat Memese naby die skool van die vuurwapen gebruik gemaak het.

Vol. 112 p.5581.

9.10 Dis gestel dat die groep wat geloop het op 11 Februarie 1984, was verteenwoordigers van die SRC en Andile Ntshutu en ander was gekies as lede van SRC.

Vol. 108 p.5407.

9.11 Dis gestel dat daar 'n klein groepie verteenwoordigers na die burgemeester (Memese) gegaan het.

Vol. 108p.5407.

9.12 Dis gestel dat Memese in besit van die geweer was toe die jongmense kom vra het of hul die saal kan kry.

Vol. 108 p.5408.

9.13 Dis gestel dat skoliere van die skool na die kantoor van Memese is om te eis dat hul die saal wil gebruik vir hul vergadering.

Vol. 108 p.5409.

9.14 Dis gestel dat Memese toe na die biersaal is en werkers gekry het om die jongmense te konfronteer - die werkers het met spiese en assegaaie na jongmense gekom.

Vol. 108 p.5409.

9.15 Dis gestel dat Memese die jongmense met 'n geweer gedreig het terwyl die werkers met assegaaie en spiese gedreig het en Memese het gesê "julle kleintjies sal nie vir my sê wat om te doen nie, julle hoort in die skool".

Vol. 108 p.5409.

9.16 Dis ook gestel dat a.g.v. Memese se optrede die meeste skoliere terug na die skool gehardloop het.

Vol. 108 p.5409.

9.17 Dis verder gestel dat Antonie wie se huis aangeval was, was een van die mense wat met assegaaie gewapen was en gedreig het.

Vol. 108 p.5411.

9.18 Dis gestel dat Memese en die opsigter van die woongebied na die skool is, na Memese se huis beskadig was en daar het Memese die skoliere op die skoolgronde geskiet.

Vol. 108 pp.5411-2.

9.19 Dis gestel dat drie skoliere gewond was.

Vol. 108 p.5412.

9.20 Du Pusani het getuig dat op 11 Februarie 1985, dieoggend het 'n groep van ± 100 na Administrasiekantore o/v Andile Ntshutu van COSAS, gegaan. Hy sien hul is in die kantore in en sien hul kom uit en Rich en Memese kom ook uit en klim in 'n voertuig. Dié voertuig is toe onder klippe gesteek.

Vol. 108 p.5398.

9.21 Hy getuig dat die Polisie nie toe opgetree het teen die groep nie.

Hy kry berig dat Memese se huis in Mnandi word aangeval en ook Petrus Antonie se huis. Hy kry 'n groep van 2-300 wat in die straat sy voertuig met klippe gooи. Hy kry Memese se huis en sien die inhoud was verwoes.

Vol. 108 p.5399.

9.22 Dis gestel ook dat Memese met sy ondersteuners daarna op 'n bakkie deur die woongebied gery en skoliere geslaan het.

Vol. 108 p.5413.

9.23 Dis gestel dat Memese rondgegaan en mense aan SA Polisie uitgewys het vir arrestasie.

Vol. 108 p.5413.

9.24 Dis gestel dat die polisie opgetree het om Memese te stop met sy aanrandings en een van die skoliere is na die SA Polisie geneem wat ernstig geslaan was.

Vol. 108 p.5413.

9.25 Dis gestel dat een skolier se kakebeen gebreek is toe Memese probeer het om mense te arresteer.

Vol. 108 p.5413.

9.26 Dis gestel dat meeste mense wat a.g.v. Memese se optrede arresteer is, vrygelaat is.

Vol. 108 p.5413.

9.27 Dis gestel dat Konstabel Rogo bly langs die skool en hy't 'n 16-jarige dogter geskiet.

Vol. 108 p.5414.

Labuschagne het getuig dat Rogo oppad was geklee in sy uniform om aan te meld. Hy is aangeval met klippe en skiet toe op 'n groep. 'n Dogter is getref.

Vol. 109 p.5421.

9.28 Labuschagne het berig gekry dat die kantore word aangeval. Hy is soontoe en jaag mense uitmekaar.

Hy kry 'n berig dat Memese en Antonie se huise word aangeval.

Vol. 109 p.5427.

9.29 Labuschagne getuig dat hy die toneel besoek het waar Rogo geskiet het. 'n Meisie op die skoolterrein is in die bors geskiet met .38 rewolwer. Rogo het kneuswonde op sy rug gehad en op lyfband kombinasie was merke soos hy met klippe gegooi is.

Vol. 110 p.5468.

9.30 Gqobane het vir die Verdediging getuig dat hy niks weet van aanvalle op die raadskantore, die burgemeester of ander raadslede nie - dit word respektvol betoog dat dié getuie, wat dié tydperk wel in Sometset-Oos was, ooglopend feite vir die hof wegsteek en klaarblyklik 'n baie subjektiewe getuie is.

Vol. 394 pp.22909-11.

9.31 Mapela het hieroor vir die Verdediging getuig:

9.31.1 Alhoewel hul nog nie vantevore die gebruik van die gemeenskapsaal geweier was nie, besluit hul om ± 200 skoliere te laat gaan om vir die gebruik van die saal te vra omdat dit "meer gewig sou dra."

Vol. 396 p.22974.

9.31.2 Hul wou die saal gebruik om die ouers te laat weet wat hul klagtes is wat al jare lank bestaan. Dis inherent onwaarskynlik.

Vol. 396 p.22974.

9.31.3 Mapela getuig dat hy o.a. buite die kantore gekies is om een van die 10 afgevaardigdes te wees wat in die kantore sou ingaan en vra vir die gebruik van die saal.

Vol. 396 p.22975

9.31.4 Mapela ontken die stelling van die Verdediging dat Andile Ntshudu die groep sou "gelei" het, (Mapela beweer hy was nie 'eens daar nie') en ook dat hul die verteenwoordigers van die SRC sou gewees het.

Vol. 108 p.5407 en

Vol. 396 pp.22975-6.

9.31.5 Mapela beweer dat hy mnr Memese gesien het terwyl hul in die kantoor ingegaan het by mnr Rich; Memese het net stilgestaan en kyk en niks gemaak nie.

Vol. 396 p.22977.

9.31.6 Toe hul uitgedryf word deur mnr Rich, sien Mapela werkers wat by die biersaal werk - die was gewapen met assegaaie en kieries en het op hul afgestorm, waarna Mapela-hulle gevlug het. Hy beweer dat Memese steeds in die kantoor was waar hul hom gelaat het en dat mnr Rich nie die werkers ontbied het nie. Memese sou die dag glad nie gepraat het met die skoliere nie.

Vol. 396 p.22977.

9.31.7 Mapela ontken die stellings wat die Verdediging aan die Staatsgetuies sou gemaak het -

- (a) Hy ontken dat die werkers net assegaaie gehad het en beweer hul het ook stokke gehad.

Vol. 396 p.22979.

- (b) Hy ontken die stelling dat Memese na die biersaal sou gegaan het en die werkers ontbied het om die skoliere te konfrontereer.

Vol. 396 p.22979.

Vol. 108 p.5409.

- (c) Hy ontken dat die burgemeester (Memese) sou gesê het "julle kleintjies sal my nie vertel wat om te doen nie, julle hoort by die skool."

Vol. 396 p.22979.

Vol. 108 p.5409.

(d) Hy ontken dat Memese hul met 'n geweer daar sou gedreig het.

Vol. 396 p.22979.

Vol. 108 p.5409.

9.31.8 Mapela se getuienis dat hul, na Rich hul uitgejaag het sonder om na hul te luister, nie kwaad was nie, is klaarblyklik vals.

Vol. 396 p.22979.

9.31.9 Mapela getuig dat hy, na hul gevlug het van die kantore, Rich se voertuig weer dié dag gesien het so 15 meter van die skool af, dit was voor die Polisie opgedaag het. Memese sou toe op skoliere wat weg van die skool gehardloop het, in die straat af, geskiet het - hy het nie raakgeskiet nie.

Vol. 396 p.22981.

9.31.10 Memese het by die hek van die skool gaan staan, en was nie op die skoolterrein nie, Memese het geskree vir kinders op die skoolterrein en is toe weer weg.

Vol. 396 p.22982.

9.31.11 Mapela ontken die stellings van die Verdediging dat -

(a) Memese vergesel van die Polisie by die skool opgedaag het (Mapela het getuig die Polisie het na Memese opgedaag by die skool).

Vol. 396 pp.22980-1.

(b) Memese op die skoliere op die skoolterrein sou geskiet het en drie sou gewond het.

Vol. 396 p.22983 en vol. 108 p.5411.

9.32 Plaatjie het oor die gebeure van 11 Februarie 1985 getuig:

9.32.1 Dat besluit was al die leerlinge van die skool (6-700) sal stap na die Raadskantore.

Vol. 396 p.23009.

9.32.2 Dat hul by die skool al besluit het dat, behalwe tien, al die ander leerlinge buite die perseel sal wag op die tien wat sal gaan vra vir die saal.

Vol. 396 p.23031.

9.32.3 Die tien mense was nie aangewys nie, maar dit het afgehang van wie "volunteer" om te gaan.

Vol. 396 p.23031.

9.32.4 Die tien het toe buite die perseel, toe die hele klomp daar staan, "op hul eie besluit" dat hul namens die skoliere gaan praat.

Vol. 396 p.,23032.

9.32.5 Hy weerspreek Mapela se getuenis dat 'n klomp buite die perseel sou agtergebly het, dat 'n groep tot by die stoep sou saamstap en dat net hul, net tien in die kantoor in is.

Vol. 396 p.23032.

9.32.6 Plaatjie weerspreek nie net die Verdediging se stelling dat die werkers van die biersaal geroep is nie, maar ook Mapela se getuienis dat Memese nie uit die kantoor gekom het en hul nie sou gedreig het met 'n geweer nie.

Vol. 396 p.23033.

9.32.7 Plaatjie weerspreek ook die Verdediging se stelling dat Piet Antonie 'n assegaaai sou gehad het, en beweer hy het 'n kierie gehad.

Vol. 396 p.23035.

9.32.8 Plaatjie, anders as Mapela, erken dat hul die dag kwaad was vir Memese en Rich.

Vol. 396 p.23035.

9.32.9 Plaatjie weerspreek ook die Verdediging se stelling dat skoliere op die skoolterrein deur Memese gewond sou gewees het.

Vol. 396 p.23036.

*Geen ander by ons lewe  
, maar*

10. 13 Februarie 1985

10.1 Du Pusani is na die huis van Raadsklerk Richard Jose - die aand. Hy sien die huis is geddeltelik gebrand met 'n petrolbom.

Ook dieselfde aand is hy na die huis van Raadslid Dickson Ngenye - die kombuisdeur was gebrand en hy het lappe, met parrafien deurweek, gekry onder die deur.

Vol. 108 p.5400.

10.2 Op 14 Februarie 1985 was daar klipgooiery na SAP Polisie-voertuie en toe het dit stil geraak in die woongebiede.

Vol. 108 p.5401.

11. 18 Februarie 1985

11.1 Labuschagne getuig dat op die dag het sake van openbare geweld voorgekom in die Landdroshof en toe is 'n opmars van ± 500 na die Landdroskantoor gehou. Die Groep is gevra om uiteen te gaan, hul wou nie en hul is met traanrook en karwatse toe uiteengedryf.

Vol. 109 pp.5428-9.

12. Maart 1985

12.1 Du Pisani het getuig dat op 3 Maart 1985 hy aan diens was. Twee Blankes se voertuie is in die Swartwoongebiede met klippe gegooi. Hy is in die woongebied in om 15h00.

12.2 Hy kry ± 100 Swartjeugdiges voor die gemeenskapsaal. Hul gooい sy bakkie met klippe en die SA Polisie skiet op die groep met donshaal, een is lig gewond.

Vol. 108 p.5401.

12.3 Labuschagne was met patrolliedienste besig, en kry 'n groep van ± 800 in die oop grond voor die biersaal. Hul gooи die SA Polisie met klippe. Hy ry weg en op pad stop ene

*B*  
Mzukisi Sibanzana, 'n 3de jaar B.Proc-student, hom en vra wat hy gaan doen omdat vergadering reeds aan was. Hy sê vir hom dat alle opelug vergaderings is verbied. *Sibanzana* vra toe 5 minute kans om die mense uiteen te laat gaan. Toe die SA Polisie terugkeer na die toneel vind hy alles rustig en almal was weg van die toneel.

Vol. 109 pp.5429-30.

12.4 Later het hy weer Sibanzana gesien by die polisiestasie. Hy kry 'n dagboek by hom. Hy maak 'n afdruk en gee dit vir die veiligheidspolisie van Cradock - *Sibanzana* sê hy's 'n groot UDF ondersteuner en daar's niks mee verkeerd nie.

Vol. 109 p.5430.

12.5 Sersant Labuschagne (van Cradock) getuig dat hy 'n afdruk van Mzukisi Banzana se boek van Lt. Labuschagne ontvang het - ABA56.

Vol. 119 p.5955.

13. 15 Maart 1985

Labuschagne getuig dat Mzukisi ~~Sibanzana~~, Andile Ntshutu en Panana Nyenye hom kom sien het en gevra het dat hy 'n waarborg moet gee dat die SA Polisie nie sal optree by 16 Maart 1985 se begrafnis nie. Hy het gesê hy kan nie so iets gee nie, maar as dit vreedsaam is, geen Polisie-optrede dan sal volg nie.

Vol. 109 p.5431.

14. 16 Maart 1985

14.1 Op 16 Maart 1985 was dit die begrafnis van Deborah Memese en Mjuba het observasie gehou.

14.2 Mathew Goniwe het by die begrafnis aangekom in geselskap van Mama General van Cradock.

14.3 Goniwe het die stoet van die huis na die kerk geleei en van die stoetgangers het baniere gedra.

Vol. 110 p.5484.

14.4 Die baniere was van SEYCO, SERA, COSAS, UDF en CRADORA.

14.5 In die kerk het ene Elizabeth Sibanda @ Mama General 'n skerp toespraak gemaak - sy het gesê sy is 'n lid van ANC, sy was reeds op Robbeneiland en sy sê daar word nie in Somerset-Oos gewerk nie, sy sien die biersale en munisipale kantore staan nog. In Cradock is klaar daarmee weggedoen.

Vol. 110 p.5485.

14.6 Na die begrafnis is stoet deur Goniwe weer terug geleei na die oorledene se huis. Hy het naby die huis observasie gehou. Hy was in die straat agter die biersaal en regoor 'n huis waar hy observasie gehou het. Hy kon sien wat by die huis gebeur. Meeste mense het buite die huis gestaan.

Vol. 110 p.5486.

14.7 Elizabeth Sibanda het daar gesê, "kyk daar staan biersaal, sê julle julle werk?" Hy hoor toe dat ruite breek. Hy sien die mense het die heining van die saal uitgepluk en laat val en hul gooï die saal met klippe en steek die saal toe aan die brand.

Party is toe na die Administrasieraad se kantore waar huur-gelde betaal word. Hy sien hulle beweeg toe weg.

Vol. 110 p.5487.

14.8 Terwyl hy kyk, sien hy die biersaal brand, die "Rent office", opsigter van die biersaal se huis, 'n kafee langs die biersaal, en die klerk van die administrasieraad, Richard Jose, se huis brand toe ook later.

Vol. 110 p.5488.

14.9 Mense is eers na die biersaal, kantore, opsigter se huis, Jose se huis en toe na Mguba se slaghuis en dit is almal afgebrand.

Vol. 110 p.5488.

Alles was in die New Brighton-lokasie geleë.

Vol. 110 p.5489.

14.10 Die mense is vandaar na Mnandi-lokasie - Polisie het eers met traanrook opgetree teen die mense in New Brighton.

14.11 Toe hul in Mnandi kom, sien hul dat Raadslid Manese se huis is met petrolbomme aangeval en alles gebrand. Toe is hul na Izak Heka ('n Raadslid) se huis - dié en sy kar was in vlamme.

14.12 Daar was ook padversperrings in New Brighton, Mnandi en die hoofstraat, Glen Avon Road, bestaande o.a. uit motorwrakke.  
Vol. 110 p.5489.

14.13 Die padversperrings was van motorwrakke, klippe, brandende buitebande en elektriese pale.

14.14 Na hul weg is van die opsigter se huis, het hul die eerste keer padversperrings gesien.

Vol. 110 p.5490.

14.15 Rich is die aand van 16 Maart 1985 na sy kantoor, ±19h00, en hy kry die kantoor is gebrand. Die biersaal en winkel ook is ook gebrand langs die biersaal. Die huis voor die biersaal is ook uitgebrand en dis die nagwag van die biersaal se huis gewees.

Vol. 112 p.5563.

14.16 Du Pisani het observasie gehou by Deborah Memese se begrafnis. - (sy is in 'n motorongeluk dood). Sy was lid van COSAS gewees.

14.17 Hy het by die begraafplaas diens gedoen. Hy herken Mathews Goniwe. Goniwe het van die kerk na graf en terug na

oorledene se huis die stoet geleei. Die stoet het geloop en sing van Mandela en Tambo.

Vol. 108 p.5402.

14.18 Hy sien na 'n ruk, na hul by huis van oorledene was, hoe 'n groep van ± 3000 na die biersaal gaan en sien die biersaal, kafee, huis van die opsigter en Administrasieraad se kantore brand.

14.19 Later die dag is hy na Raadslid Izak Hekhu se huis en kry dit aan die brand - dis in Mnandi geleë.

Vol. 108 p.5403.

14.20 Later is hy na konstabel Roqo se huis te Gwalangwalastraat, Mnandi, die huis was met klippe gegooi gewees.

Hy is ook na Richard Jose se huis - dié was totaal afgebrand.

Vol. 108 p.5404.

14.21 Du Pisani getuig dat van 16 Maart 1985 is baie padversperrings aangetref, bestaande uit slote, wrakke, telefoonpale, afval, brandende bande en planke met spykers in.

Vol. 108 p.5406.

14.22 Labuschagne het getuig dat hy ± 4000 mense voor die biersaal gesien naby oorledene se huis, vóór die begrafnis gesien het, hul het gesing met gebalde vuiste in die lug.

Mzuki (isi) (Si)banzana is tussen die groep en hy kom na die SA Polisie en lig hand op en skare bly toe stil. Hy vra dat

die SA Polisie onttrek, die SA Polisie sê hul kan nie, maar hulle het niks te vrees as hul vreedsaam is nie. SA Polisie (Labuschagne) ry toe verder. Daar was geen SA Polisie optrede tydens begrafnis nie.

14.23 Na die begrafnis het die skare teruggekeer na voor die biersaal naby oorledene se huis. Die mense sing en skree.

Vol. 109 p.5437.

Hy hoor 'n toespraak oor luidspreker in Xhosa.

Vol. 109 p.5431.

14.24 Hy sien na die toespraak hoe Administrasieraad se kantoor, biersaal en opsigter se huis aangeval word met klippe, stokke en ysters en toe gebrand word.

14.25 Hy waarsku die mense om uiteen te gaan en vra die niesmasjien aan van die SA Polisiestasie af. Later die dag sien hy Raadslede se huise is aangeval en Nguba se slaghuis is gebrand.

Vol. 109 p.5432.

14.26 Dis gestel aan Du Pisani dat by oorledene se huis na die begrafnis, was 'n Casper en 'n Landrover met niesmasjien.

Vol. 108 p.5416.

14.27 Dis gestel dat die SA Polisie mense 5 minute kans gegee het om uiteen te gaan.

Vol. 108 p.5416.

14.28 Dis gestel dat 1-2 mense na die SA Polisie is om te verduidelik wat aangaan en toe gebruik die SA Polisie die niesmasjien teen dié twee.

Vol. 108 p.5417.

14.29 Dis gestel aan Labuschagne dat die SA Polisie die niesmasjien by oorledene se huis gebruik het teen mense wat hande gewas het en vroue wat besig was om kos reg te sit en voordat enige skade aangerig was.

Vol. 109 p.5439.

14.30 Dis gestel dat die klipgooiery was wel daar, maar na niesmasjien gebruik is as retaliasie.

Vol. 109 p.5440.

14.31 Gqobane van die Verdediging het ook hieroor getuig:

14.31.1 Hy bevestig dat Mzukisi Banzana by oorledene se huis voor die diens, in beheer van die begrafnis was - dit bevestig die getuenis van Lt. Labuschagne dat Banzana by die huis van die oorledene met hom kom onderhandel het.

Vol. 109 p.5431 en

Vol. 394 p.22912.

14.31.2 Alhoewel dit nooit betwissel was gedurende die Staatsaak nie, kom Gqobane en getuig dat daar geen baniere op die begrafnis vertoon was nie.

Vol. 394 p.22912.

14.31.3 Volgens Gqobane sou Fort Calata in die kerk die beheer oorgeneem het van die begrafnis, en daar is geen redes gegee nie. In die kerk was kerk- en vryheidsliedere gesing, waaronder een waarin Mandela genoem was.

Vol. 395 pp.22919-20.

14.31.4 Goniwe sou oor die ANC en die UDF ook gepraat het. Hy sou gesê het die mense moet onder UDF verenig in die "freedom struggle" vir verkryging van vryheid.

Vol. 395 p.22920-1.

14.31.5 Gqobane beweer Mama General het in die kerk gepraat oor hul pogings om in Cradock 'n vroue-organisasie te stig en sy het ook gesê die vroue moet die "freedom struggle join", want hul is deel van die vryheidsstryd.

Vol. 395 pp.22922-3.

14.31.6 Volgens Gqobane het die "kerkmense die prossessie na die graf geleei en was Calata en Goniwe "daar voor tussen die grootmense wat die leiers was."

Vol. 395 pp.22923-4.

14.31.7 Gqobane erken hul het in die stoet na die graf vryheidsliedere gesing en hy onthou nou net van "Sengeni na" hy kan nie betwissel dat ook van Mandela en Tambo gesing was nie.

Vol. 395 p.22924.

14.31.8 Na die begrafnis het die jeugdiges oppad na oorledene se huis steeds vryheidsliedere gesing.

Vol. 395 p.22925.

14.31.9 Gqobane getuig dat 'n Blanke polisieman in Engels, en 'n Swart polisieman in Xhosa die mense vanuit 'n "Hippo" aangesê het om binne 5 minute uiteen te gaan.

Vol. 395 p.22927.

14.31.10 Gqobane getuig dat by oorledene se huis na die begrafnis was geen toesprake gemaak nie, en ook dat 'n sg. "police van" of "bakkie" met die niesmasjien op, opgedaag het ná die "hippo".

Vol. 394 pp.22876-7 en

Vol. 395 p.22927.

Vol. 395 p.22928.

14.31.11 Gqobane getuig dat die persone op die voertuig met die niesmasjien wel gepraat het met die mense wat na die voertuig toe gestap het - hy beweer dat terwyl hul gepraat het, het "hul" begin om die niespoeier te versprei.

Vol. 395 pp.22927-8.

14.31.12 Gqobane se getuienis, soos so baie in die saak gebeur het, bots ook direk met die stelling wat die Verdediging aan die Staatsgetuies gemaak het, nl. dat dieselfde persoon

wat die opdrag om uiteen te gaan, sou die persoon gewees het wat die niesmasjien in werking gestel het.

Vol. 111 p.5549 en

Vol. 395 p.22928.

(Gqobane het getuig dat die persoon wat die opdrag gegee het, die toneel in 'n Hippo verlaat het voordat die niesmasjien op die toneel gekom het).

14.31.13 Gqobane se getuienis dat die Polisie met Goniwe en Banzana sou gepraat het voordat die niesmasjien in werking gestel is, bots ook met die Verdediging se stelling dat dié twee nog oppad was na die voertuig toe die niesmasjien al aangeskakel was.

Vol. 395 p.22929 en

Vol. 108 p.5417.

14.31.14 Gqobane se getuienis t.o.v. die Polisie se optrede dié dag is inherent onwaarskynlik - waarom sou die Polisie, (as hul nou wóú optree), die massa toelaat om vanaf die graf te loop en vryheidsliedere te sing en niks doen nie, en as alles nou rustig raak, dán optree?

14.31.15 Gqobane weerspreek ook die stelling van die Verdediging, as sou die voertuig met die niesmajsien op en af in die pad voor oorledene se huis sou gery het en heeltyd niespoeier versprei het.

Vol. 108 p.5417 en

Vol. 395 p.22931.

*General  
G - J - A*

14.32 Ook mevrou Ngwalangwala het vir die Verdediging cor dié begrafnis getuig:

14.32.1 Sy is die tante van die oorledene, en sy getuig dat sy en oorledene se pa in beheer van die begrafnisreëlings was.  
Vol. 395 p.22938.

14.32.2 Sy weet nie of die oorledene of haar vader aan enige organisasie behoort het nie en weet nie wie vir Calata, Goniwe of Mama General genooi het nie.  
Vol. 395 p.22938.

14.32.3 Dit word respekkvol betoog dat hierdie getuie se getuienis sōveel inherente onwaarskynlikhede bevat, dat dit summier as vals verwerp behoort te word - sy het ooglopend vir die hof kom lieg oor dié gebeure by die begrafnis:

- (a) Sy, die tante van die oorledene wat in beheer van die begrafnis is, weet nie of oorledene aan COSAS behoort het, of nie.

Vol. 395 p.22938.

- (b) Sy weet nie of oorledene se pa aan 'n organisasie behoort het nie.

Vol. 395 p.22938.

- (c) Sy weet nie wie Calata, Goniwe of Mama General genooi het nie.

Vol. 395 p.22938.

- (d) Sy en die pa van die oorledene nooi net spreker, nl.  
Mnr Nzumzu.  
Vol. 395 p.22939.
- (e) Sy weet nie hoe Mzukisi Banzana die "master of ceremonies" geword het terwyl hul nie vir een gereël het nie.  
Vol. 395 p.22939.
- (f) Sy weerspreek Gqobane wat beweer Banzana was in beheer van die begrafnis by oorledene se huis, en beweer dit was ene mnr Nzunzu.  
Vol. 395 p.22940.
- (g) Sy weerspreek ook Gqobane wat beweer dat BAnzana nog by die kerk ook in beheer van die begrafnis was (totdat Calata opgedaag het), en beweer toe was Eerwaarde Ncanca in beheer.  
Vol. 395 p.22940.
- (h) Sy beweer ook dat niemand na die begrafnis by die oorledene se huis "gepraat" (n toespraak) gemaak het nie.  
Vol. 395 p.22937 en p.22940 en p.22950.
- (i) Haar absolute leuenagtigheid blyk egter uit die feit dat sy getuig dat sy eers in die hof, met kruisver-

hoor, gehoor het Calata, Goniwe en Mama General was by die begrafnis, en was sprekers.

Vol. 395 p.22941.

- (j) Ook haar getuienis dat sy in die 3 jaar sedert die begrafnis so skeef afgeloop het, nooit meer gaan praat het met oorledene se vader oor dié gebeure nie, is eweneens leuenagtig.

Vol. 395 pp.22941-2.

14.32.4 Sy weerspreek Gqobane se getuienis m.b.t. die waarkuwing om uiteen te gaan, en beweer dat hul slegs in Xhosa gewaarsku is.

Vol. 395 p.22946.

14.32.5 Sy beweer, anders as Gqobane wat van 'n "police van" of "bakkie" praat, dat dié niesmasjien op 'n landrover monteer was.

Vol. 395 p.22947.

14.32.6 Sy betwiss ook Gqobane se getuienis en beweer daar was niemand in die onmiddellike omgewing van die landrover voor die niesmasjien begin blaas het nie.

Vol. 395 p.22948.

14.32.7 Anders as Gqobane beweer sy dat die landrover eers na hy begin wegtrek het, niespoeier geblaas het.

Vol. 395 p.22948.

14.32.8 Sy getuig, anders as Gqobane, dat die landrover het toe dit wegtrek, terselfdertyd 'n U-draai gemaak en weggery.  
Vol. 395 p.22949.

14.33 Alex Mapela het ook oor hierdie begrafnis vir die Verdediging getuig:

14.33.1 Hy het niks gehoor wat in die kerk gebeur toe hy opdaag by die begrafnis nie.

Vol. 396 p.22984.

14.33.2 Hy weet egter dat vryheidsliedere in die kerk gesing was, o.a. een oor die workers en skoliere moet verenig; die ander kan hy nie onthou nie.

Vol. 396 pp.22983-4.

14.33.3 Hy betwiss Gqobane se getuienis dat daar enigsins tydens die stoet na die begrafnis gesing is en beweer hul het in "doodse stilte" gestap.

Vol. 396 p.22984.

14.33.4 Mapela weerspreek Gqobane en beweer Goniwe was glad nie in die stoet nie (Gqobane het beweer Goniwe was voor in die stoet), maar het in 'n heeltemal ander pad as die stoet gery.

Vol. 396 p.22984.

14.33.5 Mapela beweer dat 'n Hippo-voertuig opgedaag het by die oorledene se huis na die begrafnis, en dat 'n Swart polisie-

man in Xhosa oor 'n luidspreker sou gesê het die mense moet uiteengaan binne 5 minute.

Hy weerspreek Gqobane en beweer hy het geen waarskuwing in Engels gehoor nie.

Vol. 396 p.22986.

14.33.6 Mapela weerspreek Gqobane se getuienis en beweer dat Goniwe en Banzana was nog so 10 tree ver weg, (en oppad na), van die landrover, toe dit niespoeier begin blaas het. Ook het dié twee mans nie met iemand op die landrover gepraat soos Gqobane beweer nie.

Vol. 396 p.22987.

14.33.7 Mapela weerspreek ook die getuienis van Gqobane en Ngwalangwala waar hy beweer dat die poeier geblaas is voordat die landrover begin ry het, en waar hy getuig dat die landrover poeier geblaas het op die "square" toe dit weggetrek het en die heeltyd poeier geblaas het totdat dit 'n U-draai gemaak en weggerig het.

Vol. 394 p.22987.

14.33.8 Ook Mapela getuig dat daar geen toesprake gemaak was by oorledene se huis na die begrafnis nie.

Vol. 395 p.22957.

14.34 Thami Mbotsha het ook vir die Verdediging oor die begrafnis getuig:

14.34.1 Hy weet nie waarom dit nodig was om by die begrafnis af te kondig dat die mense hul moet gedra tydens die optog nie.

Vol. 406 p.23683.

14.34.2 Mbotsha getuig dat Goniwe in 'n Kombi was in die stoet, welke kombi omtrent by die einde van die voertuie was wat in die stoet was.

Vol. 406 p.23683.

Dié weergawe bots eerstens met dié van Gqobane wat beweer het Goniwe was voor in die stoet, en tweedens met die van Mapela wat beweer het Goniwe was glad nie in die stoet nie - sien supra. (Paragraaf 14.31.6 en paragraaf 14.33.4).

14.34.3 Mbotsha weerspreek ook vir Gqobane (paragraaf 14.31.7 supra) wat beweer dat op die pad terug van die begrafnis was wel vryheidsliedere gesing, asook vir Mapela (paragraaf 14.33.4 supra) wat beweer die stoet het nocit na die graf, of terug enigiets gesing nie.

Vol. 406 p.23684.

14.34.4 Mbotsha se getuienis bots met al die vorige Verdedigingsgetuies se getuienis waar dié beweer geen toesprake is by die huis na die begrafnis gemaak nie, (hy beweer dat die oorledene se pa wel 'n toespraak gemaak het).

Vol. 406 p.23684 en vgl. paragraaf 14.31.9; paragraaf 14.32.3(h); paragraaf 14.33.8 supra).

14.34.5 Mbotsha kom nou weer en getuig dat hy gehoor het die mense word oor die luidspreker in Engels en Xhosa gewaarsku om uiteen te gaan by oorledene se huis.

Vol. 406 p.23687.

14.34.6 Mbotsha getuig dat net 'n luidspreker uit die voertuig uitgesteek het toe die aankondigings gemaak is, maar Gqobane kon selfs sien dis 'n Blanke en 'n Swart polisieman wat dié aankondigings gemaak het.

Vol. 406 p.23688 en

Vol. 395 p.22927.

14.34.7 Dié getuie weerspreek vir Gqobane en beweer die niesmasjien was nie op 'n "police van" of bakkie nie, maar op 'n landrower.

Vol. 406 p.23688 en

Vol. 394 pp.22876-7 en

Vol. 395 pp.22927-8.

14.34.8 Mbotsha se getuienis dat die landrover nog op die "square" stilgestaan het toe dit poeier begin blaas het, toe begin ry het, 'n U-draai gemaak het en toe by die boom gaan staan het waar dit steeds aanmekaar poeier geblaas het na die mense op die perseel, bots met al die vorige Verdedigings-getuies hieroor:

- (a) Eerstens bots dit met die stelling van die Verdediging dat die persoon wat die bevel sou gegee het

✓ J.W.

dat die mense uiteen moet gaan, ook die persoon is wat die niesmasjien inwerking gestel het.

Vol. 111 p.5549.

- (b) Gqobane het nooit getuig dat die voertuig van die "square" na die boom langs die perseel is en daar poeier geblaas het nie.
- (c) Mevrou Ngwalangwala getuig dat eers na die landrover by die boom weggetrek het, poeier begin blaas het.
- Vol. 395 p.22948.
- (d) Mevrou Ngwalangwala beweer die U-draai is eers uitgevoer ná die landrover by die boom weggetrek het.
- Vol. 395 p.22949.
- (e) Mapela het nooit beweer dat die landrover ná hy 'n U-draai gemaak het by die boom gaan stilhou het en poeier geblaas het nie.
- Vol. 394 p.22987.

#### 15. 17 Maart 1985

15.1 Mguba getuig dat op 17 Maart 1984 om 8h00 het die probleme weer begin by die biersaal. Die biersaal is heeltemal afgebrand - dit het lank gevat om biersaal te vernietig.

Hy sien 'n klomp wegbeweeg van die biersaal na Glen Avon Road en hul het 'n trok van die Administrasieraad uitgestoot in die pad en dit omgegooi en gebrand.

Vol. 110 p.5490.

15.2 Hy sien later 'n groep kom in Centralstraat, na Sixth Avenue (ook bekend as 7th Avenue) 'n verlenging van dieselfde straat. Die klomp kom aangeloop met "droppers" en toe hul naby sy huis kom, skree hul hul gaan na Nguba se huis. ± 250 mense het na sy huis aangekom.

Vol. 110 p.5491.

15.3 Hy sien mense by sy huis (hy is binne-in) en hul tel klippe op; hy herken vir Tobilizwe Ferrington David en eine Sandile Dakayi ('n skolier), asook Mzwandile Mashia @ Kwekwe ('n skolier en COSAS-lid). Hy herken ook Toli Williams; Tom Peta; Cigciso ('n meisie en lid van COSAS). Hul gooai toe klippe na sy huis.

Vol. 110 p.5493.

15.4 Hy skiet met 'n R1 'n skoot in die lug en hul gooai hom toe met klippe. Mguba kruip agter sy trok weg en hy skiet skote oor hul koppe. Hy sien een met 'n houer wat soos petrol lyk in die erf inkom en hy skiet langs dié en dié vlug toe. Hy skiet sy laaste patronen op die skare en sien van hul is gewond.

Vol. 110 pp.5494-5.

15.5 Die een met die houer was ene Themba van Port Elizabeth.

15.6 Daar was 'n verhoor oor die gebeure by huis en sewe mense was skuldig bevind.

Vol. 110 p.5496.

15.7 Rich getuig dat hy gesien het twee huise, een in 5de laan, New Brighton (van 'n woongebied konstabel) en een in Lotteringsstraat, Mnandi (van die onder-voorsitter van die Gemeenskapsraad) - uitgebrand.

Hy het gesien ook dat die slaghuis van Mguba gebrand was.

Vol. 112 p.5564.

15.8 Du Pisani is na die huis van sersant Nguba ongeveer 11h00 en kry die huis is besakdig en die bakkie in die straat se ruite is uitgegooi.

Hy is na die bottelstoer gedeelte van die buite-verbruik gedeelte en kry dié is aan die brand en duisende bottels was stukkend gegooi. Hy kry ook 'n voertuig van die Administrasie-raad in die agterplaas wat aan die brand gesteek was.

Hy is vandaar na die Senior Sekondêre Skool te Mnandi en kry 'n klaskamer aan die brand.

Vol. 108 p.5405.

15.9 Labuschagne getuig dat die biersaal die tweede keer gebrand was. 'n Vragmotor van die Administrasieraad is te Glen Avon Road aan die brand gesteek. 'n Groep hardloop na Nguba se huis, hy hoor skote van 'n R1-geweer en is soontoe. Hy kry Nguba se huis was beskadig en op toneel was een dood en een gewond.

15.10 Na 17 Maart 1985 het sporadiese padversperrings, aanvalle op Raadslede se huise, polisie huise, voertuie (privaat en SAP) voorgekom.

Vol. 109 p.5433.

#### 16. 18 Maart 1985

16.1 Rich sien op 18 Maart 1985 dat 'n stoer langs sy kantoor afgebrand is.

Vol. 112 p.5564.

17. 19 Maart 1985

17.1 Du Pisani is na die plek waar 'n poskantoor voertuig (van beampies wat besig was om kabels te lê), brand en kry 'n trekker vol duike gegooi in die pad.

17.2 Dieselfde nag is Du Pisani na Dr Mbayisa se spreekamer te Mnandi - hy vind dat gepoog was om die gebou te brand - Dr Mbayisa het vantevore geweier om onbeseerde te behandel.

Vol. 108 p.5406.

18. April 1985

18.1 Rich getuig dat 5 mense na hom gekom het en gesê het hul is lede van Somerset-East Residents Committee.

Een was Wilson Ngwalangwala, die voorsitter, 'n Predikant was daar.

Mnr Donald Mbotya was daar; Eric Ngwalangwala was daar en mnr Mtoto die sekretaris.

18.2 Hul sê hul wil sake bespreek en hom help. Daar was toe reeds onluste gewees. Rich vra hul wie het hul aangestel en hul sê hul't hul self aangestel. Rich sê toe hy wil niks te doenê hê met hulle nie.

Vol. 112 pp.5557-8.

*Die gesprek wat gebeur.*

18.3 Thami Mbotsha het vir die Verdediging getuig:

18.3.1 Hy beweer hy was die organiseerder van SERA en SERA was gestig a.g.v. die huurkwessie.

Vol. 406 p.23655.

18.3.2 Op 'n vergadering in April 1985, waar Wilson Ngwalangwala die voorsitter was, is besluit dat hul 'n groep wil kies wat met mnr Rich moet gaan praat oor die huurverhoging. Mbotsha sou een van die wees wat gekies was om met Rich te gaan praat.

Vol. 406 p.23656.

18.3.3 Hy beweer hul het met Rich probeer praat maar hy wou nie met hul praat nie en hul is toe weg. Hul is later terug en wou die saal bespreek vir 'n vergadering wat Rich ook geweier het.

Vol. 406 p.23657.

18.3.4 Mbotsha getuig dat hul in April 1985 toe 'n 2de vergadering gehad het waar hul terug rapporteer het aan die inwoners, waarna besluit is om 'n komitee van 5 te kies is wat die gemeenskap moes verteenwoordig en wat die naam S.E.R.A. gedra het.

Vol. 406 p.23658.

18.3.5 Hy getuig dat hul besluit het om 'n grondwet vir SERA op te stel waarna SERA sou begin funksioneer het. Die grondwet was nooit opgestel nie en SERA het geen verdere vergaderings gehou nie.

Vol. 406 p.23659.

18.3.6 Mbotsha wil werklik vir die hof sê dat hy, die organiserder van SERA, kan glad nie onthou wie SERA se sekretaris was nie.

Vol. 406 p.23671.

18.3.7 Mbotsha is klaarblyklik 'n ontwykende getuie en wil bv. nie vir die hof sê wie agter die stigting van SERA is nie, maar beweer dis die "gemeenskap" - eers na dit uit hom getrek is, kom hy vorendag met die weergawe dat hysself en twee andere die saal se besprekings gedoen het.

Vol. 406 pp.23672-3.

18.3.8 Mbotsha beweer die 2de vergadering waar SERA se komitee gekies sou gewees het, was in die Methodiste Kerk in Mnandi gehou, terwyl Plaatjie getuig het, dié vergadering was in die Anglikaanse Kerk gehou.

Vol. 406 p.23674 en

Vol. 396 p.22998.

19. Dit word betoog dat dit, uit al die teenstrydige weergawes van die Verdedigingsgetuies, en stellings van die Verdediging wat bots met hul getuienis wat aangebied is,

duidelik is dat die getuies van die Verdediging daarop uit was om soveel as moontlik van COSAS, SERA en SEYCO se bedrywigheid, asook hul samewerking met UDF, te weerhou van die hof.

19.1 Respekvol word betoog dat die Verdediging soveel verskillende weergawes oor die verskillende aspekte t.o.v. Somerset-Oos voor hierdie hof geplaas het, dat hierdie hof, met respek, nie op enige van daardie weergawes kan steun nie - die Verdediging het as't ware die geloofwaardigheid van hul eie getuies met dié teenstrydige weergawes vernietig.

19.2 Dit word betoog dat die hof in die lig van die ongeloofwaardige weergawes wat die Verdediging voor die hof geplaas het, die volgende aspekte in die lig van die Staatsgetuienis as bewese behoort te bevind:

1. Dat SEYCO, SERA en COSAS reeds vanaf 1984 vergaderings in die woongebiede in Somerset-Oos gehou het en dat dié vergaderings d.m.v. plakkate en pamphlette adverteer was.
2. Dat die organisasies in 1984 begin het met 'n kampanje teen die Swart Plaaslike Bestuur - dat die Raadslede as "puppets" en "sell-outs" uitgekryt is.
3. Dat vanaf veral Julie/Augustus 1984 padversperrings aangebring is in die woongebiede en dat UDF van toe af reeds vergaderings begin hou het in die woongebiede.

4. Dat in November 1984 SERA, SEYCO en COSAS 'n massavergadering gereël en gehou het waar die massas teen die Raadslede opgesweep is, en dat die Raadslede aangesê is om te bedank, anders sal hul beseer of gedood word, en dat hul in teenwoordigheid van die gemeenskap moet bedank op 'n volgende vergadering.
5. Dat op 'n volgende vergadering die massas weer teen die raadslede opgesweep is en dat die raadslede aangesê is om te bedank, waarna die raadslede teenwoordig, wel op die vergadering gesê het hul bedank.
6. Dat Banzana in November 1984 probeer het om die gemeenskapsaal te bespreek vir 'n UDF-vergadering.
7. Dat in Januarie-Februarie 1985 het COSAS, SERA en SEYCO 'n massavergadering belê het waar Goniwe die massas toegespreek het en "street-committees" aan die gehoor voorgestel het en die instelling daarvan verduidelik het. Dat die "street-committees" bedoel was om die Raadslede se pligte oor te neem sowel as die Polisie s'n.
8. Dat Ntsudu en ander COSAS-lede vir Lt. Labuschagne kom spreek het en meegedeel het dat hul griewe, opgelos moet word om onluste te voorkom. Dat dié griewe sodanig was dat dit nie redelikerwys aan

voldoen kon word, soos bv. die bedanking van die Raadslede en die instelling van 'n alternatiewe stelsel vir die Raadstelsel.

9. Dat dieselfde groep van COSAS op 10 Februarie 1985 weer vir Lt. Labuschagne kom sien het oor hul griewe, en dat toe vir hul gesê is dat hul griewe na die plaaslike owerheid verwys is, hul ontevrede was.
10. Dat die optog na die Raadskantore op 11 Februarie 1985 ge-organiseerd was deur COSAS na hul ontevredenheid oor die samesprekings op 10 Februarie 1985 t.o.v. hul griewe.
11. Dat die aanvalle daarna op die eiendom van die Raad en Raadslede sowel as Raadsamptenare en Polisie deur COSAS geïnisieer is as deel van die kampanje teen Raadslede.
12. Dat die aanval op 13 Februarie 1985 op Jose die Raadsklerk, Raadslid Ngenye se huise deel is van die kampanje van o.a. COSAS teen die Raadstelsel.
13. Dat SEYCO ook beheer gehad het oor die massas wat in Maart 1985 die Polisie aangeval het, en dat Sibanzana spesifiek in beheer was van dié groep.

14. Dat COSAS en ook SEYCO en SERA in beheer was van die begrafnis op 16 Maart 1985, en dat hul reeds deur Ntshadu, Neyenye en Sibanzana die vorige dag, 15 Maart 1985, die Polisie oor die begrafnis kom spreek het.
15. Dat die begrafnis van Dora Memese, wat nie eens 'n lid van enige organisasie was nie, deur COSAS, SERA en SEYCO uitgebuit is om hul eie beleid te propageer onder die begrafnisgangers.
16. Dat op dié begrafnis die massas spesifiek deur Mama General tot geweld opgesweep is en dat die Raadsstelsel en Polisie die spesifieke teikens was.
17. Dat by die begrafnis ook UDF en die ANC deur die sprekers soos Goniwe en Mama General gepopulariseer is by die massas.
18. Dat padversperrings oral aangebring was om die Polisie te belemmer in hul taak om orde te handhaaf.
19. Dat op 17 Maart 1985 Sersant Mguba aangeval was o.a. deur COSAS-lede en dat die gewelddadigheid in die woonbuurt, sowel as die aanbring van padversperrings voortgeduur het tot ongeveer 19 Maart 1985.

Sy gelook dat COSAS lede weers aangespeel op 'n huis staaldig bewaard is 'n sienk weerbaak was.

20 Dat dié geweldpleging en onluste wat in die woongebiede uitgebreek het, daarop gerig was om die bestaande plaaslike regeringstelsel onwerkbaar te maak as deel van die sg. "liberation struggle".

ADELAIDE

1.

In Adelaide was die Swart bevolking opgesweep en geopolitiseer om oor te gaan tot geweldpleging in hierdie woongebied en dat geweld wel uitgebreek het. Dit was veral twee organisasies wat hier die taak om die Swart bevolking te organiseer, politiseer en oor te haal tot geweldpleging uitgevoer het:

- (1) COSAS wat hulle veral toegespits het op die skoliere waar Swart Onderwys en gepaardgaande probleme, hetsy werklik of fiktief deur hulle gebruik was as knelpunte om die leerlinge te mobiliseer en te politiseer.
- (2) AYCO wat meer gekonsentreer het op die nie-skoolgaande jeug en die gemeenskap as geheel. Die vernaamste knelpunt deur hulle gebruik was die Swart Plaaslike Besture en gepaardgaande probleme.
- (3) COSAS en AYCO het so nou saamgewerk in Adelaide dat daar lede was wat op beide besture gedien het soos bv. Verdedigingsgetuie Thapelo Khayi, Joseph Botha, Sipho Camagi, Lindelwa Doreen Mjandile en hulle het openbare vergaderings gehou in die woongebied.  
Vol. 416 p.24391.

2.

Dit is opvallend hoedat die getuies van die Verdediging getrag het om die bestaan van hierdie twee organisasies te probeer uitskakel as nie verantwoordelik vir enige probleme en geweldpleging wat in Adelaide ontstaan het.

- (1) Eerstens word beweer dat AYCO eers gedurende Mei 1985 tot stand gekom het en dat dit bloot 'n kulturele organisasie was.
- (2) Tweedens word beweer dat COSAS nooit in Adelaide bestaan het nie.

3.

Dit is ons respektvolle betoog dat die getuienis oor hierdie aspekte nogmaals 'n poging was om t.o.v. sekere kernaspekte van die saak 'n beeld aan hierdie Agbare Hof te skets wat nie waar is nie en nie tred hou met die werklikheid nie. Dit is ons respektvolle betoog dat die ware feite bewys dat die twee organisasies wel bestaan het en beslis die massas opgesweep en gepolitiseer het vir deelname aan gewelddadige aksie teen die regeringsinstansies wat in Adelaide gefunksioneer het.

1. Dit is ongetwyfeld so dat daar al sedert 1984, veral by die Majinqi Skool, knelpunte opgeneem was deur aktiviste om veral die skoliere op te sweep teen die onderwysowerhede en die stelsel. Prefekte en SRC's, teksboeke, lyfstraf die ouderdomsperk was reeds in gedrang volgens die Verdedigingsgetuie Thapelo Nkayi wat direk en aktief daarmee gemoeid was.

2. Ongetwyfeld was ontevredenheid en onrus verder ge-eksploteer en het gekulmineer in openlike uitdaging en uittarting van die Staatsgesag deur eers klasse te boikot, daarna nadat die Departement van Onderwys die skole gesluit het, die skole beset het en moes die polisie optree om dit te ontset. Dit word bevestig deur Thapelo Nkayi.

Sien ook Vol. 113 pp.5604-5608.

Vol. 113 pp.5626-5629.

3. Daar was 'n optog deur die strate van die Swart woongebied in Adelaide op die 11de April 1985. Dit is ons respekteerde betoog dat die Verdediging se getuienis dat dit 'n vreugde-mars was, onwaar is. Daarna was daar dikwels optogte.

Vol. 108 pp.5388-5389.

4. Dit is ons respektvolle betoog dat gedurende die optog was daar vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskreeu om die ANC en UDF asook die ANC leiers Mandela en Tambo sowel as geweld in die vryheidstryd te populariseer en terselfdertyd ook die Regering en President Botha te verwerp. Die getuienis van Mantewu en Springbok hieroor was in kruisondervraging nie aangeval en betwis nie maar in wese erken.

Vol. 108 pp.5386-5387, p.5396-5397,

Vol. 113 pp.5601-5602.

5. Tydens hierdie optog is die huise van polisiebeamptes Mantewu en Springbok aangeval. Onder die aanvallers was

leidende personlikhede in AYCO en COSAS te wete Josef Botha en M P Nkonki teenwoordig en deelnemers.

Vol. 10 pp.5387, 5389-5391.

Vol. 113 pp.5601-5604, 5609.

6. Die hele raad van die Swart Plaaslike Bestuur in Adelaide het bedank gedurende Maart/April 1985. Belange van die gemeenskap word nou behartig deur 'n "Committee of ten" wat later "Committee of six" geword het en waarvan Mkaya Mhana, ook voorsitter van AYCO, die voorsitter is. Nog 'n lid van AYCO dien op hierdie Raad. Hierdie getuenis was nie in twyfel getrek deur Verdediging en geen kruisondervraging daaroor.

Vol. 113 pp.5629-5630.

7. Die Verdediging het in die kruisondervraging van Adjudant Offisier M J Waters getuenis waaroor nie voorheen getuig was nie, op rekord geplaas. Hierdie getuenis kom daarop neer dat die aanvalle op die huise van die twee polisiebeamptes nie die einde van die geweld was maar daar was ook sg. "necklace" moorde, daar was brandstigtings en dat die huise van polisiebeamptes 38 keer aangeval en totaal uitgebrand was.

Vol. 113 p.5635.

Dit was nie betwissel nie en word bevestig in 'n groot mate deur konstabel Springbok dat sy huis sporadies in die nag aangeval was en selfs met 'n petrolbom gegooi was.

Vol. 113 p.5608.

8. In die woonbuurt word die ANC, UDF en AYCO direk met mekaar geassosieer en bevorder deur die aanbring van slagspreuke op verskeie geboue geverf. Die slagspreuke was "Viva ANC, Viva UDF, Viva AYCO en Viva Mandela". Vol. 113 p.5625.

4.

Ons betoog met respek dat die Verdediging se getuie Thapelo Khayi hierdie Agbare Hof probeer mislei het oor die bestaan van COSAS in Adelaide en in die proses probeer het om UDF en UDF geaffilieerde en ondersteuners te distansieer van die geweldpleging in Adelaide. Die getuienis het egter bewys dat COSAS wel in Adelaide bestaan het en beslis 'n prominente rol saam met AYCO gespeel het om die geweldpleging te organiseer.

1. 'n Afvaardiging vanaf Adelaide het vanaf 17 tot 19 Junie 1985 die Oos Kaap Streek van COSAS te Katberg bygewoon en aktief deelgeneem aan besprekings en beplanning aldaar.

Bewyssstuk CA.43.

Vol. 416 p.24373 ev.

Volgens bewyssstuk CA.43 is dit duidelik dat hierdie program vooraf beplan en opgestel was en uitgereik was: "Issued by COSAS Eastern Cape R-E-C". Om die program en die byeenkoms te organiseer en te beplan moes die Streek se uitvoerende komitee vooraf geweet het watter takke teenwoordig gaan wees. Dit word dan ook bevestig deur die program en die indeling van die COSAS takke se aktiewe deelname aan die onderskeie sessies. Dit bevestig ook Nkayi se valse getuienis dat hulle die byeenkoms slegs toevallig en as waarnemers bygewoon het.

Dit bevestig ook bogemelde argument dat Nkayi valslik probeer om COSAS en UDF te distansieer van die geweld in Adelaide.

2. Die valsheid van Nkayi se getuienis word ook bevestig deur die feit dat die program voorsiening maak dat tak-verslae deur alle takke vir 'n hele dag gelewer sou word. Daarvolgens sou die Adelaide tak om 5.40 nm verslag moes doen van hul aktiwiteite in Adelaide.

Bewysstuk CA.43.

Sy onwilligheid om met die waarheid uit te kom oor die beplanning en aktiwiteite van COSAS dien as verdere bevestiging van bogemelde feit. In die program word tyd en ruimte ingewerk om 'n verskeidenheid van kontroversionele te behandel soos bv. "Role of Women in the Struggle", "International Youth Year", Crisis In Education And State Response".

Bewysstuk CA.43.

Toe getuie in kruisondervraging hieroor gevra was, het sy geheue hom skielik totaal in die steek gelaat en kan hy niks onthou nie.

Vol. 416 pp.24384-24385.

Die vernaamste van alles is die feit dat COSAS se Streek self erkenning verleen aan die bestaan van die COSAS tak te Adelaide.

Bewysstuk CA.43.

3. Dit is nie net COSAS wat die bestaan van die COSAS tak te Adelaide erken nie, maar ook die tak van COSAS te Adelaide het hulle eie identiteit en bestaan bevestig. Dit is gedoen nie alleen deur die feit dat hulle hierdie byeenkoms van COSAS bywoon nie, maar die afgevaardigdes het self hulle geïdentifiseer as die Adelaide tak van COSAS en ook die ampte wat hulle beklee het in die bestuur van die COSAS tak te Adelaide:

Vusumzi Maswili	-	Vise Voorsitter
Martin Tiso	-	Publisiteitsekretaris
Sowika Zweni	-	Sekretaris
Lindelwa Majongile	-	Organiseerder
Tapelo Nkayi (Getuie)	-	Tesourier
Sipho Camagu	-	Voorsitter

Bewyssstuk CA.44.

Getuie het bevestig dat hulle die register moes invul en registreer. Dit het hulle gedoen.

Vol. 416 p.24379.

Dit is opvallend hoe dat die getuie dan probeer om die bestaan van COSAS te Adelaide probeer verbloem en was dit so 'n belangrike werklikheid wat weggesteek moes word dat die getuie nie geskroom het om openlik leuens te vertel nie en in die proses sy getuienis soos deur hom gelewer opsigtelik weerspreek het.

1. Voordat bewyssstuk CA.44 aan hom geopenbaar was, het hy erken dat hulle titels wat hulle beklee het, neergeskryf was toe hulle registreer het. Om van COSAS af weg te

kom, was sy getuienis dat hulle hul titels wat hulle in die sg. "Acting board" beklee het, opgegee het.  
Vol. 416 p.24379.

Nadat hy egter met die titels gemeld in bewysstuk CA.44 gekonfronteer was en ook met sy eie beweerde titel kom hy met 'n direkte weersprekking. Eers sou ander mense die register opgeskryf het en by implikasie die verkeerde titels. Dan kom hy egter met die volgende getuienis voor die dag toe hy 'n blatante leuen vertel.

"Maar die mense moes tog die inligting by jou gekry het?  
-- Nee, ek het net my naam opgeskryf".

Vol. 416 p.24381.

2. Die getuie se poging om die Agbare Hof te mislei ten aansien van die bestaan van COSAS te Adelaide word ook aan die kaak gestel deur sy leuen dat hulle hierdie COSAS byeenkoms bygewoon het as die verteenwoordigers van die "Action Committee".

(i) Volgens sy getuienis in hoof was hy nie verkies as lid van die "Action board" nie.

Vol. 416 p.24359.

Later in kruisondervraging het hy getuig dat toe Mgcineni July in die gevangenis was, het hy waarge-neem namens July.

Vol. 416 p.24370.

Daar was nooit enige getuienis dat hy op enige stadium verkies of gekoöpteer was op die "Acting board" nie.

Dit alles bevestig dat hy nie die COSAS byeenkoms bygewoon het as die tesourier van die "acting board" nie maar as tesourier en lid van Adelaide se tak van COSAS soos deur homself geskryf in bewysstuk CA.44.

(ii) Oor die samestelling van die "acting board" het die getuie soos volg getuig:

- |   |                        |
|---|------------------------|
| - Voorsitter                            | - Mugineni July        |
| - Sekretaris                            | - Soyika Zweni         |
| - Tesourier                             | - Siphonkazi Mathikica |
| - Vise Voorsitter                       | - Sipho Camago         |
| - Geen publisiteitsekretaris gehad nie. |                        |
| - Geen organiseerder gehad nie.         |                        |

Vol. 416 pp.24378-24379.

*Titels, oor*

Toe hulle by die COSAS byeenkoms te Katberg geregistreer het en hulle titels wat hulle in die "acting board" sou beklee het, word die volgende direkte botsings gevind:

- (1) Sipho Camago is nou voorsitter.
- (2) Vusumzi Masuili is nou vise-voorsitter.
- (3) Nou is daar 'n Publisiteitsekretaris - Martin Tiso.
- (4) Tesourier is nou Tapelo Nkayi (Getuie).

(5) Nou is daar 'n Organiseerder - Lindelwa Majongile.  
Bewysstuk CA.44.  
Vol. 416 pp.24380-24381.

Die inligting in bewysstuk CA.44 vervat, kon slegs verskaf gewees het deur die persone agter wie se name die inligting verskyn en hulle kon sekerlik nie so drasties gefouteer het om vyf foute daar te maak nie. Dit onderskraag nogmaals die feit dat die inligting daar verskaf, korrek verskaf was. Dit was nie inligting omtrent posisies wat beklee word in 'n sg. "action board" maar dat dit die posisies is wat die betrokke persone beklee het op die bestuur van die COSAS tak te Adelaide.

3. Dit is met alle respek baie opvallend hoedat hierdie getuie alles in die stryd gewerp het om die bestaan van COSAS in Adelaide te verbloem. Die indruk wat hy in die getuiebank geskep het was dat hy nie geweet het hoe om die situasie te hanteer nie.

(i) In sy getuienis in hoof het hy getuig dat daar 'n "interim structure" van COSAS bestaan het. Dit sou tot stand gekom het, "Some time in July after having gone back to school."

Vol. 416 p.24366.

Getuie sou self op hierdie komitee gedien het. Dit is opmerklik hoedat hy sonder dat hy daarna gevra

word, baie vinnig die Agbare Hof probeer oortuig dat hierdie komitee nie aktief was nie.

Vol. 416 p.24366.

- (ii) In kruisondervraging was sy getuienis hieroor veral pateties. Eers kon hy die Agbare Hof nie medeeel wanneer hulle skool heropen het na die Julie vakansie nie. Die beste wat van hom verkry kon word is "iets na 20 Julie".

Vol. 416 pp.24366-24367.

- (iii) Toe hy gevra was hoe lank na die 20ste Julie 1985 dit gestig was gee hy 'n ontwykende antwoord dat hulle baie werk (skoolwerk) gehad het, en dat hulle nie baie tyd gehad het om aandag te gee aan die stigting van die komitee nie en was hy op die 23ste Julie 1985 aangehou.

Vol. 416 p.24367.

- (iv) Die Agbare Hof het hom daarop gewys dat sy getuienis was dat "so iets na 20 Julie" het die skool geopen en op 23 Julie was hy gearresteer. Toe hy gevra was of die COSAS-struktuur tussen 20 en 23 Julie geskep was, ontwyk hy dit en is sy antwoord dat daar net sprake was van 'n interim struktuur van COSAS en voeg hy by:

"Die was nog nie gestig gewees dat dit nou eers begin werk het nie."

Vol. 416 p.24367.

(v) Op 'n vraag of daar tussen 20 en 23 Julie sprake was dat so 'n tussentydse struktuur reeds bestaan het en of daar sprake was dat hulle so iets wil stig, was sy antwoord:

"Daar was sprake daarvan dat dit gestig moet word."

Dit is die Interim Komitee.

Vol. 416 pp.24367-24368.

(vi) Dan bevestig hy verder dat toe hy aangehou was op 23 Julie 1985 het die interim komitee nog nie bestaan nie. Hy getuig ook dat hy aangehou was tot 3 Desember 1985.

Vol. 416 p.24368.

(vii) Hy het getuig dat hy eers weer terug is skool toe in 1986. Toe het daar geen interim komitee bestaan by sy skool nie.

Vol. 416 p.24368.

(viii) Toe dit aan hom gestel was dat volgens sy getuienis dit blyk dat daar nooit 'n interim komitee bestaan het nie, was sy antwoord:

"Die het bestaan in 1985 maar nooit funksioneer nie. Ek is toe in aanhouding en vrygelaat in Desembermaand en daar was nie eksamen geskryf vir einde 1985 nie, so die moes geskryf gewees het in 1986 maar met my terugkoms was daar nie 'n funksionele COSAS nie. Ons was besig met voorbereidings vir die eksamens in Maartmaand."

Vol. 416 p.24368.

Die ontwyking om vrae direk te antwoord en sy onbeholpenheid om die situasie te hanteer blyk duidelik uit voorgaande.

4. Dit is sekerlik nie blote toeval dat huis die knelpunte wat COSAS op 'n landswye basis gebruik in hul veldtogte huis ook hier in Adelaide aangewend word sedert 1984 nie en wat uitgeloop het op dieselfde resultate soos oral in die land nie nl. eers klasse boikotte, die sluiting van skole deur die departement, die besetting van skole deur opgesweepte vyandige leerlinge, die ontsetting van skole deur die polisie en ook optogte en geweldpleging.

5.

Vir die geweld wat in Adelaide uitgebreek het, word getrou aan die UDF tradisie nogmaals voorgegee dat die SA Polisie die oorsaak is vir die geweld.

1. Dit is ons respekvolle betoog dat die Staat bewys het dat die huise van konstabels Mantewu en Springbok aangeval was deur 'n groep in 'n optog waarin beide COSAS en AYCO bestuurslede betrokke was.

(a) In beide gevalle was die Staat se getuienis dat hierdie optog voor beide se huise tot stilstand gekom het. Toe was die Verdediging se weergawe om die skuld op die polisie te plaas heelwat anders. Die een sou meer verdraagsaam gewees het teenoor die singende groep as die ander. Aan Mantewu was gestel:

"Did the crowd slow down or stop outside your house in order to sing what they were singing."

en dan:

"But you being a well-trained policeman were not going to be provoked by young people singing outside your house."

Vol. 108 p.5389.

en dan weer:

"After the crowd stood for a while outside your house and sang, they went further in the direction of Mr Springbok's house."  
Vol. 108 p.5390.

Die volgende stelling was toe gemaak rakende die gebeure by Springbok:

"I must put to you - That Constable Springbok's response to the singing was to come to his window with his gun and fire a number of shots into the crowd mortally wounding Thembaleru Dikane and inflicting a serious wound, stomach wound on another person."  
Vol. 108 pp.5390-5391.

Hierdie weergawe was nie aan Springbok gestel nie.

- (b) Die getuienis van Springbok dat hy langs sy huis gestaan het toe hy bedreig was en geskiet het, word gestaaf deur verskeie belangrike feite wat nooit deur die Verdediging betwissel was nie.
- (i) Daar was vars bloed gekry binne in sy perseel waar hy bedreig was en gevuur het.  
Vol. 113 pp.5604 en p.5614.  
Vol. 113 p.5623.
- (ii) Sy bakkie wat op sy perseel gestaan het, was stukkend gegooi.  
Vol. 113 p.5623.
- (iii) Toe die polisie versterking daar opgedaag het, het die aanval nog steeds aangegaan en het

Adjudant Offisier Waters self nog 'n arrestasie daar uitgevoer.

Vol. 113 pp.5622-5623.

(iv) Op die perseel waar die bloedspatsels gevind was en die skote gevuur was, het Waters vier messe en 'n handbyl opgetel. Daar was ook opmerklike tekens van die aanval.

Vol. 113 p.5623.

2. Wanneer die Verdediging se getuienis ontleed word, tree die botsende weergawes sterk op die voorgrond.

(i) Nkonki se getuienis was dat Mantewu langs sy huis gestaan het toe hulle daar verby geloop het.

Vol. 409 p.23897.

Dit bots met die stelling dat hulle daar gestaan en gesing het. In her-verhoor sou Mantewu ongeveer 2 meter van hom gestaan het voor sy huis.

Vol. 410 p.23935.

(ii) Nkayi het getuig dat voordat hy nog by Springbok se huis gekom het, het hy skielik skote gehoor in die rigting van Springbok se huis en dat hy toe weggehloop het.

Vol. 415 pp.24353-24354.

Hy het geen bevestiging gebied van die singery voor Springbok se huis en dat Springbok sonder meer deur sy huis se venster op die singende skare gevuur het soos beweer was in die verweer wat gestel was nie.

3. Ten aansien van die arrestasie van Botha en Nkayi word nogmaals probeer om die blaam vir geweld op die polisie te plaas. Die getuienis deur die Verdediging wemel so van onwaarskynlikhede en weersprekings dat daar met respek die afleiding gemaak kan word dat dit 'n doelbewuste poging was om hierdie Agbare Hof te mislei.

- (i) Afgesien van die bewyse soos hierbo behandel, is dit hoogsonwaarskynlik dat 'n polisiebeampte sonder enige rede op "onskuldige mense" wat by sy huis sou verbyloop, sou gevuur het. Dit is nog meer onwaarskynlik dat alle beskikbare veiligheidsmagte daarna opgeroep sou word om onskuldige mense te gaan soek en te arresteer.
- (ii) Die Staat se getuienis het bevestig dat hulle geweet het wie van die persone was nou wie hulle gesoek het. Joseph Botha was een van hulle en daarom is hulle na sy huis toe om hom aan te keer. Gevolglik kan Nkonki se getuienis dat hulle die heeldag in Adelaide rondgeloop het en dat Botha teen die aand gaan drink het, nie waar gewees het nie. Dit is 'n bewese feit dat albei van hulle kort na die aanvalle by Botha se huis gearresteer was baie naby die huis van Springbok vanwaar die operasie geloods was.
- (iii) Nkonki se weergawe hoekom hy by die huis van Botha was toe hy gearresteer was, is ook hoogsonwaarskynlik en botsend van aard. Die enigste rede is dat hy en Botha saam in die aanvalle deelgeneem het en saam gevlug het na Botha se huis toe.

(a) In sy getuienis in hoof sou hy skielik na Botha gegaan het omdat hy Botha nie lank voor hierdie gebeure gelaat het waar hy besig was om te drink. Wanneer Botha gedrink is, is hy bakkieierig. Verder het hy gedink as Botha nou uit sy huis sou kom weens die gebeure daar, sou hy nie geweet het waarheen om te gaan nie.

Vol. 409 pp.23898-23899.

Dit is onwaarskynlik dat hy kon geweet het dat Botha gedrink was. Dit is onwaarskynlik dat hy kon geweet het dat Botha al tuis was. Dit is onwaarskynlik dat Botha sy huis sou verlaat en dan nie geweet het waarheen om te gaan nie en hierdie rede van die getuie maak net nie sin nie.

(iv) In kruisondervraging sou sy rede vir sy teenwoordigheid by Botha se huis gewees het dat hy Botha wou gaan keer sodat hy nie gaan en inmeng met dinge wat niks met hom te doen het nie.

Vol. 409 p.23927.

(v) Dan weer sou Botha, wat as hy gedrink was, baie aggressief is en waar iets plaasvind daar sou wou wees en selfs gewapende polisiebeamptes sou aandurf en hy wou dit keer.

Vol. 409 p.23927.

(vi) 'n Ander variasie dan weer was dat hy na Botha is om te keer dat hy nie uitgaan en in 'n verkeerde rigting beweeg want as hy uitkom sou hy nie geweet het waar geskiet word nie of in watter rigting geskiet word nie en dan soontoe gaan en kan raak geskiet word - blykbaar per ongeluk.

Vol. 410 p.23928.

(vii) Aan die Staat se getuienis was dit gestel dat beide Botha en Nkonki poedel nakend was toe hulle gearresteer was en net so nakend in 'n sel opgesluit was.

Vol. 108 p.5392.

Aan Springbok was dit sonder enige sweem van twyfel gestel:

"Do you remember that both of those persons were taken into custody without any clothes on."  
Vol. 113 p.5612.

Hierdie verweer word deur Nkonki direk weerspreek want volgens sy getuienis sou hyself 'n onderbroek aangehad het en Botha 'n T-hemp en 'n broek.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie getuienis 'n totale versinsel was. Dit is hoogsonwaarskynlik dat die polisie naakte mense sou arresteer en naak sou opsluit. Dit is net so onwaarskynlik dat die polisie persone wat net in onderbroeke geklee was, sou rondry na hospitale vir behandeling.

Soos reeds gemeld was die Staat se getuienis dat Botha en Nkonki gearresteer was kort na die aanvalle. Hierdie is 'n poging om hulle self te distansieer van die aanvalle en al manier om dit te doen was om met hierdie belaglike weergawes soos hierbo behandel voor die dag te kom.

6.

Dit is ons respekvolle betoog dat die Staat bewys het dat geweldpleging in Adelaide uitgebreek het as deel van die Vryheidstryd wat staan onder die leiding van UDF en die ANC. Dat die UDF-geaffilieerde en ondersteunende organisasies COSAS en AYCO die massas in Adelaide georganiseer en gemobiliseer het om aan hierdie gewelddadige vryheidstryd deel te neem aan geweldpleging en dat hulle dit ook gedoen het. Soos dit gestel was in die COSAS dokument wat versprei was onder die takke van COSAS in die Oos-Kaap en ook beskikbaar was op die byeenkoms van 17-19 Junie 1985 is wat ook gebeur het in Adelaide.

"Our united efforts must not at all be stopped by these cowardly actions aimed at destroying our organisation. We must at this time organise mobilise our people and fight back. Let us harass the enemy in all corners and let us use whatever means available to us. We call upon you to intensify our struggle against the enemy and those who collaborate with it."

To those who have decided to go back to classes this year COSAS calls upon you to FORCE AND ELECT SRC structures in your schools. Let us not wait for them to grant us SRC's. Let us unite in our schools and become uncontrollable and ungovernable. Let us call meetings in our schools to show this government that we shall not obey the order on us."

Bewyssstuk CA.45.

GRAAFF-REINET

1.

Getuie H J Stander het met respek 'n goeie indruk gemaak in die getuiebank. Hy het hom nie weerspreek in wesenlike opsigte nie en het absoluut onbevooroordeeld voorgekom. So byvoorbeeld het hy talle toegewings gemaak in die guns van die Verdediging. Sy getuienis kom kortliks hierop neer:

1. Dat 'n algemene ekonomiese insinking sig. o.a. en die afdanking van werkers in fabrieke in die motorbedryf gemanifesteer het. Dat werkloosheid ook onder Kleurlinge en veral Swartes te Graaff-Reinet aan die orde van die dag was gedurende 1984 en 1985.

Vol. 114 p.5672.

2. Dat huisvesting in veral die Swartwoongebied relatief swak was en mense gesukkel het om huishuur te betaal.

3. Vir elke 10 huise was daar 'n waterkraan en die emmer-rioolstelsel was steeds in gebruik.

4. Dat daar gedurende 1984 op die minste die volgende organisasies aktief bedrywig was in sowel die Swart- as Kleurlingwoongebiede en dat dié organisasies in die reël gesamentlik vergader het:

Vol. 113 p.5652 (Sien ook 5653 vol. 113 en 22320 vol. 385).

Graaff-Reinet Community Organisation (GRAFCOM)  
Graaff-Reinet Youth Organisation (GRYCO) en  
Congress of S A Students (COSAS).

(Laasgenoemde twee organisasies is jeugorganisasies).  
(Punte 1-4 hierbo is nie in geskil nie).

5. Hierdie organisasies het massa-vergaderings gehou en getuie het by van die vergaderings observasie gehou. Die meeste vergaderings is in Kroonvale Kleurlingwoonbuurt in die Majestic-saal gehou. Hy het baniere van UDF binne in die vergaderings van GRAFCOM en GRYCO wat altyd saam vergader het, opgemerk.

Vol. 113 p.5653 (Getuie vir die Verdediging C Sam bevestig die gesamentlike vergader-metode. Vol. 385 p.22320).

6. Tydens twee vergaderings het die getuie nader gegaan en geluister wat aangaan binne in die saal.

Vol. 113 p.5654.

(a) Die eerste van dié vergaderings was gereël deur GRAFCOM en wel in Februarie 1984. Getuie het persoonlik die advertensies vir dié vergadering opgeplak gesien in Graaff-Reinet en hy het soos reeds gesê dit ook heimlik bygewoon.

1. Die Gemeenskapsrade en Plaaslike Besture was in toesprake aangeval. Lede van die Gemeenskapsraad was uitgemaak as "puppets" van die rege-

ring en na dié se instellings is verwys as "dummy institutions".

Vol. 113 p.5654.

(b) Die vergadering van GRAFCOM en GRYCO 8.8.84 (Volgens Bewyssstuk ABA.6 het ± 5000 mense bygewoon).

1. Die vergadering was geadverteer as 'n vergadering (Sien bewyssstuk ABA.4) waar sprekers vanuit ander oorde sou praat.

Die hooftema was "Moenie stem op 22.8.84 nie".

Prominent op bewyssstuk AB.4 is die woorde:

"Nee!!! vir apartheid - Ja!!! vir UDF". Die UDF-logo verskyn ook daarop.

Die uitgawe van die stuk word aangedui as GRAFCOM en die sprekers as -

1. Allan Boesak
2. Andrew Boraine (UDF Wes-Kaap)
3. Eerwaarde Hufky.

Ander "doelstellings" verskyn o.a. die volgende op die pamflet'

"Gekant teen Apartheid ... Beveg lae lone. Swak behuising. Hoë huurgelde. Swak paaie en Swak sportgronde.

Een land, Een Parlement."

2. Getuie het die volgende sprekers opgemerk op die verhoog by die vergadering:  
Eerwaarde Allan Boesak

Eerwaarde Fred Hufky

Eerwaarde Chris Nissen

Thobile Mbotya (Publisiteitsekretaris van GRAFCOM. Volgens verdedigingsgetuie Sam ook voorsitter van COSAS).

Vol. 384 p.22285

Die persone verskyn ook op foto's van die verhoog gedeelte tydens die vergadering.

Bewysstuk AAY.24 en 25 wat deur getuie in die huis van eerwaarde Chris Nissen gevind is.

Vol. 113 pp.5654-5656.

Eerwaarde Chris Nissen het vroeër op die uitvoerende bestuur van UDF (Wes-Kaap) gedien. Eerwaarde Hufky is 'n beskermheer van GRAFCOM.

3. Baniere van GRYCO, GRAFCOM en COSAS is vertoon terwyl Thobile Mbotya 'n UDF-T-hemp aangehad het. UDF-T-hemde word prominent vertoon soos op bewysstuk AAY.24 te sien is. Feitlik al die jong mense wat by die tafel by die mikrofoon sit en agter die spreker met hul gesigte na die gehoor gekeer staan, het UDF-hempies aan. Een met 'n AZASO-T-hemp is ook sigbaar. Die spreker met sy UDF-T-hemp is soos reeds uitgewys Thobile Mbotya.

Vol. 113 p.5655.

Bewysstukke AAY.24 en AAY.25.

Dit kan terloops net genoem word dat volgens Verdedigingsgetuie SAM het Mathew Goniwe (lid van die uitvoerende bestuur Oos-Kaap) ook tydens dié vergadering as spreker opgetree. Hy het van Cradock af gekom.  
Vol. 385 p.22324 reël 30.

4. Om en by 15 minute na die vergadering vind getuie in die betrokke saal by die ingang 'n pakkie (van  $\pm$   $\frac{1}{2}$  duim hoog) eksemplare van afgerolde liedere.  
Vol. 113 p.5662.

- 4.1 Die opskrif hiervan is UDF Songs Aug. '84'.  
Bewyssstuk ABA.5.  
*dit was by die vergadering in die betrokke saal aflatte, wat daar was, sodat mens gaan sang.*
- 4.2 Die stuk bevat die woorde van 15 liedjies waarvan o.a. nommers 4, 5, 6, 8, 10 en 11 hier aangehaal word:
- "4, We shall not, we shall not be moved (X 2)  
Just like a tree that's standing by the waterside  
We shall not be moved  
We shall not, we shall never vote (X3)  
Curry and Hendrickse are sell-outs  
For them we'll never vote.
5. Die UDF sal nooit verloor (X 3)  
Wat gaan jy maak, Hendrickse?  
  
En as ou Boesak kom, wat gaan jy maak  
Hendrickse.  
Wat gaan jy maak, Curry  
Wat gaan jy maak (X 3)
- Die army soek vir jou (X 2)  
Maar die UDF veg daarteen
- Die boere raak nou bang (X2)  
Want die UDF kom aan

6. (Mandela, Mandela)  
Mandela prescribes for freedom  
Mandela says freedom now  
Now we say away with slavery  
In our land of Afrika

Rolihlahla  
Rolihlahla Mandela  
Freedom is in your hands  
Show us the way to freedom  
In our land of Afrika

8. Waling, walking in the light  
In the light (X 3)  
In the light of UDF

Stap maar, stap maar in die lig  
In die lig (X 3)  
In die lig van UDF

Hamba, hamba, kukanye  
kukanye (X 3)  
kukanye UDF

10. Ons swart mense  
Kinders van slawe  
wil ons eie land terug  
wat gesteel is van ons vaders  
toe hulle in die donker was

Gee dit terug nou (X 2)  
Weg met alle slawerny  
Botha sal ons nie vashou nie  
Afrika sal vryheid kry

11. SWAPO shall never (X 3)  
be defeated  
By Botha's regime"

Ook lied no. 1 kan vermeld word:

1. Angena majoni

Amajoni wase Afrika (X 2)  
Masiye, masiye kusebenzi  
Umsebenzi wase AFrika (X 2)

Hulle sal ons nooit verdeel  
Want die UDF verenig ons  
Ons sal never vote  
Want die UDF verenig ons

Voorwaarts, voorwaarts na vryheid  
Voorwaarts na vryheid in ons lewens tyd."

Dit moet hier genoem word dat die Verdēdiging ontken dat die persone wat dié organisasie gereël het, die dokumente daar geplaas het.  
Vol. 114 p.5676 reël 23.

Hieronder word meer aandag aan die toelaatbaarheid van die dokument gegee.

7. Dit is die getuie se getuienis en ook gemesaak dat by die Ngebū Sekondêre Skool, Graaff-Reinet 'n boikot van klasbywoning geheers het vanaf ± Maart 1984 nadat daar einde Februarie "probleme" was en dat dit opgebou het. By tye was dinge redelik normaal by die skool, maar dan was daar weer probleme en so het dit voortgeduur bykans vir die hele 1984.  
Vol. 114 reël 8.

Getuie het ook verskeie kere observasie by die skool gehou en het hy die volgende waargeneem:

7.1 Leerlinge het op die skoolterrein vergader. Hulle het meubelment uit die gebou uitgedra en vergaderings op die terrein gehou.

Vol. 113 p.5657.

7.2 Hulle het vryheidsliedere in Xhosa gesing waartydens getuie die name Oliver Thambo en Nelson Mandela gehoor het. Slagspreuke " Viva UDF Viva CRYCO Viva GRAFCOM" is ook geskreeu.

Vol. 113 p.5657.

7.3 Sommige leerlinge het openlik UDF-T-hemde gedra terwyl ander dit onder hul skooldrag gedra het en dan by die skool ontbloot het. Hy het ook by geleentheid verskeie leerlinge oppad skool toe met UDF-hempies gesien geudrende 1984.

Vol. 113 p.5657.

7.4 Op 24 April 1984 was die polisie weer na die skool ontbied toe daar probleme was. Getuie gee toe dat die boikot van die betrokke dag verband gehou het met die skorsing van 'n student Spiri Pase.

Vol. 114 p.5678.

7.4.1 Daar was met getuie se aankoms ± 200 skoliere op die terrein, waarvan die hek gesluit was met 'n slot, vergader. Hulle het aanhoudend slagspreuke "viva GRYCO Viva GRAFCOM viva UDF" geskreeu. Hierdie getuienis is onbetwissig.

Vol. 113 p.5658.

7.4.2 Hulle het geweier om op herhaalde bevel uitmekaar te gaan maar aangehou met die skreeu van slagspreuke.

Vol. 113 p.5658.

Die polisie is ontbied omdat onderwysers verbied was om die skool te verlaat. Die hek was ook gesluit. Dit is in kruis-ondervraging verduidelik.

Vol. 114 p.5679.

Dit is nie in geskil dat die skoliere die hek toegesluit het nog voordat die polisie opgedaag het nie.

7.4.3 Daar is toe opdrag gegee en die skoliere is met karwatse uitmekaar gedryf. Hierna het die polisie die Blanke personeellede waaronder dames, uit die woonbuurt vergesel.  
Vol. 113 pp.5658-9.

7.4.4 Hierna net buite die woonbuurt is berig ontvang per radio van die volgende geweld wat later, kort hierna, ondersoek en bevestig is.

- I. A/Offisier Moshes, lid van die plaaslike veiligheidstak van die SA Polisie se huis was met klippe beskadig (ruite) en 'n deur was oop forseer en afgebreek. Breekware op die kombuiskas was stukkend. Klippe het op die kas gelê en meubels het merke aangehad.
- II. Twee huise vanaf A/Offisier Moshes se huis is die huis van die skoolhoof van genoemde skool mnr Makay. Sy voertuig voor sy woning was gedeeltelik uitgebrand. Die huis was met klippe beskadig. Ruite was stukkend en klippe is in die huis aangetref.
- III. Terug by die skool met die minste versuim het getuie ook die onderwys-departement se voertuig aangetref. Dit was uitgebrand. Dit was net buite die omheining van die skoolterrein geparkeer.  
Vol. 113 pp.5659-5660.

Spiri Pase (supra) is gearresteer na aanleiding van lg. voorval (punt 3) en skuldig bevind. Dit is onbetwisselbaar dat hy weens openbare geweld tot 3 jaar gevangenisstraf gevonnis is.

7.4.5 Getuie vind toe hy Pase arressteer, bewyssstukke AAY.26, 27 en 28 in sy besit. Die bewyssstukke is foto's wat vir Spiri Pase vertoon waar hy met 'n plakkaat van UDF se MSC voor hom staan. Op bewyssstukke 26 en 28 hou die groep jeugdiges wat by hom staan hul gebalde vuiste omhoog met die duime telkens prominent na links (die swartmag teken volgens getuie Stander). Vol. 113 pp.5660-61.

(Dit kan hier genoem word dat volgens Verdedigingsgetuies Charmain Sam is dié betrokke foto's geneem in Jabulani Hall, die gemeenskapsaal te Graaff-Reinet).

Vol. 385 p.22318.

Laasgenoemde getuie bevestig ook dat die MSC van UDF (dié ter sprake op Spiri se plakkaat) te Graaff-Reinet gedurende April 1984 geloods was.

Vol. 384 p.22264.

8. Volgens Stander se getuienis (onbetwisselbaar) het 'n groep jeugdiges op 16 Junie 1984 'n onwettige ooplug vergadering in die agterplaas van 'n woonhuis in Main Road Masizabe gehou ter herdenking van Sowetodag. Hulle het plakkate vertoon waarop

staan "Remember June the 16th". Foto's is van die groep geneem.

Vol. 113 p.5663.

Bewysstuk AAY.29.

8.1 Daar was tussen 100 en 150 persone.

(Ten opsigte van verbod op vergaderings sien Proklamasie 579

S.K. 9141 gedateer 30 Maart 1984 - verbod geldig vanaf 1 April 1984 - 31 Maart 1985).

8.2 Daar moes later van traanrook gebruik gemaak word om van die mense uiteen te jaag. 'n Aantal persone is gearresteer, aangekla en skuldig bevind.

9. Die onbetwiste getuienis van A/Offisier Stander is ook dat GRAFCOM gedurende Augustus 1984 'n nuusbrief bewysstuk ABA.6 uitgereik het en dat dit vryelik bekombaar was in sowel die Swart as Kleurlingwoongebiede te Graaff-Reinet.

Vol. 113 pp.5663-4.

9.1 Dit is opmerklik dat die naam GRAFCOM as sinoniem vir UDF in die dokument aangewend word. Dit kan terloops hier genoem word dat mnr Tip in kruisondervraging van getuie Stander ook gesuggereer het dat UDF en GRAFCOM dieselfde organisasie is.

Vide vol. 114 p.5670 reël 20 en ook 24-30.

9.2 Vereniging onder die vaandel van UDF van kerklike-, sport- en studente-organisasies asook samewerking met ander streke soos Aberdeen, Middelburg, Beaufort-Wes, Carnarvon,

Somerset-Oos, Colesberg en De Aar word besing en verklaar UDF groei in die Karoo.

9.3 AZASO en COSAS se oproep tot alle studente landswyd "om te boikot" word gepropageer.

9.4 Onder punt 6 Naweek verrigtinge van GRAFCOM (UDF) word genoem:

"Moenie gaan stem op 22 Augustus vir 'n kruppel toekoms nie. Ons Graaf-Reinetters is nie bang, dom of poppe nie. Ons kan en gaan SAAMSTAAN."

UDF UNITES APARTHEID DEVIDES.

Die stryd om vrede, gelykheid en geregtigheid hou nie op 22 Augustus op nie. THE STRUGGLE FOR PEACE, LIBERATION AND JUSTICE WILL CONTINUE TILL FREEDOM COMES. DONT VOTE. UNITE WITH THE UDF."

9.5 Paragraaf 3 van dié nuusbief "GRAFCOM-NUUS UDF" wil dit ook hê dat benewens die vergadering van 8 Augustus 'n verdere massa-vergadering in Augustus gehou is om hul misnoeë teen apartheid uit te spreek. Daar was 3000 mense teenwoordig.

Tot sover bewysstuk ABA.6.

10. Bewysstuk ABA.7 (GRAFCOM NUUS INDABA) het op 15 November 1984 in getuie se besit gekom.

Vol. 113 p.5664-665.

10.1 Die dokument beslaan 7 bladsye. In 'n padblokkade sê getuie, is voertuie deursoek en in Eerwaarde Chris Nissen se voertuig het hy die wasvelle wat gebruik was vir die produksie

van bewysstuk ABA.7 gevind. Eerwaarde Nissen (UDF-Wes-Kaap) was self nie teenwoordig tydens die fonds van die wasvelle nie maar wel o.a. mnr Kubani wat ABA.7 as president onderteken het. Belinda Swart, Melvin Peterson en Joyce Steward. Die dokument meld die volgende omtrent sy oorprong p.7:

"ISSUED by Publicity Committee GRAFCOM, 613 Top Street, Graaff-Reinet."

10.2. Die inhoud van die dokument is in sy geheel van belang maar hier word slegs op enkele aspekte gewys:

1. Dit gee die gedagte weer dat die einddoel waarvoor gestry word "Freedom" is waar "The People Shall Govern".  
Bewysstuk ABA.7 voorblad.

10.2.1 Die regering en sy motiewe word verdag gemaak en met 'n beroep op die Skrif (Bybel) selfs word mense subtel voorberei vir geweld. Nadat die owerheid en in die besonder die "Koornhof Bills" en die stelsel van BLA bv. heftig gekritiseer is volg die volgende paragraaf, p.1:

"As we claim to be Christians we are guilty of (rather) bowing to man than to God. For it is important to stand and even die for the truth like Jesus."

10.2.2 Boikotte teen die wat in die pad staan van die bereiking van hul doelstellings word bepleit en beskou as "One of the weapons we use against those oppressing us or who work in conjunction with the oppressors".

Vide p.4.

10.2.3 Onder die hoof "Victory of our boycott" roem hulle daarop dat a.g.v. 'n boikot 'n winkeleienaar nou met hulle saamwerk.

Vide p.4.

10.2.4 Op p.5 besing die blad die suksesse teen die "Sell Outs" tydens die Anti-verkiesings kampanje en is UDF glo bly daaroor. Die stelling word dan ook gemaak -

"For GRAFCOM with this success though, the Police are after it, the eyes of South Africa are looking at Graaff-Reinet as the leaders in the Karoo."

Vide p.5.

10.2.5 Op dieselfde bladsy bevestig die blad dat GRAFCOM die Karoostreek van UDF en ook die stigting van jeugorganisasies in dié streek geleei het.

10.2.6 Die laaste paragraaf, p.5, lees:

"Die mense voel hulle is GRAFCOM en GRAFCOM se victories is hulle sin. Maar nou dat ons victories behaal het, hou die stryd nie hier op nie maar moet ons dit verder voer.

VOORWAARTS MANDELA ONS LEIER, SAL VRYKOM."

10.2.7 Op bladsy 2 word gestel:

"Ons soek nie leiers soos Koeberg en Mpepho nie ...

Ons regte leiers is op Robben Eiland ... Ons glo dat Nelson Mandela sal vry word en ons lei. Amandla Ngowethu!".

11. Die getuie getuig verder dat mngr Mpepho, die voorstitter van die gemeenskapsraad aangeval is op 15 November 1984. Ook is mev. Sibhan die ondervorsitster van dié raad se huis

aangeval. 'n Polisiebeampte Zahela se huis is ook aangeval met klippe. Al drie voorvalle het dieselfde aand plaasgevind.  
Vol. 113 p.5664.

11.1 Hy was ± 45 minute na die voorval by mnr Mpepho se huis op die toneel waar hy die eksemplaar van "GRAFCOM Nuus Indaba" bewyssstuk ABA.7 in die straat opgetel het.

Vol. 113 p. 5664 en

Vol. 114 p.5680.

11.2 Die algemene posisie in Graaff-Reinet se Swart- en Kleurlingwoongebiede was nie rustig nie. Daar was skoolboikotte en onrus by die skole, aanvalle op Raadslede met klippe. Versperrings is in die strate aangebring, slote is dwars oor die strate gegrawe om te verhoed dat polisievoertuie vryelik in die woonbuurtes kon beweeg. Dit was oor die tydperk Februarie tot einde 1986. Al die gemeenskapsraad se lede het bedank na die aanval op Mpepho se huis. Die kantore van die Oos-Kaapse Administrasieraad is gesluit en die personeel met kantore asook Swart lede van die SA Polisie het tydelik verhuis na die Blanke woonbuurt.

Vol. 113 p.5667.

11.3 Slagspreuke was op strategiese plekke aangebring in die Swart- en Kleurlingwoonbuurtes. Vide foto's bewysstuk AAY.30-34 en Vol. 113 pp.5667-8.

12. Getuie getuig dat GRYCO en GRAFCOM in Februarie gestig is en COSAS eers later. Hy het in Februarie reeds 'n advertensie vir 'n GRAFCOM-vergadering gesien. Na aanleiding van 'n suggestie deur die Verdediging dat GRAFCOM op 24 Julie 1984 gestig is, sê getuie dat volgens sy waarneming en ondersoek GRAFCOM voor dié datum bestaan het en meen dat dit desnoods slegs "amptelik" op daardie datum "gestig" kon gewees het. Hy hou vol dat dié organisasie voor dit as sulks gefunksioneer het.

Vol. 114 p.5670.

12.1 Die Verdediging se stelling word terloops die nek ingeslaan bloot deur te let dat dieselfde dokument bewysstuk ABA.6 wat erken word (vol. 114 p.5670 reël 26) en waarop Verdediging steun vir sy stelling meld dat GRAFCOM o.a. reeds betrokke was by die gedenkdiens op 16 Junie (1984).

12.2 Verder roem GRAFCOM in bewysstuk ABA.7 p.5 dat hy verantwoordelik was vir die stigting van jeugorganisasies in die streek. Verdedigingsgetuie SAM beweer dat GRYCO in Maart 1984 reeds bestaan het en reeds in April UDF se MSC geloods het. Die enigste ander jeugorganisasie te Graaff-Reinet is volgens haar einde Junie begin Julie 1986 gestig nl. COSAS.  
Vol. 384 pp.22262-63 en 22274.

2.

Daar word kortlik teruggekeer na bewysstuk ABA.5 (UDF-songs 84) waarna in paragraaf 1 sub paragraaf 4 verwys is (supra).

1. Die enigste weerleggende poging van die Verdediging in hierdie verband was 'n ontkennende stelling deur die Verdediging asook 'n verwysing daarna deur Verdedigingsgetuie SAM:

(i) Die stelling was soos volg bewoerd:

"Net om duidelik te wees. Ek is nie in staat om te stel dat dit glad nie daar was nie, maar as dit wel daar was, dat dit deur iemand anders as die organisers daar gebring is."  
Vol. 114 p.5676.

(ii) Met verwysing na bewysstuk ABA.5 ondervra mnr Tip getuie SAM in hoof. Die relevante gedeelte lees soos volg:

"At the meeting on 8 August 1984, did you see a document such as the one before you? -- No, I did not see it.

Did the persons running the meeting make any, mention of such document? -- That is not so.

And as far as you could tell there was any use made by people of such a document at the meeting -- Nothing was said about it."  
Vol. 384 p.22276.

2. Afgesien van die feit dat die getuie met respek die laaste vraag aan haar ontwyk en nooit beantwoord het nie, sal geargumenteer word dat SAM se getuienis verworp behoort te word waar dit strydig is met dié van die Staat.

3. Dit word nie betwissel dat die dokument wel uitgestal was soos beweer op 'n tafel by die ingang van die saal nie en dit is uiters onwaarskynlik dat dit nie gebruik sou gewees het by hierdie UDF-oorheersde vergadering nie. Dit word terloops nie ontken dat die dokument wel 'n UDF dokument is nie.

4. Dit is voorwaar eienaardig dat sekere van die liedere op die dokument inderdaad gesing is.  
Vol. 385 p.22326.

5. Laastens val dit uiters vreemd op dat die Verdediging nie 'n getuie geroep het wat eerstehandse kennis sou hê volgens hul relaas tw. een van die organiseerders of selfs 'n spreker nie.

Tot sover die dokument.

3.

Die enigste Verdedigingsgetuie t.o.v. Graaff-Reinet wat getuig het, was mej. Charmaine Sam. 'n Dogter wat in 1984 ± 15 jaar oud moes gewees het.

1. (a) Sy bevestig dat GRYCO reeds in Maart 1984 bestaan het en dat dit UDF se MSC geloods het.

- (b) Sy bevestig dat 'n skole-boikot in 1984 plaasgevind het en dat op 24 April 1984 daar tydens die boikot reeds deur skoliere op die skoolterrein slagspreuke soos "viva UDF viva GRYCO" geskreeu was.
- (c) Verder bevestig sy dat Siri Pase weens sy gedrag uit die skool geskors is.
- (d) Sy stem ook saam dat GRAFCOM op 8 Augustus 1984 'n massavergadering gehou het en baniere van UDF, GRAFCOM en GRYCO vertoon was.

2. Mejuffrou Sam se getuienis is deurweek van onwaarskynlikhede. Hier word op enkeles gewys:

- (i) Haar weergawe van die geboorte van COSAS te Graaff-Reinet is met een woord lagwekkend. Om haar poging om UDF en sy affiliale uit die spervuur te hou, gee sy 'n weergawe wat daarop neerkom dat hulle "n komitee" gestig het en dit COSAS gedoop het sonder om vooraf enige skakeling met die werklike organisasie te gehad het of selfs 'n deeeglike kennis van wat COSAS werklik is. Die resultaat is 'n organisasie wat "COSAS" genoem word, wat COSAS doelstellings voorhou en bevorder maar wat nie werklik COSAS die filiaal van UDF is nie, soveel so dat ofskoon die "COSAS" liggaam reeds in Junie 1984 op die been was (met getuie as sekretaresse) 'n afvaardiging in 1985

na Port Elizabeth gestuur was om 'n grondwet van COSAS te bekom sodat dit bestudeer kon word.

Vol. 384 pp.22274 en 22284 en 85.

- (ii) Die bewering dat die polisie sou opgetree het soos sy beweer nadat skoliere kennis gegee was om te registreer, kan met respekte nie redelik moontlik waar wees nie.

Vol. 384 p. 22272 vanaf reël 10 asook pp.22309-310.

- (iii) "COSAS" waarvan sy sekretaresse was, het al die skole te Graaff-Reinet verteenwoordig sonder dat enige van die ander skole verteenwoordiging op die bestuur het.

Vol. 385 pp.22316-7.

Dit rym ook nie met die redes wat sy verskaf vir die aanvanklike stigting van die Komitee nie. Dit is immers haar skool wat so onregverdig is.

Vol. 384 p.22273.

- (iv) Die bewering dat 'n skool met 500+ leerlinge tot 'n jaarlange boikot sal oorgaan omdat een leerling geskors is nadat hy inderdaad oortree het en ander skole in die dorp daarby aansluit, toevallig gelyktydig met derduisende ander leerlinge landswyd sonder by-motiewe, is nie redelik moontlik waar nie.

Vgl. ook bewysstuk AB.29 p.4. (in vol. 2) onder opskrif United Action for Democratic Education.

(v) Die bewering dat die hoof om toestemming genader is om 'n vergadering te hou in skooltyd ten einde tuagmaatreëls teen hom te bespreek en hy toestem, is onwaarskynlik.

Vol. 385 p.22295.

3. Daar is baie wesenlike weerspreekings in haar getuienis.

Daar word o.a. op die volgende gewys:

(i) Die getuie weerspreek stellings wat mnr Tip op p.5678 gemaak het.

Vol. 385 pp. 22303 en 304.

(ii) Sy weerspreek haarself t.o.v. die bestaan van grieve en slaag nie daarin om 'n aanvaarbare verduideliking daarvoor te gee nie.

Vol. 385 p.22315 reël 13 tot p.22316.

(iii) Sy weerspreek haar t.o.v. die vraag of MSC ook by die skool gevra was, deur eers te beweer die skoliere is ook inwoners en direk daarna op 'n vraag van die hof of skoliere ook gevra is om te teken, te antwoord dat hulle besef het dit is nie vir skoliere nie maar vir inwoners.

Vol. 384 p.22287 reëls 8-17.

(iv) Sy verklaar dat sy nie weet of skoliere tevrede was met prefekte stelsel i.p.v. SRC's nie want dit is nooit nie onder mekaar bespreek nie.,  
Vol. 385 p.22294 reëls 12-18.

Dan weer verklaar sy die teenoorgestelde.  
Reëls 20-28.

(v) Daar is nog heelwat.

4. Getuie skerm blatant sodra UDF en/of affiliale betrek word.

(i) Vergelyk bv. die eienaardige wyse waarop haar geheue werk wanneer sy ondervra word t.o.v. die liedere wat gesing is. Bewyssstuk ABA.5.  
Vol. 385 pp.22325-26.

Uit die daaropvolgende gedeeltes is dit ook bv. duidelik dat sodra dit UDF raak, haar geheue haar in die steek laat.  
Vol. 385 pp.22326-22330.

5. Getuie was nie openlik met die hof nie. Dit is bv. duidelik uit die feit dat sy in haar hoofgetuienis geen melding maak van haar werklike betrokkenheid by COSAS nie. Sy verswyg klaarblyklik doelbewus die feit dat sy en 5 ander bestuurslede van COSAS (Graaff-Reinet) vanaf 17-19 Junie 1985

die "Fourth Eastern Cape Regional Council" bygewoon het as afgevaardigdes vanaf Graaff-Reinet.

Bewysstuk CA 43 p.2 en 3.

Bewysstuk CA.44.

6. Sy verswyg ook die feit dat Oos-Kaap se REC die opdragte ontvang het soos uiteengesit in bewysstuk CA.45. Die volgende uit die dokument word aangehaal:

"They have now banned all meetings until the 31 March 1986. This we see as another attempt by this government to crush the student movement and infact they are banning our organisation (COSAS). Our united efforts must not at all be stopped by these cowardly actions aimed at destroying our organisation. We must at this time organise mobilise our people and fight back. Let us harrass the enemy in all corners and let us use whatever means available to us. We call upon you to intensify our struggle against the enemy and those who collaborate with it.

To those areas who have decided to go back to classes this year, COSAS calls upon you to FORCE AND ELECT SRC structures in your schools. Let us not wait for them to grant us SRC's. Let us all unite in our schools and become uncontrollable and ungovernable. Let us call meetings in our schools to show this government that we shall not obey the order on us."

7. Uit bewysstuk 47 (in vol. 8) soos behandel vanaf reël 18 p.22321 vol. 385 van die oorkonde gelees met bewysstuk ABA.6 punt 3 is dit duidelik dat daar in Augustus twee vergaderings of saamtrekke was. Sy verswyg dié feit.

4.

Dit word respekvol betoog dat getuie Sam nie geglo behoort te word nie en haar getuienis deur hierdie Agbare Hof verwerp behoort te word waar dit strydig is met getuie Stander se getuienis soos aangevul deur die dokumentêre bewysstukke.

5.

Bewysstuk AB.29 p.4 bevat o.a. die volgende onder die opskrif "Apartheid Education is Rotten":

"1984 - It all happened again. From Pretoria to Port Elizabeth, Paarl, Uitenhage, Humansdorp, Alexander, Bloemfontein, Graaff-Reinet, Cradock ... students once again demonstrated their rejection of Apartheid inferior education. They demanded: abolition of corporal punishment, end of Age Restriction, more textbooks and recognition of SRC's.

In Port Elizabeth, Bloemfontein and Alexander the students won their demands and in Pretoria, Cradock and Graaff-Reinet the authorities refused to listen to the demands of the students. Brutal and suppressive police action left hundreds injured and two dead:  
..."

Dit is 'n COSAS NATIONAL CONGRESS REPORT.

6.

1. Dat die gebeure te Graaff-Reinet nie geïsoleerd en ongekoördineerd was nie, spreek duidelik wanneer die totaliteit van die getuienis beoordeel word met inbegrip van die volgende aanhaling uit SASPU - FOCUS Vol. 3. Nr. 2 November 1984:

"Soldiers in as DET tries to divide and confuse

Soweto schools came to a standstill as thousands of students flocked to Bongani Kumalo's funeral. A heavy police and SADF presence continued throughout the next week. They patrolled the streets in hippo's, fighting battles with youths.

In the Eastern Cape where boycotts were spreading and growing in strength, violent clashes escalated. SADF troops were stationed in Port Elizabeth and Grahamstown. Students at more than 50 schools in Port Elizabeth, Uitenhage, Grahamstown, Queenstown, Fort Beaufort, Graaf Reinet, Sombets East, Cradock, Oudtshoorn, Port Alfred and King Williamstown stayed out.

By early October student militancy showed no signs of subsiding ....

....  
Bewysstuk 21 p.10.

2. Vergelyk ook t.o.v. konflik rondom huur knelpunt en raadstelsel. Die volgende SASPU - NATIONAL vol. 5 no. 7 Desember 1984 onder die opskrif "Councillors are fleeing from a sinking ship". Nadat verskeie plekke landswyd genoem is:

"In Graaff-Reinet, conflict arose between councillors and residents after rents were increased by more than 50 percent. The mayor has gone into hiding after he allegedly shot and killed a youth during a peaceful march to protest the increases."

Bewyssuk W.32 p.2 die 2de laaste paragraaf.

3. Dieselfde dokument behandel op bladsy tien en elf 101 verskillende plekke onder die opskrif Countrywide protest. Onder paragraaf 92 Graaff-Reinet word die volgende gestel:

"5 schools on boycott and rent protests. COSAS LEADERS detained".

4. Onder die opskrif "The Challenge facing students" word die volgende verklaring in 'n COSAS dokument oor onderwys:

"The peak of student struggles was witnessed during the massive uprisings of 1976 and 1980 and more than recently students in Pretoria, Graaff-Reinet, Cradock, PE, Bloemfontein, Tembisa etc., went on boycott. The demands are still the same: recognition of SRC's, withdrawal of the age limit, law, abolition of corporal punishment etc."

Bewyssuk W.50 p.1.

4.1 Dit word respekvol betoog dat hierdie Agbare Hof sal bevind dat UDF en sy geaffilieerde COSAS asook sy bewese spreekbuise te Graaff-Reinet tw. GRAFCOM en GRYCO op die reeds geykte en bekende wyse die plaaslike gemeenskap enveral skoliere in die sg. "freedom struggle" betrek het gedurende 1984 en 1985 deur hulle rondom bestaande sowel as geforseerde knelpunte te mobiliseer, te politiseer en tot aksie op te sweep.

- (a) Hier is gebruik gemaak van massavergaderings soos blyk uit die getuienis vgl. die enkele voorbeeld van dit wat uiteengesit is in bewysstuk ABA.6 (wat deur die Verdediging erken is).
- Vol. 114 p.5670 reël 26.
- (b) Daaronder blyk ook dat kerkorganisasies, sportorganisasies, studente organisasies verenig is onder die vaandel van UDF en dat van konferensies, disco's, video-vertonings, gedenkdiens op Sowetodag 16 Junie, huis-tot-huis besoeke, hotel-boikot, skole-boikot in al die Swart- en Kleurlingwoongebiede te Graaff-Reinet, Opleidingskursusse (workshops), verjaarsdagviering van UDF, kampanjes soos anti-verkiesingsveldtog en MSC.
- (c) Knelpunte soos uitbuiting (sogenaamd), swak huise, stofpaaie, min werk, laer lone en verhoogde huur, ouderdomsbeperking, lyfstraf ens.
- (d) Volgens getuies is "griewe" soos tekort aan boeke, gebrek aan SRC's en bestaande prefektestelsel ook gebruik. 'n Geforseerde knelpunt soos die skorsing van Spiri Pase (wat regmatig was) is klaarblyklik in die skole-boikot uitgebuit en buite verhouding deur aktiviste opgeblaas en hierin het Pase, 'n UDF aktivis, selfs volgens die verdedigingsgetuie self, 'n aktiewe rol gespeel.

- (e) Slagspreuke en vryheidsdliedere is ook gebruik soos duidelik uit die getuenis.

4.2 Dat die resultaat van bestaande aktiwiteite gekulmineer het in o.a. die volgende:

- (a) 'n Algemene toestand van onrus te Graaff-Reinet soos in baie ander dele van die land oor ± dieselfde tydperk;
- (b) dat dit UDF en sy trawante se oogmerk was om hierdie toestand te skep;
- (c) dat dit ook die direkte voorsiene oorsaak was van o.a.:
- (i) Gewelddadige aanvalle op die eiendom van Raadslede;
- (ii) aanvalle ook op eiendom van polisiebeamptes;
- (iii) aanvalle op die eiendom van die skoolhoof en onderwysdepartement;
- (iv) die intimidasie van onderwyspersoneel;
- (v) bedanking van raadslede;
- (vi) ontwrigting van owerheidstruktuur in die woongebiede;

(vii) versperring van normale vervoerweë in die woongebied sodat veral die polisie belemmer is in die uitvoering van hul pligte;

4.3 Dat bostaande deel was van UDF en sy trawante se doelstelling om die land onregeerbaar te maak en uiteindelik die owerheid omver tewerp en te vervang met hul sg. "people's government" soos bewysstuk ABA.7 se voorblad adverteer met verwysing na o.a. Oscar Mpheta se woorde "The past is theirs the future is ours."

SEISOVILLE

Dit is ons respekvolle betoog dat die Staat bewys het dat UDF en die organisasies te Seisoville die inwoners van die gebied georganiseer, gemobiliseer en betrek het in geweldpleging.

1.

Op 11 Februarie 1985 het die prinsipaal van Bodibeng Hoërskool die polisie ontbied weens oproerigheid van die leerlinge. Die leerlinge het 'n optog gevorm en is toe in die woonbuurt in en is toe na Kananelo skool. Dit was deur die Verdediging se getuies erken dat die leerlinge oproerig en onbeheerst was en die optog gevorm het en geloop het na Kananelo skool. Dit is ook gemesaak dat daar gedurende die opmars vryheidsliedere gesing was en slagspreuke geskreeu was. Hulle was ook onbeheerst en oproerig terwyl hulle gegaan het na Kananelo skool. Hulle het klippe opgetel en het rondgedans. Die getuienis was nie in kruisondervraging aangeval en betwis nie.

2.

Die polisie het die onruseenheid op bystand gekry en het die optog gevolg tot by Kananelo skool en daar observasie gehou. Toe die getuienis gelewer was, was dit nie deur kruisondervraging aangeval en betwis nie. By die Kananelo skool het die leerlinge van daardie skool by die optog aangesluit. Op pad het hulle na die winkel kompleks beweeg en ook gewone lede van die publiek het by hulle aangesluit. Ook dit was

nie betwissel in kruisondervraging nie en van die Verdediging se getuies het dit ook bevestig dat lede van die publiek by hulle aangesluit het.

3.

Die optog het toe hulle by die besigheidsentrum uitgekom het oorgegaan tot geweldpleging en daarna het algehele oproer en geweldpleging gevolg.

1. Daar was klipgooiery en plunder van winkels. So het getuie wat vir die Verdediging getuig het getuig dat sy gesien het dat mense (leerlinge en ander) met goedere by haar huis verbygaan. Sien ook Vol. 354 p.20308.
2. Van die winkels was aan die brand gesteek en vensters was stukkend gegooi.
3. Die Mphoadi Onderwyskollege was deur Swart oproeriges aangeval met klippe en die polisie moes hulle verdryf en sodoende die personeel daar ontset.
4. Aanvalle met klippe was uitgevoer deur die oproeriges op die SA Polisie, die huise van raadslede en polisie-manne.
5. Motorvoertuie is aangeval, omgekeer en aan die brandgesteek in die strate.

6. Die Swartburgermeester van Seisoville se huis is aangeval, sy motor uitgebrand en 'n kombi voor sy huis omgekeer.
7. Vier trekkers van die gemeenskapsraad was uitgebrand in die strate.
8. Oral in die woonbuurt was padversperrings aangebring.
9. Van die oproeriges was geklee in UDF-T-hemde en heelwat van die oproeriges was gekleed in skooluniforms.
10. Tydens die polisie-optrede om die oproerige en gewelddadige inwoners by die besigheidsentrum uiteen te jaag en beskerming te verleen was twee van die geweldenaars noodlottig verwond. Verder was tien van die gewelddadige aanvallers gewond. Vier lede van die polisie wat opgetree het is beseer.
11. Raadslede was geintimideer en daar was gewelddadig teen hulle opgetree en gevolglik het vier van hulle bedank. Dit was erken deur die Verdediging.

4.

Uit die getuienis soos aangebied deur die Verdediging het dit aan die lig gekom dat daar in die skole al sedert 1984 moeilikheid bestaan het.

5.

Die Verdediging het hard probeer om die oorsaak vir die uitbreek van die geweldpleging in Seisoville aan die optrede van die polisie te koppel en hulle te blameer as die oorsaak.

Die verweer was dat die polisie by Kananelo skool die leerlinge daar aangeval het met traanrook sonder enige rede. Die leerlinge van Bodibeng skool sou daar gewees het om die steun van die Kananelo leerlinge te kry om hulle te gaan help by Bodibeng skool om hulle saak daar te gaan stel aan die prinsipaal sodat hulle studenterade kan kry. Terwyl die leerlinge van Kananelo skool besig was om aan te sluit by die optog van Bodibeng het die polisie daar arriveer en sondermeer traanrook op hulle gevuur.

Dit is ons respekvolle betoog dat hierdie verweer so belaglik en vals is dat dit totaal verworp moet word. Die valsheid daarvan word deur die Verdediging se getuienis self bevestig en gaan ons slegs enkele voorbeeldige uitlig.

1. Dit was alreeds bekend aan die prinsipaal van Bodibeng skool dat die leerlinge daar agiteer het vir studenterade en selfs oproerig geraak het met hulle eis as voorwendsel en is dit ons respekvolle betoog dat dit nooit die bedoeling was om terug te keer na Bodibeng skool toe nie.
2. Branders se getuienis dat hulle nie by die Kananelo skool aangeval was nie was nie aangeval hieroor nie en hulle weergawe was nie aan hom gestel nie.

3. Die getuienis soos deur die Verdediging aangebied, het verskillende teenstrydige weergawes opgelewer.

(i) M M Sebesoane het getuig dat hulle na Kananelo-skool gegaan het om daardie leerlinge te kry om saam met hulle te gaan na Bodibengskool om daar hulle eis van studenteraad aan die prinsipaal oor te dra. Voor die hek het 'n verteenwoordiger van hulle aan die leerlinge van Kananeloskool geskreeu om by hulle aan te sluit. Terwyl die leerlinge van Kananelo besig was om by die optog aan te sluit, het hulle die polisie opgemerk en het van die mense in die optog dit verlaat - nie weggehарdloop nie. Terwyl dié wat nie padgegee het nie nog daar was, het die polisie sommer begin om traanrook op hulle te vuur.

Vol. 358 pp.20600-20603 en 20664-20669.

(ii) S T Moloi Vol. 364 pp.20988 tot 20991: Hy het getuig dat die polisie daar opgedaag het terwyl die kinders van Kananeloskool na hulle in die optog aangehardloop gekom het om aan te sluit by die optog en voordat hulle nog kon aansluit, het die polisie gearriveer en as gevolg daarvan het van die leerlinge weggehарdloop. Die polisievoertuie het gestop en daar is sonder meer traanrook op hulle afgevuur.

In kruisondervraging erken hy dat hy nie kan betwis dat die kinders vandaar na 'n volgende plek

gemarsjeer het nie, omdat hyself reeds weggehарdloop het.

Vol. 365 pp.21011 tot 21014.

- (iii) J M Pule 'n leerling van die Kananeloskool het getuig, in hoof, dat hul skool by die optog aangesluit het en dat hulle na vorentoe beweeg het en na hulle ongeveer 100 meter reguit aan marsjeer het vanaf die hek van die skool, het die polisie opgedaag. Voordat die polisievoertuie nog tot stilstand gekom het, het van die leerling weggehарdloop toe hulle die polisie sien. Die optog het ook tot stilstand gekom na die polisie gestop het. Daarna sou die polisie met traanrook op hulle gevuur het en is die optog uiteen.

Vol. 373 pp.21562-21564.

In kruisondervraging bevestig hy dat die optog reeds vanaf die hek vertrek het, regs aan beweeg het en nie omgedraai het nie toe die polisie opgedaag en die optog teruggekeer het. Hy het net die skote gehoor en nie gesien toe die polisie sou geskiet het nie. 'n Baie belangrike feit wat deur hierdie getuie na vore gebring is, is dat toe hulle vanaf die Kananeloskool vertrek het, was dit met die doel om deur die hele woongebied te marsjeer en daarna sou almal weer na hul onderskeie skole teruggekeer het. Die doel van die optog deur die hele woongebied was om die

personeel van die twee skole: "daarvan bewus kan word dat beide die skole se kinders nie op skool was nie, maar wel besig was met 'n optog en dan later sal die rede bekend word aan hulle".

Vol. 374 pp.21576-21580.

- (iv) S D Leholo. Sy hoofgetuienis was tot die effek dat die leerlinge van die Kananeloskool het volleddig aangesluit by die optog en het alreeds in beweging gekom en vandaar vertrek toe hy die polisievoertuie waarneem wat daar tot stilstand gekom het. Eienaardig genoeg neem hy die polisie waar toe hulle tot stilstand kom, maar kan nie sien wie geskiet het nie en het slegs skote gehoor. Ná die afvuur van die skote het die lede van die optog weggehardloop.

Vol. 376 pp.21742-21743.

In kruisondervraging het dit uitgekom dat die optog tot stilstand gekom het in die straat voor die hek en dat die leerlinge van Kananelo by die optog sou aansluit en dat hulle sou terugkeer na Bodibeng om die Skoolkomitee daar te gaan ontmoet.

Die leerlinge van Kananelo het aangesluit by die optog en daarvandaan het die optog terugbeweeg in die rigting vanwaar dit gekom het. Vanwaar die polisie gestaan het, het die polisie geskiet na die agterpunt soos dit weg beweeg het en die optog het uiteen gegaan.

Vol. 376 pp.21747-21756.

(v) J M Makoatsane het getuig dat die optog in die groep gestaan het by die hek van die Kananeloskool. Daarna het hy waargeneem dat die leerlinge van die Kananeloskool aansluit by die optog van Bodibeng leerlinge. Hulle het volledig aangesluit en die nuwe optog het in sy spore omgedraai en al. 'n afstand beweeg toe polisievoertuie op die toneel verskyn. Die polisiebeamtes het van die voertuie afgeklim en begin skiet met traanrook en die optog uiteengejaag.

Vol. 389 pp.22504-22506.

In kruisondervraging word 'n paar interessante feite openbaar.

(i) Vanwaar die getuie gestaan het kon hy nie die hek by die ingang van die Kananeloskool sien nie.

(ii) Twee polisievoertuie het op die toneel verskyn. Die een het hulle van agter genader en die ander een van voor soos hulle aanvanklik geloop het.

(iii) Hy kon ook nou nie sien wie het geskiet of van watter groep voor of agter die groep.  
Die rede was omdat die skool sy uitsig belemmer het.

(iv) Nou het die kinders en die hek uit sy gesig verdwyn omdat die skool in die pad was. Hy kon nie sien wat gebeur nie. Hy het slegs rook gesien.

Vol. 389 pp.22506-22511.

(vi) Ons kan met respek vele ander weersprekings uitgelyk het soos bv. deur wie en waar is onderhandel tussen die twee skole; waar was die leerlinge van Kananeloskool toe die gebeure plaasgevind het ens. Dit word egter as oorbodig beskou.

4. Dit is ons respekvolle betoog dat die weergawe rakende die sogenaamde polisieoptrede te Kananeloskool blatante leuens en 'n doelbewuste poging om hierdie Agbare Hof te mislei. Dit is ondenkbaar dat die Verdediging hierdie Agbare Hof kan vra om enige geloofwaardigheid hieraan te heg. Die vraag word gevra op watter weergawe die Verdediging as die waarheid kan steun.

## 6.

Begrafnisse van onlusslagoffers was ook aangewend om politieke munt daaruit te slaan en om die mense op te sweep teen die owerhede.

(i) Die begrafnis van 18 Februarie 1985 was georganiseer deur Dennis Bloem wat homself beskou het as die verteenwoordiger van UDF in Seisoville en beskuldigde no. 20 en Patrick Lephuhyo het hierdie

begrafnis bygewoon as verteenwoordiger van UDF en op uitnodiging van Dennis Bloem. Hy het die aanwesiges by die huis sowel as by die graf toegespreek (d.i. beskuldigde 20).

(ii) Die voorwaardes wat die landdros vir die hou van die begrafnis neergelê het, was blatant verontagsaam:

- (a) Die kis is skouerhoogte gehou oppad na die begraafplaas toe;
- (b) oppad na die begraafplaas is vryheidsliedere gesing;
- (c) in die stoet was COSAS, UDF en ander baniere gewees;
- (d) die bepaalde tydsduur van die begrafnis is oorskry en nadat die polisie hulle tweekeer gewaarsku het om uitmekaar te gaan na verdere tyd verleen was, het ongeveer 300 begrafnisgangers waaronder Dennis Bloem en beskuldigde no. 20 versuim om dit te doen en die polisie openlik uitgetart sodat hulle d.m.v. traanrook uitmekaar gedryf moes word.

(iii) Ten aansien van hierdie polisie-optrede het die Verdediging soos so dikwels in die verlede probeer om die polisie te blameer vir beweerde

ongeregtigverdigde gewelddadige optrede. Net soos in vorige gevalle hou hul beskuldigings nie water nie, sodanig dat geen mens weet wie om te glo en wie nie onder die Verdedigingsgetuienis.

- (a) Beskuldigde 20 het gesê by die graf het slegs 'n paar mense oorgebly toe die polisie sonder rede traanrook geskiet het. Die polisie het regdeur posisie ingeneem gehad binne in die begraafplaas.

Vol. 286 p.15743.

- (b) Getuie D M Lethae se weergawe was dat terwyl hulle besig was om die graf te vul, het die polisie met Land Rovers die kerkhof binne gekom en sonder meer traanrook op hulle gevuur. Volgens hom was daar toe slegs ± 20 mense in die omgewing van die graf. In kruisondervraging verander sy storie en sê daar was baie mense toe polisie vuur en dat die mense in alle rigtings die veld ingevlug het.

Vol. 351 p.20043 en pp.20076-79.

- (c) Dennis Bloem getuig dat terwyl hy nog besig was om die begrafnispangers toe te spreek, het die polisie by die hek ingekom en nader aan hulle beweeg. Hy het onmiddellik die mense aangesê om die kerkhof te verlaat. Die

polisie het met verskillende voertuie ingekom en toe met traanrook na hulle geskiet.  
Vol. 352 p.20157.

Sy storie verander in kruisondervraging nl. dat al die begrafnisgangers reeds die kerkhof verlaat het en besig was om die woonbuurt binne te gaan toe die polisie gevuur het. Hippos en Land Rovers en vangwaens het in kerkhof ingekom.

Vol. 353 pp.20198-99.

- (d) F E Magcuntsu getuig dat beskuldigde no. 20 die opdrag gegee het om die perseel te verlaat en dat daar drie polisievoertuie op die perseel was en net toe die mense uitgaan by die perseel het sy skote gehoor.

Vol. 355 p.20317-18.

In kruisondervraging is dit nou Bloem (en nie no. 20) wat gesê het hulle moet dadelik loop.

Sy sê wat heel laaste plaasgevind het was om die perseel te verlaat toe die polisie die traanrook geskiet het. Eers het sy vinnig geloop. Later verander sy en het sy stadig en op haar gemak van die graf af weggeloop.

Vol. 355 pp.20363-369.

(e) M Sebetoane getuig dat terwyl sy, wat op die agterpunt was, besig was om deur die hek van die begraafplaas te gaan, sy omgekyk het en gesien het traanrook val by die graf. Net na sy die perseel verlaat het, nie ver van die hek af nie, was die polisie net buite die hek en het traanrook geskiet na die mense wat besig was om in hul motors te klim.

Vol. 358 p.20610.

In kruisondervraging het sy getuig dat die polisie op die pad was wat na die hek van die begraafplaas lei en het hulle verby die polisie geloop. Die polisiebeamptes het in die voertuie gesit of party het daar rondgestaan. In die perseel self het sy geen polisievoertuie opgemerk nie. Later verander haar getuienis en het sy twee "vans" onder die bome op die perseel gesien. Dan weer toe die skietery plaasgevind het, het sy baie polisie voertuie buite die perseel opgemerk wat daar rondbeweeg het.

Vol. 360 pp.20676-9.

(f) Ook die ander verdedigingsgetuies t.o.v. die gebeure op dié begrafnis bevat botsende weergawes. Dit word egter nie verder behandel nie aangesien dit ons respekvolle betoog is dat geen waarde geheg kan word aan die

getuies aangebied deur die Verdediging nie a.g.v. die talle weersprekings.

- (g) Dit is met respek ook ons betoog dat die getuies wat getuig het oor die begrafnis mekaar oor ander aspekte van die begrafnis weerspreek het wat hul geloofwaardigheid sodanig onder verdenking plaas dat dit verwerp behoort te word waar dit strydig is met die weergawe van die Staat.

2.

Die begrafnis van 25 Januarie 1985 het ook die patroon gevolg van die begrafnis onder punt 1 (supra) bespreek. Na die begrafnis het 'n groep van ± 800 van die begrafnisgangers die woonbuurt ingegaan. Hulle was deur die polisie aangesê om uiteen te gaan aangesien hulle besig was om die landdros se neergelêde voorwaardes te verbreek. Hulle het nie gehoor gegee aan die polisie nie en het begin om die polisievoertuie aan te val met klippe. Daarna het die polisie bevel gegee dat hulle uiteengedryf moes word. Een Swartman is in die polisie-optrede gedood.

Vol. 100 p4898 en

Vol. 100 pp.4933-4934.

3.

Die begrafnis van 27 Februarie 1985:

Dieselbde geld vir hierdie begrafnis. Op hierdie begrafnis was voëlrekkers en asblik deksels uitgedeel. Die meerderheid

van die begrafnispogings is vreedsaam uiteen maar 'n groep van ± 300 het versamel en na die woonbuurt gegaan. Toe die polisie hulle voorgekeer het, het hulle die polisievoertuie aangeval met klippe en twee petrolbomme was ook na die polisievoertuie geslinger. Die polisie het hulle uiteengetjaag, hulle het uitmekaar gespat en in verskillende rigtings verdwyn.

Later is die huise van vyf Swart lede van die polisiemag aangeval deur 'n groep Swartmense. Dit was aanvalle met klippe en petrolbomme en die huise was erg beskadig. Die polisie moes weer optree om dielewens van polisiebeamptes en hul eiendom te beskerm.

Vol. 100 pp.4898-4899.

## 7.

Dit is ons respektvolle betoog dat dit bewys is dat UDF, COSAS, AZASO en MASO/MASCO aktief in Seisoville die massas georganiseer en gemobiliseer het tot die pleeg van die geweld soos hierbo genoem. Dit alles is gedoen as deel van die sogenaamde vryheidstryd.

1. Dennis Bloem was die persoon wat in Seisoville groot-skaals georganiseer het om UDF in Seisoville te vestig, om mense te kry om aan te sluit by UDF en het UDF in die algemeen gepopulariseer en die belang daarvan bevorder:

(a) Verdedigingsgetuie D M Lethae het getuig dat Bloem mense gewerf het in Kroonstad om aan te

sluit by UDF of om aan sy aktiwiteite deel te neem en het hom ook probeer werf vir hierdie doel.  
Vol. 351 pp.20037 en 20044-20045.

Bloem het UDF-T-hemde in Seisoville verkoop o.a. aan getuie Lethae.  
Vol. 351 p.20037-38.

In die verskillende gebeurtenisse wat in Seisoville plaasgevind het, het die getuies bewys hoedat beskuldigde no. 20, Bloem en ander tydens die voorvalle gekleed was in UDF-T-hemde en was UDF-baniere by begrafnisse.

Bloem het ook die UDF gepopulariseer deur o.a. vir getuie Lethae te vertel dat UDF besig is om 'n stryd te voer teen sg. apartheid en ook dat UDF besig is om die gemeenskap van Seisoville te help met gemeenskapsprobleme. Dit was selfs algemeen bekend in die Gemeenskap van Seisoville dat Bloem aangehou was weens sy aktiviteite ten behoeve van UDF.

Vol. 351 p.20046-7.

- (b) Dennis Bloem self erken dat hy noue skakeling gehad het met beskuldigde no. 20 wat hom volledig ingelig het oor UDF en dat hy die UDF-kampanje teen die Kleurlingverkiesing en die Drie-kamer Parlement in Seisoville bevorder het deur

pamflette te versprei en deur plakkate in die woongebied te vertoon. Dit was die verkiesing vir die Raad van Verteenwoordigers van 22 Augustus 1984.

Vol. 352 pp.20144-45.

Beskuldigde 20 het dikwels Kroonstad besoek en het aan Bloem ook die Deklarasie van UDF verskaf en wat hy bestudeer het. Dit was ongeveer 25 UDF deklarasies en ± 300 UDF Newses wat hy in opdrag van beschuldigde 20 versprei het met die Kleurlingsverkiesing in 1986.

Vol. 353 pp.20216-8.

Bloem bevestig dat hy die UDF-kantore in Johannesburg besoek het waar hy beschuldigde no. 20 ontmoet het. Hulle het die UDF se doelstellings bespreek en daar is ook UDF-T-hemde aan hom verskaf vir verspreiding ter stuiwing van UDF-fondse.

Vol. 352 pp.20149-50.

Bloem het ook SASPU-Nationals en The Eye gekry in Johannesburg wat hy versprei het in Seisoville.

Vol. 352 p.20218-20.

Hy het ook die begrafnis van 18 Februarie 1985 gereël en het spesifiek vir beschuldigde 20 uitgenooi om as spreker op te tree by die begrafnis ten einde UDF verder te populariseer in Seisoville.

Vol. 352 p.20153.

Vol. 353 p.20228.

Dit is reeds bekend hoedat beide Bloem en beskuldigde 20 UDF op hierdie begrafnis gepopulariseer het.

Bloem het erken dat hy hom beywer het om verskilende organisasies in Seisoville op die been te bring.

Vol. 353 p.20231.

Volgens sy vorige getuienis het hy bevestig dat hy die UDF deklarasie gelees het, dit vir hom aanvaarbaar was en "... dat die UDF 'n organisasie gaan wees wat al die mense in Suid-Afrika en al die organisasies bymekaar gaan bring."

Dit is ons respekvolle betoog dat in die lig hiervan en ook in die lig van die besprekings tussen hom en beskuldigde 20 van UDF se beleid Bloem hierdie organisasies op die been probeer bring het ter uitvoering van UDF se beleid.

Vol. 352 p.20148.

Bloem en beskuldigde 20 ontmoet dikwels by UDF kantore in Johannesburg en hy skakel ook gereeld met die leiers van UDF Tvl-streek en UDF nasional.

Vol. 353 p.20240 en Vol. 352 p.20144.

Hy het ook UDF-MSC pamflette gaan haal vir die doel van verspreiding in Seisoville.

Vol. 353 p.20242-243.

Bloem het 'n verklaring aan die polisie gemaak omtrent pamflette wat beskuldigde no. 20 spesifiek na hom gebring het vir verspreiding. Hy het ontken dat hy die verklaring gemaak het maar tog in kruisverhoor toegegee dat hy wel pamflette deur beskuldigde no. 20 ontvang het wat hy aan 'n kind gegee het om te versprei. Hy het verder in kruisverhoor erken dat hy pamflette versprei het.

Vol. 353 pp.20224-20228. Ook bewysstuk CA.25.

Bloem het in sy winkel vir UDF en ander organisasies geaffilieer met UDF of UDF aktief ondersteun soos DESCOM, TIC, SACC, RMC, GRASSROOTS, AZASM en COSAS gepopulariseer deur hul publikasies uit te stal.

Vol. 354 pp.20270-97.

(c) Beskuldigde no. 20 bevestig self dat hyself deur Bloem genooi was na die begrafnis om UDF te populariseer in Seisoville en dat dit die rede is waarom hy dit ook gedoen het.

Vol. 286 p.15741.

2.1 In die SASPU-National van Maart 1985 verskyn daar twee artikels waarin die bestaan van COSAS en AZAPO bevestig word te Seisoville.

Die eerste op p.1 het die opskrif "Violent Battles in Apartheid's Streets". In dié stuk word hierdie "violent battles" toegeskryf aan weerstand in die gemeenskap en die skole teen die regering se beleid en het uitgebreek a.g.v. knelpunte. Hulle bevestig ook dat sterftes voorgekom het a.g.v. polisie-optredes in Kroonstad. Dat studente hul stryd vir studenterade, 'n einde aan lyfstraf en die opheffing van die ouderdomsbeperking voortgesit het en in Kroonstad was daar ook aanvalle geloods teen die huise van COSAS jeugdiges en UDF-aktiviste.

AZASO, COSAS en NUSAS bevestig dat hulle hul stryd vir 'n "Education Charter" sal voortsit.

Die tweede berig verskyn op p.4 onder die opskrif: "Free State Townships Rage" en onder 'n foto van die begrafnis van 18 Februarie 1985. Op die foto verskyn die banier met die bewoording "We are not fighting just to burry our hero YES to SRC's."

Die berig self stel dit dat die regeringsmagte bedreig word deur groeiende studente massa-aksie. Die eise van studente word herhaal nl. die instelling van "SRC'S", die ontslag van aangehoude studente en die uithou van

polisie uit woongebiede. Verder word die her-toelating van geskorste leerlinge geëis.

In Kroonstad het COSAS en AZASO-leerlinge en studente van drie hoërskole en die opleidingskollege 'n gesamentlike organisasie gestig om te veg vir demokratiese "SRC's".

In botsings met die polisie daarna word bevestig dat minstens vier persone gedood is. Verder word gestel dat die huis van die plaaslike UDF-komiteelid, Dennis Bloem met 'n petrolbom aangeval was en dat Bloem ook later self aangehou was.

Ook word bevestig dat lede van COSAS se huise aangeval was met petrolbomme.

Onder die opskrif "Stop Closing our Schools" p.4 word bevestig dat die sluiting van die skole in o.a. Kroonstad die woede van die ouers opgewek het.  
Bewyssstuk AAC.55.

Die getuienis voor hierdie hof gelewer bevestig die inhoud van die berigte hierbo genoem.

- 2.2 In "The Eye" van Maart 1985 word bevestig dat in Seisoville, Kroonstad vier raadslede bedank het onder  
die druk van die inwoners. UDF beskou hierdie

raadslede wat bedank het as 'n wins deur hulle behaal in die vryheidstryd.

Beweystuk C.68 p.1 en C.110 p.20.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die heer Dennis Bloem die persoon is wat gemeenskapspublikasies SASPU-National en "The Eye" in Seisoville versprei het. (Vide supra).

2.3 Getuie Sebatoane was beslis nie eerlik in haar getuenis omtrent die aanwesigheid van COSAS in Seisoville nie.

Vol. 359 pp.20618-9.

Dit word weerspreek deur die feit dat hulle huis die COSAS-eise soos bv. vir "SRC'S", ouderdomsbeperkings, ens. bevorder en aangewend het om leerlinge tot geweldpleging op te sweep.

In kruisondervraging het sy valslik voorgegee dat sy nijs geweet het van die doelstellings van COSAS nie en dat sy COSAS nie ondersteun het nie.

Vol. 359 pp.20621.

Haar leuenagtigheid oor hierdie aspek word bevestig deur die feit dat sy aan die hof voorgegee het dat sy nie die gemeenskapspublikasies "Speak" en "Learn and Teach" gelees het nie.

Vol. 359 pp.20622-27.

In haar besit was 'n geskrewe dokument wat sy self geskryf het, gevind waarin sy erken:

"My Leader is Mandela. My defence force is Umkhonto we Sizwe and My School Organisation is COSAS and my teacher is UDF."

Bewysstuk CA.28

Bewysstuk CA.27

Vol. 359 pp.20627-30.

- 2.4 Dit is ons respekvolle betoog dat die gesamentlike organisasie wat, soos hierbo gemeld deur COSAS, AZASO-studente aan drie hoërskole en die Kollege gevorm was, die Organisasie MASO is wat later verander is na MASCO en dat hierdie gesamentlike organisasie waarvan hierdie getuie Sebotoane 'n lid was wel 'n lid van die bestuur was, 'n jeugorganisasie was wat 'n belangrike rol gespeel het in die organisasie en mobilisasie teen leerlinge, studente en nie- skoolgaande jeug in Seisoville en dat hulle 'n groot aandeel gehad het in die totstandkoming van skole-boikot, onluste en geweld.

THABONG

1. ALGEMEEN

1.1 Die getuie Hugo het getuig dat COSAS gereeld in 1984 vergaderings gehou het in die Rooms Katolieke Kerk en by privaat huise.

Vol. 118 p.5911.

1.2 Veral in huis 2914 van Billy Makobo van COSAS is vergaderings gehou - hy is op die COSAS-komitee. Die vergaderings is d.m.v. plakkate wat opgeplak was by substasies en mure van geboue, adverteer.

Vol. 118 p.5912.

1.3 Dis gestel dat van begin Augustus 1984 het die SA Polisie 'n aandklokreeël ingestel van 19h00 saans en dis gesê hul sal mense skiet as hul, hul na 19h00 kry rondloop. Werkers sou beswaar gemaak het en sê hul werk laat hul kan nie betyds by hul huise kom nie.

Vol. 118 p.5932.

1.4 Dis gestel dat daar ± 200 COSAS-lede in Welkom is.

Vol. 118 p.5934.

1.5 Dis ook gestel dat daar 'n besluit was dat Xhosa-kinders nie by skole toegelaat sal word nie.

Vol. 118 p.5935.

1.6 Namens die Verdediging het o.a. mnr Leeba getuig, en hy getuig dat hy nooit enige probleme na 19h00 saans ondervind het met die Polisie as hy van sy werk na sy huis terugkeer nie - hy het slegs "gehoor die mense het probleme saans om na hul huise terug te keer.

Vol. 362 p.20865.

1.7 Leeba weerspreek ook die Verdedigingstelling dat Xhosa-kinders nie toegelaat was by die skole in Thabong nie.

Vol. 362 p.20866.

1.8 Leeba bevestig ook dat daar padversperrings in Augustus, bestaande uit klippe, asblikke en motorwrakke aangebring was deur "die kinders" op 'n paar dae.

Vol. 362 p.20867.

1.9. Leeba bevestig dat die skole gesluit is omdat die skoliere dit geboikot het.

Vol. 362 p.20868.

1.10 Leeba bevestig dat dit vir "n hele ruk" aangegaan het dat die skoliere van Teho-skool na 'n ander skool gehardloop het in skoolure.

Vol. 362 p.20869.

1.11 Hy bevestig verder dat daar geboue van die Administrasie-raad beskadig is in Augustus 1984.

Vol. 362 p.20869.

1.12 Hy bevestig dat die skole-boikot by al die skole nog aan die gang was ten tye van die vergadering op 5 September 1984.  
Vol. 362 pp.20870-1.

1.13 Mn<sup>r</sup> Phate het ook vir die Verdediging getuig:

1.13.1 Hy weerspreek die stelling van die Verdediging dat daar in Augustus 1984 'n klokreeël deur die Polisie ingestel was saans na 19h00, want hy getuig hy het nooit enige probleme na 19h00 saans ondervind nie.

Vol. 369 p.21307.

1.14 Mn<sup>r</sup> Moloi was 'n verdere Verdedigingsgetuie:

1.14.1 Hy getuig dat hy in Maart 1984 by 'n vergadering by die skool, Teto Hoërskool, bygewoon het en daar die eerste keer van COSAS gehoor het, en die helfte van die vergadering het toe by COSAS aangesluit.

Vol. 389 p.22532.

1.14.2 Op dié vergadering is COSAS se doelstellings verduidelik.

Vol. 389 pp.22532-3.

1.14.3 Hy bevestig dat <sup>b</sup>Billy Makopo by hom in dieselfde klas op skool was.

Vol. 389 p.22533.

1.14.4 Die getuie se ontkenning dat COSAS voor 1984 bestaan het, is vals in die lig van bewysskrik C.52 (wat aantoon dat UDF al op 7 Oktober 1983 met COSAS vergader het te Thabong).  
Vol. 390 p.22537.

1.14.5 Moloi se getuienis dat hy net een COSAS vergadering sou bygewoon het, is vals - sy rede en optrede hieroor is ongeloofwaardig - na hul op die een COSAS-vergadering gehoor het watse probleme COSAS sal opneem, het hy nooit gaan uitvind by die voorsitter (Shadrack) waarom geen verdere COSAS-vergaderings oor die probleme gehou word nie.

Vol. 390 p.22538.

1.14.6 Die getuie beweer dat die Maart 1984 'n stigtingsvergadering van COSAS was, maar tog is geen bestuur volgens hom verkies nie - dit, betoog die Staat, is hoogs ongeloofwaardig, en 'n poging om die name van die COSAS-bestuur van die hof te weerhou.

Vol. 390 p.22542.

1.14.7 Moloi gee teenstrydige getuienis oor waarom hierdie vergadering in Maart 1984 gehou was - eers vertel hy die vergadering is belê deur skoliere wat nie toegelaat is om te her-registreer nie, en dan weer dat dit belê is om lede vir COSAS te werf.

Vol. 390 p.22543.

1.14.8 Die sg. griewe van die leerlinge, soos dat hul pak kry omdat hul nie skoolklere dra nie, terwyl hul dit wel gedra het, is so onwaarskynlik dat dit verwerp behoort te word - wat sal die prefekte baat by vals klagtes? Dis duidelik dat dié getuie 'n rede moet soek vir hul skoolboikot, en nou met sulke onsinnighede vorendag kom.

Vol. 390 p.22544.

1.14.9 Die getuie weerspreek die Verdediging se stelling oor die bestaan van 'n sg. ad hoc ouerkomitee wat sou geëis het dat skole moet heropen.

Vol. 390 p.22545.

1.14.10 Die getuie se getuienis dat die onderwysers die skoliere "varke", "honde" en "kaffers" sou genoem het en dat dit algemeen bekend was, is vals - dis nooit deur die Verdediging gestel aan enige staatsgetuie nie, en sou seer sekerlik gedoen gewees het as dit so algemeen bekend is.

Vol. 390 p.22546.

*Grafte 7<sup>45</sup>  
"varke"*

1.14.11 Hy ontken dat daar 'n grief was nl. dat daar nie wetenskap-onderwysers was nie - (soos gestel was - supra).

Vol. 390 p.22546.

1.14.12 Ook nie een van die ander sg. griewe, nl. dat daar te min onderwysers is, dat die gehalte van onderwys swak is, dat

die druipsyfer te hoog is, dat die fasiliteite swak is, weet hy van nie.,

Vol. 390 p.22547 en

Vol. 118 p.5924.

1.14.13 Die getuie se getuienis dat hy "vergeet" het om Julie 1984 vir Shadrack op die vergadering te vra wat het COSAS omtrent hul griewe gedoen, is ooglopend vals.

Vol. 390 p.22548.

1.14.14 Die getuienis dat mnr Rossouw, 'n onderwyser, 'n meisie in die maag sou geskop het, is vals - eerstens is gestel dat dit 'n "hy" was wat in die maag geskop is, en tweedens beweer dié getuie dat hy gehoor het die meisie is van agter geskop.

Vol. 390 p.22550.

1.14.15 Die getuie beweer dat hul na die waarnemende skoolhoof, mnr Hanekom, op 18 Julie 1984 is met griewe wat in 'n brief uiteengesit is, maar mnr Hanekom sou die brief opgeskeur het en dit in die vullismandjie gegooi het.

Vol. 390 pp.22551-2.

1.14.16 Moloi beweer hul het toe weer op 19.7.84 vergader met die leerlinge waar 'n tweede brief, bedoel vir die skoolhoof, mnr Jordaan, opgestel is.

Vol. 390 p.22554.

1.14.17 Die getuie se getuienis oor die omstandighede waaronder Shadrack die tweede brief aan meneer Hanekom sou gegee het, is ongeloofwaardig.

Vol. 390 pp.22556-7.

1.14.18 Moloi weerspreek die stellings van die Verdediging dat daar gesê was vir die skoliere dat daar elke dag, vanaf die 1ste Augustus 1984, 'n ander standerd kom regstreer, ook ontken hy dat daar gesê is die skool word vir 11 dae gesluit om die skoliere te straf.

Vol. 390 p.22562.

Vol. 118 p.5925

Vol. 100 p4919.

1.14.19 Moloi beweer dat toe die skoolhoof op 30 Julie 1984 vir die skoliere gesê het die skool is gesluit tot 1 Augustus 1984 en hul moet dan terugkom, het hul vergader en besluit om plakkate te maak.

Vol. 390 pp.22564-5.

1.14.20 Hul sou besluit het om met die plakkate te loop en vir die gemeenskap in die woonbuurt te wys hul is ontevrede met die sluiting van die skool en die manier wat Rossouw hul slaan, tog wou hul net 120 tree ver stap met die plakkate verby die hostels (waar niemand bedags is nie).

Vol. 390 p.22565.

1.14.21 Die getuie ontken die Verdediging se stelling dat op 23 Julie 1984 skoliere (+250) van die Teto-skool sou wegmarsjeer het en dat die Polisie traanrook teen hul sou gebruik het.

Vol. 390 p.27567.

Vol. 118 pp.5925-6.

1.15.1 Mocoaneoeng getuig dat hy in Thabong pamflette gesien het van COSAS, UDF en AZAPO wat vergaderings adverteer.

Vol. 373 p.21552.

1.15.2 Hy getuig dat hul besluit het om nie op 2 Augustus 1984 skool by te woon nie omdat hul ontevrede was oor die gearresteerde leerlinge, alhoewel dit moontlik kan wees dat dit leerlinge van die groepe kon wees wat geweld gepleeg het op 1 Augustus 1984 in Thabong.

Vol. 373 pp.21554-5.

*Ondertekening van  
C. R.*

1.15.3 Dit word betoog dat die werklike doel van die skoliere se gedrag duidelik is ook uit hierdie getuienis - hul gryp enige onredelike en onsinnige voorval aan as 'n "rede" vir opstand teen gesag.

2. 25 Februarie 1984 se gebeure

2.1 Hugo het getuig dat UDF het sy MSC daar geloods in die Rooms Katolieke Kerk en oral in die woongebiede wat plakkate aangebring wat die loodsing adverteer het.

2.2 Biskop Tutu, beskuldigde 20 en Aubrey Mokoena sou volgens die advertensies, sprekers wees op die vergadering.

2.3 Hy het beskuldigde 20 en Aubrey Mokoena gesien aankom by kerk vir die vergadering.

Vol. 118 p.5922.

2.4 Hy het foto's van die loodsing gegeneem - 6 bewysstuk AAY55(1)-(8). Hy identifiseer beskuldigde 20, Aubrey Mokoena, Bunga Kwaluga (UDF ondersteuner) en Patricia Nungwane ('n UDF ondersteuner) op foto's.

Vol. 118 p.5923.

3. Julie 1984 - Teto-skool

3.1 Hugo getuig dat hy na die skool is, daar was probleme en die skoolhoof het dokumente aan hom gegee waarin studente eise stel.

Vol. 118 p.5912.

3.2 Die eise was o.a. 'n SRC en afskaffing van lyfstraf. Daar was klasboikotte nadat nie aan eise voldoen is nie, en die skool is toe gesluit.

Vol. 118 p.5913.

3.3 Dis gestel dat die probleme tussen skoliere, hoof en sekere onderwyser Rossouw en ander Blanke onderwysers was.

3.4 Dis gestel dat die klagtes was oor die afwesigheid van Wetenskap-onderwysers en dat Blanke onderwysers skoliere varke sou genoem het.

3.5 Dis ook gestel dat ten spyte van die feit dat dit 'n Engels-medium skool was, het onderwysers in Afrikaans klasse gegee en dat skoliere beswaar gemaak het.

3.6 Dis gestel ook dat Rossouw in Julie 1984 een van die skoliere in die maag geskop het en dat die skoliere a.g.v. dié griewe "onrustig" geword het.

Vol. 118 p.5925.

3.7 Dis gestel dat 'n komitee van skoliere voor 23 Julie 1983 probleme probeer oplos het.

Vol. 118 p.5925.

3.8 Dis gestel dat die skool as strafmaatreël vir 11 dae gesluit is omdat skoliere eise stel - en dit sou van 23 Julie 1983 geskied.

Vol. 118 p.5925.

3.9 Dis gestel dat op 23 Julie 1984 het +250 skoliere weg marsjeer van die skool in 'n optog en dat die SA Polisie mense uiteen gejaag het met traanrook.

3.10 Dis gestel dat na 23 Julie 1984 is druk op Departement geplaas om die skole te heropen - verklarings van ad hoc-komitees van ouers en ander om skole te heropen vir matriek eksamens, is uitgereik.

Vol. 118 p.5926.

3.11 Dis gestel dat almal wou graag terug skool toe en Hugo het verklaar dat die Departement gelas het dat op elke dag na 1 Augustus moes 'n ander standerd terug skool toe om in te skryf.

Vol. 118 p.5927.

#### 4. 1 Augustus 1984: Teto skool

4.1 Hugo het getuig dat hy op 1 Augustus 1984 na die skool (Teto) is - skoliere (matrikulante) moes dié dag herinskryf volgens die Onderwysdepartement se voorskrifte. Meer as net matrieks het egter opgedaag by die skool.

4.2 Die skoliere +400, groepeer op die terrein en sing vryheidsliedere - o.a. Sengeni na. Billy Makobo was die leiersfiguur onder die skoliere.

Vol. 118 p.5913.

4.3 Billy Makobo het voor die studente gestaan en hul toespreek. Hy was 'n skolier van Teto-skool. Hugo sien George Mamakwe in UDF-T-hemp onder groep. Hy was 'n COSAS-lid.

Hugo het nader gegaan en hy hoor hoof, mnr Hanekom, sê vir skoliere om ðf in klasse te gaan ðf skool te verlaat. Die skoliere is uit die perseel en het in die straat groepeer. Ander Polisie was ook daar - +200 meter van die skool. Die skoliere sing vryheidsliedere met gebalde vuis in lug en raak oproerig. Hy waarsku hul om uiteen te gaan. Die groep is oproerig en hardloop in woongebied in. Hy ry toe in woongebied patrollie.

Vol. 118 p.5914.

4.4 Hugo kry toe verskeie voertuie aan die brand in die woongebied. By die biertuin het hy gesien dat 'n aflewerings-trok van die brouery geplunder is - dis 'n voertuig van die Gemeenskapsraad van Thabong.

Die skole is almal dié dag ontwrig nie een het funksioneer nie - daar is vier hoër en elf laerskole in Thabong.

Vol. 118 p.5915 (Hugo)

4.5 Dis gestel dat uniform Polisie opgetree het teen leerlinge wat volgens hul nie in matriek is nie.

4.6 Dis ook gestel dat hul sambokke gehad het en traangas gebruik het. Hugo ontken dit en sê hy sou self slagoffer van traanrook wees.

Vol. 118 pp.5927-8.

4.7 Dis gestel dat tien matrikulante nie aanvaar nie (is geskors) en hul is gesê om weg te gaan van die skool.

Vol. 118 p.5928.

4.8 Dis gestel dat skoliere van Teto skool na Lebogang-Hoërskool se leerlinge is om ondersteuning te gaan vra teen Departement.

Vol. 118 p.5929.

4.9. Dis ook gestel dat Teto-skoliere op 2 Augustus 1984 weer terug is na die skool. Hugo ontken dit.

Vol. 118 p.5929.

4.10 Vorster getuig dat hy op 1 Augustus 1984 diens by Teto Hoërskool gedoen het - 300 leerlinge is uit die skool na buite en staan en sing met vuiste in die lug. Hul skree "Amandla Ngowetha". Hy gee hul opdrag om uiteen te gaan. Hul is toe na ander skole en hul ontwrig die skole.

4.11 By Thantagata-skool het die skoliere die SA Polisie met klippe gegooi. Daar was geen optrede nie want hul is bang vir onskuldiges. Skoliere is na anders skole waar al die skole ontwrig is. Padversperrings is opgerig - brandende bande, wrakke en bushuisies.

4.12 In die tydperk 1 Augustus tot 11 September is 32 voertuie en agt geboue beskadig of gebrand.

Vol. 100 p.4893.

4.13 Dis gestel dat op 1 Augustus 1984 is net matrieks genooi om terug na skool te kom, maar al die klasse het teruggekom omdat hul wou skool gaan.

Vol. 100 p.4919.

4.14 Dis gestel dat die hoof en/of onderwysers aksie teen skoliere geneem het wat moeilikheid veroorsaak het.

Vol. 100 p.4919.

4.15 Phate, vir die Verdediging, bevestig dat hy op 1 Augustus 1984 gesien het die biertuin is aangeval - die vensters was stukkend en klomp stukkende bottels het onder die muurgelê.

Vol. 370 p.21308.

4.16. Moloi het ook namens die Verdediging hieroor getuig'

4.16.1 Moloi beweer hul was by die skool en al die leerlinge het op die terrein rondgestaan en gesels toe die Polisie opdaag in vier voertuie.

Vol. 390 p.22568.

4.16.2 Die Polisie sou toe d.m.v. 'n luidspreker almal behalwe die matrieks, aangesê het om die terrein te verlaat.

Vol. 390 p.22569.

4.16.3 Al die skoliere, behalwe die matrieks, verlaat die skoolterrein en groepeer buite die terrein waar hul stil en rustig sou staan en praat.

Vol. 390 p.22571.

4.16.4 Hul het nie, alhoewel die skoolhoof, volgens Moloi, gesê het al die skoliere moet op 1 Augustus 1984 terugkeer skool toe, lawaai gemaak nie en het ook nie hul ontevredenheid met die Polisie gewys nie, en toe skiet die Polisie net sonder enige rede, op hulle met traanrook.

Vol. 390 p.22571.

4.16.5 Die Polisie het hul nie gejaag of met sambokke geslaan nie.

Vol. 390 p.22572.

4.16.6 Die Polisie het nie meer traanrook geskiet nie, maar toe hul "toevallig" regoor die hek van Tutagauta skool kom, toe skiet die Polisie weer traanrook op die vlugtendes.

Vol. 390 p.22573.

4.16.7 Die getuie weerspreek die stelling aan die Staatsgetuies dat die skoliere ook met sambokke gejaag en geslaan is.

Vol. 118 p.5928.

4.16.8 Die getuie se weergawe van hoekom en hoe hy in die klaskamer te Tutagauta ingehardloop het na die Polisie nou traanrook en ook rubberkoeëls geskiet het, is ooglopend vals, en 'n poging om die feit dat hul (die skoliere van Teto-skool) die Tutagauta-skool gaan ontwrig het, te weerlê; die onderwyseres by wie se klas hy instorm, gaan kyk nie waarom die Polisie skoliere onskuldig buite skiet nie, hy gee 'n onsinnige verduideliking hoekom hy in die klaskamer ingevlug het en nie agter die skoolterrein uit nie.

Vol. 390 pp.22575-7.

4.16.9 Moloi se hele getuienis van hoe dit gekom het dat hul vandaar na die Lebohang Hoërskool dieselfde dag is, is eintlik lagwekkend so ongeloofwaardig is dit: "toevallig" vind hul uit die leerlinge by die Tutagauta-skool wil ook SRC's hê, en toe besluit hul om daar plakkate te maak, want "toevallig" het hul gehoor Lebohang Hoërskool se kinders wil ook SRC's hê;

hul sê nie vir die skoliere hul wil nie saamstap nie omdat die Polisie op hul kan skiet nie want dit het nie in sy "gedagte opgekom" om dit te sê nie (dis nou pas na hy voor die Polisie moes vlug wat traanrook en rubberkoeëls op hom geskiet het!). Vol. 390 pp.22577-8.

4.16.10 Moloi beweer hul is toe met plakkate na Lebohang skool terwyl "Amandla Ngawethu" geskree is en die voorpunt saggies "Senzeni na" sou gesing het - wat opgehou het toe hul by die Lebohang-skool kom.

Vol. 390 p.22580.

4.16.11 Al wat by die Lebohang-skool geskree was, was "we want SRC."

Vol. 390 p.22580.

4.16.12 Terwyl hul buite die skool staan, is 30-40 van die betogers na die omheiningsdraad waar hul met Lebohang se skoliere gepraat het toe die Polisie opdaag en geskiet het.

Vol. 390 pp.22581-2.

4.17 Mnq Mocoancoeng het ook getuig namens die Verdediging:

4.17.1 Hy was in Lebohang Hoërskool in 1984 en in Matriek.

Vol. 373p.21530.

4.17.2 Hy is a.g.v. 'n lawaai dieoggend van 1 Augustus 1984 uit die klas uit, (na die onderwyser nie opgedaag het nie), en vind dat die skoliere in die junior klasse nie in hul klasse is nie, en dat daar skoliere van ander skole ook op die terrein is (+50).

Vol. 373 p.21531.

4.17.3 Die skoliere was van Teto- en Tutagauta-skole en hul skree "we want SRC in support of Teto". Hy sien toe die Polisie kom en hul skiet traanrook. Hy hardloop toe huis toe.

Vol. 373 p.21532.

4.17.4 Die getuie se getuienis oor wat die skoliere sou geskree het, is strydig met dié van Moloi.

Vol. 373 p.21538 en

Vol. 390 p.22580.

4.17.5 Mocoancoeng bevestig dat die dag van 1 Augustus 1984 hy 'n groep van ± 25 skoliere, wat van aldrie die skole (Lebohang, Tutagauta en Teto) is, gesien het toe hul 'n voertuig voorkeer en dit aan die brand steek.

Vol. 373 pp.21540-1.

4.17.6 Nog later sien hy mense sit padversperrings op in Mohgomostraat, 'n busroete en een van Thabong se hoofstrate.

Vol. 373 p.21541.

5. 2 Augustus 1984 se gebeure

5.1 Hugo het getuig dat geen skole oop was dié dag nie. Hy het by al die skole verby patrouilleer. (Vol. 118 p.5929). Die woongebied was normaal tot 12h00 toe algemene onluste uitbreek het. Dit het begin in die hoofstraat - Metoeshistraat en daarvan uitgebrei na ander strate.

Vol. 118 p.5915.

5.2 Omdat kinders nie terug na skole wou gaan, is dit gesluit vir ± 2 weke.

Vol. 118 p.5916.

5.3 Dis gestel dat Teto-skoliere op 2 Augustus 1984 weer terug is na die skool.

Vol. 118 p.5930.

5.4 Dis gestel dat SA Polisie toe gekom het en skoliere uit skool gejaag het en dat hul toe weer na ander skole gehardloop en rapporteer het dat hul uitgejaag is en a.g.v. dit het "onrustigheid" na die "Lebogang en Thutagauta skole versprei.

5.5 Dis gestel dat ± 4000 skoliere op 2 Augustus 1984 op en af in dorp marsjeer het en die dag het SA Polisie weer met traangas opgetree teen skoliere.

Vol. 118 p.5930.

5.6 Dis gestel dat op 2 Augustus 1984 het SA Polisie traangas op skoliere gebruik nog voor geweldpleging plaasgevind het.  
Vol. 118 p.5931.

5.7 Dis gestel dat "tsotsis" toe begin plunder en huise breek en winkels plunder het.

Vol. 118 p.5931.

5.8 Vorster het getuig dat op 2 Augustus 1984 om  $\pm$  12h00 het onluste intens uitgeslaan en groepe van tot 500 het SA Polisie en privaatvoertuie met klippe bestook. SA Polisie moes met haelgewere optree en een Swartman is noodlottig gewond, nl.  
Loape.

Vol. 100p.4894.

5.9 Phate getuig hy het dié dag gesien daar was padversperings, bestaande uit vullis, ("as"), en stukkies metaal, aangebring.

Vol. 370 p.21308.

5.9.1 Phate beweer dat op 1-2 Augustus 1984 sy kinders na die skool is, maar weer teruggekom het huis toe omdat hul beweer het dat hul deur die "ouerige" kinders geslaan is toe hul skool toe gegaan het.

Vol. 370 p.21309-10.

5.10 Moloi getuig ook oor die gebeure op 2 Augustus 1984:

5.10.1 Moloi se getuienis dat almal gesê is om op 1 Augustus 1984 terug te rapporteer by die skool, word weerspreek ook deur bewyssuk W.64, p.3 waar beweer word dat die matriek- en st 9-leerlinge versoek is om te registreer op 30 Julie 1984.  
Vol. 390 p.22586.

5.10.2 Moloi se getuienis word verder weerspreek deur bewyssuk W.60, p.36 oor die gebeure in Thabong, waar beweer word die skoliere het voertuie aangeval.

Vol. 390 pp.22587-8.

5.11 Mocoancoeng getuig dat hy op 2 Augustus 1984 by die skool was, heeltyd daar was en daar was baie anders skoliere ook daar, alhoewel hul nie in die klasse in is nie.

Vol. 373 p.21542.

5.11.1 Hulle sou net stilgesit het en nie geskree of gesing het nie, van 8h00 tot 14h00 - dit is met respek, hoogs onwaarskynlik.

Vol. 373 p.21542.

5.11.2 Die onderwysers wou gehad het hul moet in die klasse ingaan, maar hul het geweier.

Vol. 373 p.21542.

5.11.3 Mocoancoeng getuig hul weier om in die klasse in te gaan want van hul mede-skoliere was gearresteer - hul sit die heleoggend by die skool en vind nie uit hoeveel skoliere is gearresteer nie.

Vol. 373 p.21543.

□ □ □ □ □  
□ □ □ □ □

5.11.4 Die getuie weerspreek die Verdediging se stelling dat skoliere van Tutagauta en Teto-skoliere weer op 2 September 1984 by die Lebohang-skool sou opgedaag het omdat die Polisie op 2 Augustus 1984 hul by daardie skole uit die skole sou gejaag het.

Vol. 118 p.5930.

Vol. 373 p.21544.

5.11.5 Hy weerspreek ook die Verdediging se stelling dat op 2 Augustus 1984 ongeveer 4000 leerlinge op en af in die woongebied sou marsjeer het.

Vol. 373 p.21544

Vol. 118 p.5930.

5.11.6 Hy erken dat daar onluste was op 1 Augustus 1984 in Thabong.

Vol. 373 p.21545.

## 6. 11 Augustus 1984 se gebeure:

6.1 Hugo het getuig dat 'n begrafnis gehou was vir Ephriam Loape in Phillip Smit Sentrum op dié dag.

6.2 Hy het observasie gehou en is na 'n padblokkade ontbied en daar het hy beskuldigde 20 gekry. Hy het beslag gelê op dokumente wat beskuldigde 20 gehad het.

Vol. 118 p.5916.

6.3 Beskuldigde 20 het gesê dat hy op pad was na Loape se begrafnis.

6.4 Hugo is terug na Smit-sentrum en die diens was toe net klaar. Beskuldigde 20 ry toe na begraafplaas.

6.5 Hugo het 100 meter van begraafplaas stelling ingeneem buite begraafplaas.

6.6 Met stoet het hy verskeie baniere gesien van COSAS, UDF en AZAPO. Beskuldigde 20 was op 'n hoop grond by graf.

Vol. 118 p.5917.

6.7 Beskuldigde 20 was besig om mense toe te spreek.

6.8 Loape het aan geen organisasie behoort nie.

6.9 'n Wit Skyline-voertuig daag op met Aubrey Mokoena in. Hy haal toe 'n RMC-vlag uit en vertoon dit by begrafnis.

6.10 Net na begrafnis is 'n groep van 100 terug in die woongebied in, +500 meter van begraafplaas gooい hul klippe na die SA

Polisie. Die SA Polisie tree op teen hulle. Daar was toe weer 'n aanval op 'n biertuin in Thabong.

Vol. 118 p.5918.

6.11 Vorster het bewysstuk AAW.12 - 'n begrafnisbrief van Loape bekom.

Vol. 100 p.4894.

6.12 Na die diens by Phillip Smit Sentrum is kis teenstrydig met landdros se bevel gedra en COSAS- en UDF- en ander baniere was vertoon. Daar was 500-800 mense in die stoet wat na ±2000 aangegroei het op pad na begraafplaas. By die graf is ook 'n RMC banier vertoon volgens Vorster.

Vol. 100 p.4895.

6.13 Na die begrafnis is ±1000 agter UDF, COSAS, RMC baniere in woongebied in. Hul is gewaarsku om uiteen te gaan met 'n megafoon en toe gooい hul SA Polisie met klippe volgens Vorster.

Vol. 100 p.4896.

6.14 Die SA Polisie gooい traanrook volgens Vorster.

Vol. 100 p.4896.

6.15 Mevrou Leeba het vir die Verdediging getuig:

6.15.1 Mevrou Leeba betwissel beskuldigde 20 se getuienis nl.  
dat hy sou gesê het by die graf dat hy deur COSAS genooi was.  
Vgl. vol. 286 p.15753 en  
vol. 363 p.20914.

6.15.2 Mevrou Leeba weet net van een banier by die begrafnis,  
en dié is strydig met die Staat en ander Verdedigingsgetuienis  
(die Staat beweer daar was 'n COSAS, UDF en AZAPO-banier,  
terwyl beskuldigde 20 getuig het Aubrey Mokoena het na hy  
gepraat het, 'n RMC-banier ook by die graf aangebring).  
Vol. 363 p.20920.

6.15.3 Mevrou Leeba se getuienis dat hierdie 'n stil en  
rustige begrafnis was waar die kis gedra was terwyl die mense  
rustig stap, is ooglopend vals in die lig van die foto in  
bewyssstuk W.64, p.1 wat aantoon dat die mense skreeuend met  
gebalde vuiste hardloop in die stoet.  
Vol. 363 p.20925.

6.15.4 Mevrou Leeba getuig dat sy mense met geel-T-hempies en  
wit en swart-T-hempies aan by die begrafnis gesien het.  
Vol. 363 p.20928.

6.15.5 Dié getuie se getuienis oor wat beskuldigde 20 by die  
graf sou gesê het en wat beskuldigde 20 sê hy sou gesê het, is  
strydig met mekaar.  
Vol. 363 pp.20930-1.

6.15.6 Die getuie kan nie die Polisie-getuienis dat 'n klomp van die begrafnispangers na die begrafnis die woongebiede in is, betwis nie, want sy is "vinnig" per motor weg van die graf, voor die ander voetgangers.

Vol. 363 p.20933.

6.15.7 Sy het die Polisie 'n ent weg gesien van die begraafplaas en die Polisie het niks aan hul voorste groep gedoen nie.

Vol. 363 p.20934.

6.16 Phate het oor die begrafnis getuig:

6.16.1 Hy beweer niemand het vir hom gesê daar is beperkings geplaas op die begrafnis deur die plaaslike landdros nie - dit is hoogs ongeloofwaardig - hy was in beheer van ten minste die teraardebestelling en dis net normaal dat die familie hom van die beperkings sou sê.

Vol. 370 p.21312 en

Vol. 100 p.4895.

6.16.2 Sy getuienis is strydig met mevrou Leeba s'n - sy beweer die kis is van die huis gedra na die saal en hy beweer dis met 'n voertuig gebring.

Vol. 370 p.21312.

6.16.3 Ook Phate beweer die begrafnis was stil en rustig - en dis strydig met die foto in bewyssstuk W.64, p.1.  
Vol. 370 p.21313.

6.16.4 Hy ontken mevrou Leeba se getuienis dat enigeen in die saal "Amandla Ngkawethu" sou geskree het.  
Vol. 370 p.21314.

6.16.5 Die getuie Phate se getuienis is dat hy nooit enige banier by die begrafnis gesien het nie.  
Vol. 370 p.21317.

6.16.6 Dié getuie se bewerings oor wat beskuldigde 20 by die graf sou gesê het, is strydig met die vorige getuies van die Verdediging.  
Vol. 370 p.21318.

6.16.7 Phate se getuienis dat die voorste voertuie omgedraai het toe hul die Polisie teëkom, is direk strydig met Leeba se getuienis dat die Polisie hul in vrede laat verby ry het.  
Vol. 370 p.21320.

6.16.8 Phate kan ook nie die Staatsgetuies se weergawes weerspreek dat die klomp na die begrafnis die woonbuurt ingehardloop het nie, want hy was toe al weg.  
Vol. 370 p.21320.

7. 14 Augustus 1984 se gebeure:

7.1 Hugo is weer na Teto-skool. Hy kry slagspreuke daar op skoolterrein.

Vol. 118 p.5918.

7.2 Skool was veronderstel om nog toe te wees. Die slagspreuke op stoep was "To Teto students, let us not be pressurised by the Whites. Thabong is going to fight Teto Students. UDF did AZAPO did and the ANC did, why can we not?"

Vol. 118 p.5919.

8. 5 September 1984 se gebeure:

8.1 Hugo getuig dat die aand was 'n vergadering by Philip Smit Sentrum gehou.

8.2 Die doel was 'n ouervergadering en om te praat oor her-opening van skole. Dit was belê deur Departement van Onderwys en Opleiding. Die vergadering was net vir ouers. Verskeie skoliere daag ook op. Die vergadering moes 18h00 begin, maar het nie.

8.3 Om ongeveer 19h00 sien hy skoliere gooï klippe na saal en algehele ontwrigting vind plaas. Hy sien Billy Makobo en studente onder sy leiding hardloop uit die saal uit en in woongebied in.

Die vergadering het toe nie plaasgevind nie.

Vol. 118 p.5919.

8.4 Later die aand het hy 'n voertuig gekry in die woongebied wat aan die brand gesteek was - 'n groot vragmotor en dit was redelik ver van die saal af.

8.5 Hy is na 'n SA Polisie-lid se huis a.g.v. 'n radio berig - die huis is  $\pm$  1½ kilometer van die saal en dit is totaal afgebrand d.m.v. petrolbomme. Die motor buite die huis was gepoog om aan die brand gesteek te word. Dit was A/O Morolong se huis en motor.

Vol. 118 p.5920.

8.6 Morolong getuig dat hy op 5 September 1984 'n vergadering bygewoon het, 'n ouer-vergadering. Hy het as ouer en voorsitter van Thutagauta-skool-komitee dit bygewoon. Om 18h00 het hy aangekom by die saal. Daar was toe  $\pm$ 300 mense daar.

Vol. 118 p.5936.

8.7 Die meerderheid was skoliere en hul meerderheid het COSAS-, en UDF-T-hemde aangehad.

8.8 Die skoliere sing vryheidsliedere en skree slagspreuke van "Tambo", "Mandela", "Witmense is honde ons sal hul skiet met kanonne" en skree "viva UDF", "COSAS", "Mandela" en "Amandla".

8.9 Toe hy die saal inkom, skree skoliere op galery "Daars Johnny, ons wil hom nie hier hê nie, ons gaan sy huisbrand" en hul sing toe weer vryheidsliedere.

Vol. 118 p.5937.

8.10 Billy Makobo was een van die wat geskreeu het hul gaan sy huis brand - hy is die sekretaris van COSAS-tak, Welkom.

8.11 Msibi, 'n onderwys-adviseur was op vergadering en hy het probeer om skoliere stil te maak, maar sonder sukses.

Vol. 118 p.5944.

8.12 Van hy (Morolong) by die saal gekom het tot hy weg is, het ± 1 uur geduur.

Vol. 119p.5947.

8.13 Daar was toe 'n gebed en toe slaan skoliere vensters en glasdeure met stoele stukkend. Billy is van die gallery af en skoliere volg hom uit die saal. Die ou mense vlug ook uit die saal en dis toe deurmekaar. Billy het die bidure geleei in saal.

Vol. 118 p.5938.

8.14 Morolong is na SA Polisiestasie en het verslag gaan doen; hy kry toe 'n boodskap en is na sy huis - die brand totaal af en daar was gepoog om sy kar te brand, die ruite is almal stukkend (van die kar).

Vol. 18 p.5939.

8.15 Dis gestel dat daar ± 1200 mense by die vergadering was.

Vol. 118 p.5942.

16. Morolong het getuig dat meer as 20 COSAS-lede skuldig bevind was aan brandstigting van sy huis.

Vol. 119 p.5949.

8.17 Mn<sup>r</sup> Leeba het getuig dat dit 'n ouervergadering was, en die jeug was nie genooi nie.

Vol. 362 p.20871.

8.18 Leeba getuig later dat een Bridge die voorsitter van die ouerkomitee was te Thutagaute skool, en nie Johnny Morolong nie.

Vol. 362 p.20872.

8.19 Leeba getuig dat hy nog nooit gehoor het die skoliere wil 'n "SRC" by hul skole gehad het nie.

Vol. 362 p.20874.

8.20 Leeba getuig dat 'n paar persone wel toesprake gemaak het op die vergadering, maar tydens kruisverhoor skryf hy goed, wat hy in hoofgetuienis aan een Dikuku toegeskryf het, toe aan Msibi.

Vol. 362 p.20875.

8.21 In kruisverhoor blyk dit Leeba kan nie ontken dat van die jeug COSAS- en UDF-T-hemde gedra het op die vergadering nie.

Vol. 362 p.20877.

8.22 Leeba getuig dat daar vensters gebreek is tydens die vergadering, maar dis van buite gebreek - dit was vensters onder en nie op die galery nie. Hy meen 'n hele paar vensters is gebreek.

Vol. 362 p.20879.

8.23 Leeba getuig dat, na Msibi sou gesê het die ouers moet hul kinders wat nie skooltoe wil gaan nie, wegjaag, het net 'n bietjie minder as die helfte van die mense agter gebly in die saal, die res is uit.

Vol. 362 p.20879.

8.24 Almal op die galery is uit die saal uit volgens Leeba.

Vol. 362 p.20879.

8.25 Leeba beweer ook dat terwyl die klomp mense uit ontevredenheid met Msibi se toespraak die saal verlaat het, was die ligte afgeskakel en dieselfde tyd is die vensters ook gebreek.

Vol. 362 pp.20881-2.

8.26 Leeba getuig dat vir 15 minute na die ligte weer aangeskakel is, het die vergadering nog voortgeduur, maar van die mense wat agter gebly het, het toe ook opgestaan en uit die vergadering geloop.

Vol. 362 p.20882.

8.27 Phate het ook getuig oor dié vergadering:

8.27.1 Sy getuienis dat mnr Dikoko die voorsitter van die vergadering was, is strydig met mnr Leeba s'n.

Vol. 370 p.21322.

8.27.2 Phate se getuienis dat net 'n paar mense op die galery die saal verlaat het, is direk strydig met Leeba se getuienis (supra).

Vol. 370 p.21324.

8.27.3 Ook die getuienis dat ongeveer die helfte van die mense in die saal, na Msibi se opmerking die saal verlaat het, weerspreek dié getuie.

Vol. 370 p.21324.

8.27.4 Phate beweer dat 'n glasdeur in een van die sy-mure gebreek is, terwyl Leeba beweer het dit was vensters.

Vol. 370 p.21324.

8.28 MnR G de Vos het vervolgens vir die Verdediging getuig:

8.28.1 Die getuie weerspreek die getuienis van Phate direk as hy beweer die Stadsklerk, mnR Ngake sou gepraat het op die vergadering.

Vol. 376 p.21774 en

Vol. 369 p.21301.

8.28.2 De Vos weerspreek homself oor die sg. rede vir die gemompel van die skoliere - eers sê hy dis omdat Msibi sou gesê het die ouers moet die kinders skooltoe dwing, en later sê hy dis omdat Msibi gesê het die ouers moet hul kinders wegjaag as hul nie skooltoe wil gaan nie.

Vol. 376 p.21777.

8.28.3 De Vos betwis Phate se getuienis dat net 'n paar mense van die gallery af die saal na Msibi se toespraak verlaat het.

Vol. 376 pp.21778-9.

8.28.4 Dié getuie het nie gesien dat die ligte in die saal afgeskakel sou gewees het nie, soos die ander Verdedigingsgetuies beweer.

Vol. 376p.21779.

8.29 Mocoancoeng getuig oor die vergadering:

8.29.1 Die getuie kan net een spreker op die vergadering onthou en ook net wat hy sou gesê het.

Vol. 373 pp.21547-8.

8.29.2 Hy beweer net 'n paar van die mense op die galery het na Msibi se toespraak die vergadering verlaat.

Vol. 373 p.21549.

8.29.3 Hy beweer dis leuens dat meer as die helfte van die mense in die saal die saal sou verlaat het.

Vol. 373 p.21549.

8.29.4 Mocoancoeng weerspreek die getuienis van die Verdediging dat die glasdeure in die saal gebreek is die dag met die vergadering.

Vol. 373 p.21550.

8.30 Dit word betoog dat die klomp teenstrydighede in die Verdedigingsgetuienis bestaan omdat die getuies d.m.v. valse getuienis probeer verdoesel wat werklik gebeur het die dag.

8.31 Dit word betoog dat die hof die Staatsgetuies se relaas behoort te aanvaar t.o.v. wat op dié vergadering sou gebeur het, en behoort te bevind dat die skoliere wat 'n klomp COSAS-lede was onder leiding van Mokobo, die COSAS-bestuurslid, die vergadering totaal ontwrig het, die Polisie gedreig het met geweld en daarna dié polisieman se huis gaan afbrand het.

9. 12 September 1984 se gebeure:

9.1 Hugo het getuig dat hy op 12 September 1984 diens gedoen het by Lesedeng Hoërskool. Hy kry daar 'n plakkaat aan draad voor skool - bewysstuk ABA.53 "COSAS - 12/9/84 - stop going to school".

Vol. 118 p.5921.

9.2 Op dié datum was dit nog die enigste skool wat gefunksioneer het.

Vol. 118 p.5922.

10 Dokumentêre bewyse:

10.1 Uit bewysstuk Q.2 en AAy.55 is dit duidelik dat UDF se MSC kampanje ook te Thabong gevoer is en dat (saam met Tumahole) 3000 handtekeninge in 1984 ingesamel is in Thabong.

10.2 Dit is verder duidelik uit bewysstuk AU8, p.9 en bewysstuk G.2 dat daar in Thabong ook 'n organisasie bekend as Thabong Youth Congress bestaan het, welke organisasie met COSAS en UDF saamgewerk het.

10.3 Bewysstuk C.52 bevestig ook verder die samewerking reeds vanaf 7 Oktober 1983 tussen COSAS se plaaslike tak en UDF. Daar is samesprekings gevoer deur beskuldigdes 19 en 20 met COSAS en die vergadering is "onderrig" in die geskiedenis van

"resistance" en van UDF. Die vergadering het besluit om die massas te politiseer en te poog om 'n UDF-area-komitee te stig. Beskuldigde 19 en 20 bevestig dat die vergadering se prioriteit (hul is skoliere van COSAS) die opponering van die Swart Plaaslike Besture was (p.2). Dis ook bevestig dat beskuldigdes 20 en 21 later weer Thabong sal besoek om hul samesprekings voort te sit.

11.1 Dit word betoog dat die skoliere, onder leiding van COSAS, te Thabong daarop uit was om die woongebied en skole onbeheerbaar te maak. Dit het hul gedoen deur met 'n klomp onredelike en onsinngige grieve die leerlinge op te sweep waarna die leerlinge die skole ontwrig het, hul oorgaan het tot geweldpleging.

11.2 Dit word betoog dat ook die begrafnis van Loape, wat nie 'n COSAS-lid was nie, deur COSAS en UDF uitgebuit is vir hul eie persoonlike doeleteindes nl. om dit te gebruik om die massas op te sweep tot geweldpleging, en dat die skoliere waar COSAS 'n oorheersende rol gespeel het, die Polisie inderdaad aangeval het.